

## HOOFSTUK 4

### INTRATEKSTUELE, KULTUREEL-LINGUISTIESE, NARRATIEWE IDENTITEIT VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP

#### AKSIE WAT NAGEVORS WORD

*Prediking se pastorale betekenis vir die kerklidmaat; 'n kultureel-linguistiese, prakties-teologiese benadering.*

#### NAVORSINGSVRAAG

Wat is die pastorale betekenis van prediking vir die lidmaat, soos gesien vanuit die perspektief van die kultureel-linguistiese, prakties-teologiese model?

#### HOOFSTUK 4 SE VRAAG

Hoe lyk en funksioneer die identiteit van die gemeente, beskou vanuit die kultureel-linguistiese benadering, en wat is die implikasies daarvan vir die pastorale betekenis van prediking?

#### 4.1 Inleiding

Wanneer gepraat word oor die pastorale hulp aan die lidmaat, en die rol wat prediking daarin kan speel, kan dit nie los beskou word van die gemeente nie. Dit word beklemtoon deur die *kultureel-linguistiese* model van pastoraat, soos deur Gerkin (1997) voorgestel (hoofstuk 1), afgelei van die kultureel-linguistiese model vir teologiebeoefening, deur Lindbeck (1984) voorgestel. Die *sosiaal-konstruksionistiese* benadering beklemtoon ook die rol van die groep en kultuur waarvan die individu lid is, in die vorming van 'n narratiewe identiteit. Die konsep *intratekstueel*, soos Goh (2000) dit beskryf, beklemtoon dat die gemeente sigself moet bly verstaan en interpreteer binne eie tradisionele en Bybelse kontekste. Deur die identiteit van die gemeente as 'n narratief te beskou, word aanvaar dat die gemeente gebruik maak van die verlede en tradisie in sy selfverstaan. Uit die verlede word gebeure geïnterpreteer om 'n storie daar te stel wat identiteit aan die gemeente verleen. Die hele semiotiese en linguistiese omgewing wat deur die gemeente geskep word, bied die konteks waarin die lidmaat interpretasiehulpmiddels kry vir die interpretasie van sy/haar kroniek (d w s die historiese feite en gebeure in die persoon se verlede).

In hoofstuk 3 is die rol van tradisie en die Bybel in die identiteit van die lidmaat bespreek. Tradisie en Bybel het dieselfde rol in die narratief van die gemeente (kyk 3.5), ek sal dit daarom nie weer in detail bespreek nie.

Die liturgiese moment van die prediking vorm net 'n deel van die gemeenteaktiwiteite. Die prediking is egter 'n sterk modus om die Bybel en tradisie van die gemeente te verteenwoordig in die vorming van die narratiewe identiteit van sy lede. Diagrammaties word die intratekstuele, kultureel-linguistiese verhouding as volg voorgestel.

Die storie van die Christelike gemeenskap en sy tradisie	-----	Prediking van die Bybelse verhaal as kontranarratief	-----	Die unieke lewensverhale van individue
---	-------	--	-------	--

Vanaf die begin van die Christelike tradisie is die rol van die gemeente in die pastorale versorging van die lidmaat beklemtoon. Die pastorale versorging van die lidmaat is nog nooit los beskou van die gemeente nie. Vroeg in Handeling tref die gemeente in Jerusalem voorsorg vir die versorging van weduwees deur diakens. Christene versorg mekaar en deel met mekaar soos benodig. Daar word vir mekaar gebid, siekes verpleeg, ens. Tog het daar in die afgelope tyd 'n klemverskuiwing plaasgevind en die fokus het meer op die geordende pastor begin val. Gerkin (1997:92) stel dit as volg: "..., in the recent history of pastoral care, in large part because of the influence of individualism and psychotherapeutic psychology, the organizing conceptualization of pastoral care has focused on the individual care of the pastor for individual persons."

Daar is baie geskryf om die pastor toe te rus vir die groot pastorale taak wat hy/sy moes verrig. Teologiese opleiding was grotendeels bedoel om die nuwe pastor toe te rus as 'sielkundige' in die gemeente, terwyl die praktiese werk van die gemeente eintlik deur die nuwe pastor eers in die praktyk aangeleer moes word. Dit was egter nog in die tyd van die *moderne* paradigma. Daar het reeds in Suid-Afrika 'n verskuiwing plaasgevind, en die nuwe pastor word nou ook prakties opgelei vir gemeentewerk. Die klem verskuif vanaf diens en pastoraat aan die individu na toerusting van die gemeente as versorger. Die term pastoraat het in die Joods-Christelike tradisie 'n gemeenskaplike konnotasie gehad, naamlik die versorging van die lidmaat deur die gemeente.

In hierdie navorsing is besluit op die kultureel-linguistiese model van pastorale versorging, wat die klem plaas op die rol wat die gemeente in die pastorale versorging van die lidmaat speel. Pastorale versorging staan dus tussen twee pole, die gemeente en die Christelike tradisie aan die een kant en aan die ander kant die lidmaat met 'n unieke storie. Volgens Gerkin moet aan al twee hierdie kante ag gegee word (Gerkin 1997:115).

In die vorige hoofstukke is baie oor die rol van die gemeente as kulturele groep in die prakties-teologiese, kultureel-linguistiese model vir pastoraat geskryf. Ek gaan in hierdie hoofstuk meer fokus op die wyse waarop die Christelike gemeente in 2009 sy kultureel-linguistiese rol in die lidmaat se narratiewe identiteit kan vervul.

Ek verwys eers na 'n term wat ontwikkel is deur M E Marty (1981) in sy boek *The public Church*. Fowler (1987) bou in sy boek hierdie term vir die gemeente uit en pleit vir 'n gemeente wat weer 'n rol kan vervul in die publieke samelewing. Eers wil ek die term *ekologiese gemeente* beskryf wat hy gebruik, waarby die "publieke kerk" dan aansluit.

## 4.2 Die ekologiese gemeente

Fowler (1987:20) ontwikkel die konsep *ecological* as 'n term om die pastorale sorg van die gemeente te beskryf. Hy argumenteer ook dat die gemeente die primêre agent in die pastorale versorging van die lidmaat is. Sy argument kom in 'n groot mate met dié van Gerkin ooreen; die terminologie verskil net bietjie. Hy sien die metafoor *ekologies* veral van toepassing op twee maniere (1987:20-21).

Eerstens bedoel hy dat die gemeente 'n ekologie van *sorg* is. Hy beskryf dit as volg. "That is to say, in approaching a practical theology of pastoral care we will try to honor the richness of relationships in the interdependent community of the congregation."

Die interafhanklikheid van die gemeente kan gesien word in sy aksies, soos die liturgie, prediking, aanbidding, mans- en vrouegroepe, ens. Al die aksies en groepe in die gemeente vervul 'n pastorale rol. Dit is wel nie uitgespel op papier, of uiterlik altyd sigbaar nie, maar dit is waar die ekologie van sorg setel. Die sorg geskied in die telefoongesprekke, kleingroep-byeenkomste, vergaderings ens. van die gemeentektiwiteite. In al die formele en informele fasette van gemeentewees geskied die sorg, 'n ekologie van sorg. Fowler se doel is dan om voorstelle in die boek te maak om die sorg wat op hierdie manier in die gemeente geskied, meer doeltreffend te maak, met klem op die teorie van geloofsontwikkeling.

Ek het gekyk na Fowler se geloofsontwikkelingsteorie, en wil saamstem met Streib (1991) se gevolgtrekkings. Fowler se teorie beklemtoon die rol van ander in die geloofsontwikkelingsproses, maar maak min gebruik van die rol van narratief. Daarom skiet sy teorie tekort wanneer dit kom by sosiaal-konstruksionisme. Streib (1991:191) betrek die insigte van Ricoeur se narratiewe hermeneutiek in sy voorstel vir 'n model vir geloofsontwikkeling. Hy noem die model 'n "*con – text – ualist*"-model vir geloofsontwikkeling, waarin die interaksie met ander steeds voorop staan en die persoon self die outeur is van sy geloofsnarratief. Hier is sy model.

Faith development is the sequence of a person's reconstructive transformations in faith.

Due to developing operational competences (structures) and  
Due to the decentering interaction with the contents and con-texts of  
faith: con-text of symbols, metaphors, and narratives; con-text of others;  
The con-text of one's own life narrative.

(1991:191)

Die model fokus op die rol van die ander, op die rol van die kultuur, veral op metafore in die kultuur as teks (nie primêr die gemeente nie), en dan op die interaksie met sy eie narratief. Dié model erken nie die essensiële rol van die godsdienstige groep waaraan die persoon behoort as 'n kulturaspek nie. Dit stel die persoon self in die sentrum as die *hermeneutiese agent* van sy of haar geloof, terwyl die kultureel-linguistiese model die rol van die persoon in balans bring met die rol van kultuur, tradisie en Teks. Die 'tekste' van die kulture buite die eie kultuur word ook minder invloed verleen in die kultureel-linguistiese model, aangesien die persoon sy/haar eie geloofsnarratief *ontleen* aan die eie kultuur. Die kultureel-linguistiese en sosiaal-konstruksionistiese benaderings sal versigtig wees om 'n progressiewe ontwikkeling te koppel aan die geloofstorie van individue; dit herinner te veel aan die *moderne* paradigma, wat strukture en groei van kennis beklemtoon het.

Die tweede gebruik van die metafoor "*ecological*" is dat die gemeente 'n ekologie van *roeping* is. Roeping beteken vir hom meer as beroep of werk. Hy (Fowler 1987:21) stel dit as volg. "It has to do with the response persons make to God's call to partnership and with the way that response exerts ordering power in a person's or community's priorities and investments of self, time, and resources." Die praxis van die gemeente het daarom, vir Fowler, twee kante: sorg en transformasie.

Die tweede toepassing van die term ekologie wil ek in verband bring met die identiteit van die gemeente. Sonder 'n verbintenis aan die tradisie van die gemeente en sy kerk en aan die Bybelse narratief van God se openbaring in Israel se geskiedenis, en deur Jesus Christus, het die huidige gemeente nie 'n identiteit wat aan hom 'n ekologie van roeping kan besorg nie. Uit Fowler se argument word dit duidelik dat pastorale sorg nie losgemaak kan word van 'n besonderse identiteit nie. Die Christologiese dimensie van die identiteit van die geloofsgemeenskap verleen die interpretasiekonteks waardeur die lidmaat sy/haar eie narratiewe identiteit betekenis kan gee.

Vanuit die tweede toepassing van die gemeente as ekologiese entiteit, naamlik in sy *ekologie van roeping*, kom die term *publieke kerk*.

### 4.3 Die publieke gemeente

Sennett (1977) het in sy boek geskryf oor die publieke mens. Hy het beweer dat in die moderne era, veral die afgelope twee eeue, die deelname van die gewone mens aan die publieke area van die samelewing weggeval het. Al hoe meer het die publieke lewe net die terrein van die professionele elite geword. Die meeste lede van die samelewing, té oorweldig deur die grootheid van die organisasies, institute en regering, het besluit om grotendeels toeskouers te word. Die politieke proses wat deur die media gekommunikeer word, is eintlik in beheer van 'n klein groepie; besprekings en debatte word deur die media vir die mense as 'n vertoon voorgedou. Sennett beweer dat die publieke lewe, wat buite die bereik van die mens geraak het, die mens, en veral die moderne mens, genoop het om meer te fokus op die private areas van die lewe, die gesin en persoonlike verhoudings, waar die nuwe betekenis van ons lewens bepaal word. Sennett (1977:337-340) voel dat die moderne mens onder 'n "tirannie van intimiteit" verval het. "This gives rise to an expectation that the real satisfactions and fulfillments of our lives will come from our interpersonal relations. It encourages an attitude that work and interaction in public life are merely 'roles we play' in order to secure, earn, and enjoy life in the private sphere."

Hierdie ingesteldheid spoel oor na die godsdienstige lewe: mense vereenselwig hulle met mense wat dieselfde as hulle leef, dink en doen, en vorm verhoudingsbande met net 'n paar persone.

Marty (1981) het die konsep van die publieke kerk na aanleiding hiervan ontwikkel. 'n Publieke kerk doen iets daadwerkliks om weer die publieke arena te betree en effektief saam met ander groepe en kulture, in die samelewing, die publieke terrein te vul.

Ek maak hierdie konsep deel van hierdie navorsing en van die identiteitsgesprek van die gemeente, omdat ek glo dat die kerk in Suid Afrika, veral die Nederduits-Gereformeerde kerk, onttrek het aan die publieke arena. Na die prominente publieke rol wat die NGK in die jare voor 1994 as *siviele godsdienstige instelling* gehad het, het dit drasties verander met die politieke en sosiale veranderings wat ingetree het met die nuwe demokrasie in Suid Afrika. Die NG kerk en sy gemeentes het in 'n groot mate die publieke lewe verlaat en begin fokus op die private. Die private belange van die lidmate het die primêre fokus geword; persoonlike vrese, bekommernisse, gesinne, selfhandhawing het die *roeping* van die kerk geword. Die probleem is dat daarmee die roeping wat God vir die kerk het, naamlik die Christologiese impetus, wat 'n duidelike identiteit aan die kerk verskaf, kan vervaag.

Fowler (1987) identifiseer vier karaktertrekke van die publieke kerk. Hiërdie karaktertrekke sluit tot 'n mate aan by Goh (kyk 3.5.2) se karaktertrekke van die intratekstuele kerk. Ek wil Fowler se beskrywing van die publieke kerk se karaktertrekke noem, omdat ek glo dit bou meer uit aan die roeping van die kerk en sy gemeentes. Goh se voorstel is gemik op die identiteit van kerk en gemeente in relasie tot die nie-kerklike realiteit, terwyl Fowler se voorstel meer uitdrukking probeer gee aan die roeping van die kerk, met ander woorde die roepingsidentiteit van die gemeente is belangrik vir die wese van die groep. Goh se karaktertrekke darenteen gee meer inhoud aan die identiteit van die lidmaat in die gemeente.

#### **4.3.1 Wesenlik Christen**

Die publieke kerk is diep en spesifiek Christelik. Dit kan nie maar net 'n algemene karakter en identiteit besit om publiek te kan wees nie. Dit bestaan uit gemeentes en is 'n kerk wat gesentreer is rondom God se openbaring in en deur Jesus Christus. Die publieke kerk is duidelik te onderskei van 'n siviele godsdienste. Dit is 'n besondere en spesifieke kultuur van geloof wat in 'n normatiewe tradisie staan. Dit verleen 'n besondere roeping aan die kerk, naamlik om Christus bekend te stel in die niekerklike omgewing.

#### **4.3.2 Verbonde aan Christus**

Die publieke kerk is aan Jesus verbonde en toegewyd, onder die soewereiniteit van God. Dit is 'n kerk wat bereid is om sy roeping (sy *missio*) te vervul in 'n pluralistiese omgewing. Fowler (1987:24) beskryf sy standpunt verder: die publieke kerk glo nie dat mense geëwangeliseer, of veroordeel moet word nie. As mense nie deel word van die spesifieke Christelike kerk nie, is die publieke kerk bereid om saam met sulke kulture en mense te werk en te woon in die wêreld. Mense wat vanweë hulle besondere kulturele agtergrond nie deel word van die kerk, selfs op uitnodiging nie, word gerespekteer vir hulle keuse. 'n Publieke gemeente deel sy eie storie en die besondere Christelike boodskap van Jesus Christus, maar is bereid om skouer aan skouer te werk met nie-Christene tot die voordeel van die groter geheel.

#### **4.3.3 Balanseer persoonlike en onpersoonlike**

Die publieke kerk moedig persoonlike intimiteit en familielewe aan, maar in balans met die meer onpersoonlike en strukturele areas van die publieke arena. Lidmate word ondersteun en opgebou om, in deelgenootskap met God, in die ekonomiese, tegniese, politieke, kommersiële en godsdienstige strukture van die samelewing betrokke te wees. Die publieke kerk versterk en seën lidmate om op 'n Christelike manier, in die nie-Christelike kontekste te leef. Die publieke kerk doen moeite om lidmate vry te maak van institusionele onderhoud en bedienings in die kerk, sodat hulle kan fokus op hulle Christelike roeping in die samelewing.

#### 4.3.4 Onbevrees betrokke in pluralisme

Die publieke kerk is nie bang vir die denksisteme en ideologieë van 'n pluralistiese samelewing nie. Dié kerk is oortuig van sy verbondenheid aan die soewereine God, en dat Hy in beheer is van die geskiedenis van die wêreld, Hy is ook groter as ons eie denksisteme en beskrywings van Homself. Die publieke kerk tree daarom in gesprek met ander denksisteme en ideologieë, sonder vrees om iets te verloor, maar eerder om te groei in sy verhouding met God. Die omgang met andere is in openheid, met die vertroue dat God dit kan gebruik om soms sy eie denke en narratief te verbreed. Dit maak die publieke kerk ondefensief, dit hoef nie te oorheers of te beheer nie. Fowler beskryf dit soos volg (1987:25): "It witnesses to the transcendent God whose self-disclosure is the center of our history – the hinge of history – and who keeps coming to us from the future, expanding and correcting our grasp of the event of Christ and giving us eyes to see and the nerve to respond to the in-breaking kingdom of God."

#### 4.4 Gevolgtrekkings vir die pastorale kultureel-linguistiese prediking

Ek glo hierdie insigte van Fowler gee pastorale impetus aan die prediking van die kerk in die postmoderne tyd. Saam met die intratekstuele konsep en beskrywing van Goh (2000), die kultureel-linguistiese model van Lindbeck (1984), en toegepas op die pastoraat deur Gerkin (1997), gee die beskrywing van die kerk as 'n "ekologie" van sorg en roeping en as publieke kerk 'n raamwerk vir die prediking om die lidmaat pastoraal te versorg en toe te rus.

1. Die versoeking kan wees om die insigte van die gemeente as ekologie van sorg en roeping, en as publieke kerk, bloot teoreties in die prediking oor te dra. Dit is egter nie die bedoeling nie. Die Bybelse en tradisionele verstaan van die gemeente as ekologie van sorg en roeping, en as publieke kerk, moet intratekstueel in die prediking deurgegee word.

2. Die narratief van God, soos in die Teks en tradisie verwoord, moet verkondig word in die prediking; dan is dit pastorale prediking.

#### 4.5 Die narratiewe identiteit van die gemeente

Die sosiaal-konstruksionisme het nie net nuwe en kreatiewe moontlikhede vir die pastoraat en navorsing oor die individu gebring nie, maar ook vir die navorsing oor groepe. Die sosiaal-konstruksionistiese benadering maak dit duidelik dat die individu nie los van sy groep of kultuur gemaak kan word nie. Daar is reeds verwys na die rol van tradisie en Teks, wat aan die kerk en aan die gemeente 'n narratiewe identiteit verleen. Hier wil ek graag meer uitbrei oor die narratiewe identiteit van die gemeente en die gevolge wat dit kan inhou vir pastorale prediking aan die lidmaat.

Gemeentes, soos lidmate, besit identiteite, en die term "gemeente-identiteit" het dieselfde verskeie betekenisse as wat "persoonlike identiteit" het. Die identiteit van 'n gemeente kan verwys na die samehang met ander gemeentes in die verlede. Dit kan ook verwys na 'n spesifieke karaktertrek in die gemeente. In hierdie hoofstuk word gekyk na die wese van die gemeente en die uitdrukking daarvan in 'n narratief.

#### 4.5.1 Die struktuur van gemeente-identiteit

'n Gemeente is 'n groep mense – 'n gemeenskap – wat 'n gesamentlike verlede deel, wat spesifieke gebeure in die verlede as belangrik beskou om daarmee die hede te interpreteer, wat die toekoms met 'n gesamentlike hoop tegemoet gaan, en wat hulle identiteit beskryf met 'n gesamentlike narratief en tradisie. Stroup (1981:133) beskryf dit as volg: "What distinguishes a community from a crowd or a mob is a common memory which expresses itself in living traditions and institutions."

Die gemeente is uniek deurdat daar 'n gedeelde geheue is wat deur die loop van die geskiedenis uiting gegee het aan tradisies en instellings. Om deel te wees van die gemeente moet die gemeente narratief aanvaar word as die persoon se eie, dieselfde stories vertel word as deur die ander lede van die gemeente, en persoonlike identiteit moet toegelaat word om deur die gemeente gevorm te word. "If a person has only a casual acquaintance with a community's stories and life, it is questionable to what degree that person is a participant in the community." (Stroup 1981:133.) Stroup (1981:134) haal ook John Smith aan wat hieroor sê: "When we engage ourselves or seek to be incorporated into a community, we at the same time accept certain extensions of ourselves: we identify ourselves with the common past and the common future of that community and accept both as part of our individual history."

Gerkin (1997) sluit hierby aan in sy beskrywing van die dimensies van die gemeente as gemeenskap van sorg, soos gesien in die kultureel-linguistiese model vir pastoraat. As die leraar lidmate pastoraal wil versorg, is dit belangrik dat hierdie dimensies van die gemeente verstaan moet word (1997:121-128). Die gemeente het veral vyf dimensies, volgens hom. Dit is:

1. 'n gemeenskap van taal;
2. 'n gemeenskap van herinneringe (geheue);
3. 'n gemeenskap van ondersoek;
4. 'n gemeenskap van gemeenskaplike sorg ('n ekologiese gemeente soos in 4.2 bespreek);
5. 'n gemeenskap van sending (publieke gemeente, soos in 4.3 bespreek).



Dié beskrywings van Gerkin sluit duidelik aan by die huidige bespreking van die narratiewe identiteit van 'n gemeente, soos ons nou sal sien.

a) Die gemeente is 'n *gemeenskap van taal*. Dit beteken dat die gemeente die lidmate deel maak van 'n sekere manier (linguisties) van dink en praat oor menslike aktiwiteite en probleme. Kommunikasie skep dan 'n identifiseerbare Christengroep, wat 'n spesifieke taal het waarmee werklikhede vertolk en verstaan word. Die taal van die gemeentedele ontwikkel saam met die storie van die gemeentetradisie, en met hul omgang met die werklikheid. Die Bybel is die sentrale bron van die taal waardeur kommunikasie in die gemeente plaasvind. Mense word geïdentifiseer met die gemeente wanneer hulle die taal van Christene praat. Betekenisse wat gedra word in taal word deel van die verhaal, denke en selfbewussyn van lidmate (linguisties). Elke gemeente ontwikkel 'n unieke manier van Bybelse taal, met die gebruik van Bybelse verhale, konsepte en norme. Wanneer lidmate met mekaar in die *taal* van die gemeente praat, gebruik hulle die plaaslike Christelike taal waarmee hulle identifiseer.

Soos die tyd verloop, word die *taal* aangepas by omstandighede, maar dit bly basies Bybelse taal en help die gemeente met interpretasie. Dit is belangrik vir die prediking dat die prediker die *taal* van die gemeente verstaan, en dat hy deur die preek die gemeente help om die *taal* te verstaan en te verbreed, na gelang van omstandighede. Die Narratiewe identiteit van 'n gemeente is verbind aan 'n *gemeentetaal* (linguisties) wat die Bybel as bron gebruik. Hiërdie taal dra historiese betekenis en bind die gebruikers daarvan aan diespesifieke gemeente se narratiewe identiteit.

b) Die gemeente vorm 'n *gemeenskap van herinneringe*, wat die taal van die gemeente praat. Die lidmate moet onthou dat hulle 'n kultuur is wat gevorm is deur die verhaal van die Bybel. Hulle moet meer onthou as net hoe die taal van die gemeente gepraat word. Hulle moet die stories onthou van die Christene deur die geskiedenis, en hoe hulle omgegaan het met die verhaal van die Bybel (intratekstueel). Daarmee saam moet hulle die stories oorvertel, die rituele onthou en die gebruike en dade wat hulle verbind aan dié unieke Christelike gemeente. Dit is nodig dat die Christen 'n kontinuïteit ervaar met die Christene uit die verlede.

Die prediker en die preek is eintlik 'n herinnering vir die lidmate; dit verbind hulle aan die vorige Christene, deur die taal en beelde van die Bybel vandag te verbind aan dié van gister. Deur herinner te word aan die Christosentriese narratiewe identiteit van die gemeente, herken die lidmaat dit in sy/haar eie lewe en kan deur interpretasie 'n nuwe selfbewussyn skep, in kreatiewe spanning met die huidige gebeure in sy/haar eie lewe.

c) Die gemeente is 'n *gemeenskap van ondersoek*: dit is belangrik dat die lidmate ondersoekend moet wees. Hulle moet voortdurend ondersoek instel na die ware betekenis van hulle aksies en die aksies van ander teenoor hulle. Hulle moet ook ondersoek instel na die beantwoording van probleme in die verlede en hoe Christene in die verlede antwoorde op lewenskewessies gekry het, tot by die antwoorde wat gelowiges in die Bybel gekry het.

Die narratiewe identiteit van die gemeente is dan 'n verwysingsraamwerk vir die ondersoek wat die gemeenskap van gelowiges voortdurend moet doen om getrou te bly aan die Bybelse narratief.

Die prediking vervul 'n ondersoekend/kommunikatief/pastorale rol in die gemeente: vrae moet gevra word deur die prediking aan die lidmate, moet hulle terugbring na die antwoorde van die verlede, moet hulle daag tot nuwe antwoorde in die lig van die Bybelse narratief.

d) Die gemeente is 'n *gemeenskap van gemeenskaplike sorg* (ekologiese). Daar moet 'n atmosfeer geskep en onderhou word, in die gemeente waar lidmate versorg word en kan sorg bied aan ander lidmate. Só 'n gemeenskap werk die eensaamheid teë wat deur die huidige postmoderne en moderne konteks in Suid-Afrika ervaar word. Gerkin (1997:126) haal die *Dictionary of Pastoral Care and Counseling* se beskrywing van die pastorale sorg in die gemeente aan: "The ministry of oversight and nurture offered by a religious community to its members, including acts of discipline, support, comfort, and celebration."

Dié definisie, en die realiteit van die daaglikse lewe, beklemtoon die feit dat die mens nie op sy eie kan bestaan nie; hy/sy het ander nodig. Die Bybelse narratief beklemtoon gemeenskaplike sorg. Dit word gesien in die verhaal van Israel, waar medeverantwoordelikheid soms gedra moet word vir ander se dade, en dit word in die Nuwe Testament meer duidelik bewys deur Jesus se klem op die liefde vir mekaar. As hulle Sy liefde aan mekaar bewys, sal die wêreld weet dat gelowiges aan Hom behoort.

Die narratiewe identiteit van die gemeente dra die verhaal van die gemeenskaplike sorg van die lidmate in die verlede. Die pastorale, kultureel-linguistiese prediking se rol is daarom om die sorg vir die ander in die gemeente te beklemtoon. Sodoende word die lidmaat bewaar teen 'n losmaak van die ware identiteit van die Christelike gemeente.

e) Die gemeente is 'n *gemeenskap van sending* (publieke). Die gemeente is deur die Here geroep om uit homself te gaan na die gemeenskap rondom hom. Gerkin (1997) haal Niebuhr aan wat geskryf het dat die Kerk sy karakter verloor wanneer dit op sigself fokus, sigself aanbid en probeer om liefde vir sigself die primêre doel te maak.

Niebuhr goes on to point out that to be faithful to the God of the church and to Christ, who is its head, the ultimate objective of the Christian community is to increase among *all* people the love for God and neighbor. Thus, important as is the mutual care of one another, that care is not enough to fulfill the Christian community's loyalty to its tradition.

(1997:127)

Die tradisie en die Skrif, wat gegrond is op die ontstaansgebeure van die Christelike geloof, getuig van die Ou-Testamentiese God wat Abraham roep sodat die volke deur hom geseën sou word, en van die Christus van die Nuwe Testament, wat die opdrag gee dat die goeie nuus van sy koms aan alle volke verkondig moet word (Mattheus 28).

Fowler (1987) noem dit die publieke roeping van die kerk, Bosch (1991) noem dit die *missio Dei* van die kerk.

Pastorale, kultureel-linguistiese prediking, wat die gemeente herinner en oproep tot die sending van die gemeente na buite, is getrou aan die tradisie en grondverhaal (*grounding narrative*, nl die Bybel) van die kerk van Jesus Christus. Prediking wat dit doen versterk die Christelike narratiewe identiteit van die gemeente en help die lidmaat tot 'n Bybelse narratiewe identiteit.

Hiërdie vyf eienskappe wat Gerkin beklemtoon as die karaktereienskappe van die gemeente en waarmee die pastor rekening moet hou as hy/sy 'n vertolkende gids (*interpretive guide*) vir die gemeente wil wees, beklemtoon die uniekheid van elke gemeente se narratiewe identiteit. As 'n persoon wil deel word van die gemeente moet die tradisie, geheue, stories, roeping, gemeenskaplike sorg, taal en die spesifieke narratiewe ondersoekendheid van die gemeente gedeel word. 'n Gewone boekinskrywing in die register van die gemeente maak 'n persoon nog nie deel van die gemeente nie. Alleen 'n *identifisering met en deel word van die narratiewe identiteit* van die gemeente laat die persoon waarlik deel word van die gemeente. Die individu se eie narratiewe identiteit moet waarlik herskryf en herinterpreteer word tot deel van die gemeente-identiteit. Dit is wat Stroup noem 'n bekering. 'n Bekering van persoonlike narratief word deur 'n krisis veroorsaak, of wanneer persoonlike 'n narratief gekonfronteer word met 'n ander narratiewe identiteit wat die eie narratief bevraagteken. Voorheen is genoem dat Stroup (1981:133) dit betwyfel of 'n persoon waarlik deel kan wees van 'n gemeente as hy/sy net oppervlakkig deel in die stories en tradisie van die gemeente. Ek stem hiermee saam; die persoon se naam word dalk in die register van die gemeente geskryf, maar die persoon is nie waarlik deel van die gemeente nie, nie op 'n ware sosiaal-konstruksionistiese manier nie.



In die geval van die gemeente kan ook gepraat word van kroniek en interpretasie soos by die geval van die persoonlike narratiewe identiteit. Die kroniek is die gebeure wat deel vorm van die gemeente se gesamentlike verlede, soos die stigtingsgeskiedenis van die gemeente, 'n groot krisis of gebeurtenis in die verlede, ens. Dit is nie genoeg om net 'n gesamentlike verlede te deel nie, maar 'n gemeente word gevorm deur 'n gesamentlike geheue wat onthou en geïnterpreteer word; hieroor stem Stroup en Gerkin ooreen. Die gemeente bestaan nie net uit 'n klomp mense wat almal wys na 'n bepaalde gebeure in die verlede nie. Van meer belang, in die kultureel-linguistiese teologiese benadering, is die kategorieë en simbole wat gebruik word om die verlede te interpreteer. Die Egiptenare en die Israeliete deel die uittog deur die Rooi See, hulle is nie daardeur deel van dieselfde gemeenskap nie, want hul interpreteer dit verskillend. In hierdie aspek is die term *taal/grammar* wat Gerkin (1997: 108) voorstel, van groot waarde; die grammar wat elke gemeenskap in sy interpretasie gebruik, verskil en verleen daarom aan elke groep 'n unieke intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe identiteit.

#### 4.5.1.1. Gevolgtrekkings vir pastorale, kultureel-linguistiese prediking

1. Pastorale prediking sluit aan by die *taal* wat die gemeente se narratief uitbeeld en dra; dan sal die lidmaat dit verstaan en deel maak van sy/haar narratief.
2. Pastorale prediking roep *herinneringe* op vir die lidmaat; dit verbind hulle aan die vorige Christene deur die taal en beelde van die Bybel vandag te verbind aan dié van gister. Deur herinner te word aan die Christosentriese narratiewe identiteit van die gemeente, herken die lidmaat dit in sy/haar eie lewe en kan deur interpretasie 'n nuwe selfbewussyn skep, in kreatiewe spanning met die huidige gebeure in sy/haar lewe.
3. Die prediking vervul 'n *ondersoekende/kommunikatiewe/pastorale* rol in die gemeente; vrae moet gevra word deur die prediking aan die lidmate, moet hulle terugbring na die antwoorde van die verlede, moet hulle daag tot nuwe antwoorde in die lig van die Bybelse narratief; so vervul dit 'n pastorale rol binne die kultureel-linguistiese model.
4. Die pastorale prediking se rol is om die sorg vir die ander in die gemeente te beklemtoon, sodoende word die lidmaat bewaar teen sy/haar losmaak van die ware identiteit van die Christelike gemeente (ekologie van sorg en gemeenskap van sorg).
5. Pastorale prediking verbind die lidmaat tot die narratief van God wat uitreik. Prediking wat die gemeente herinner en oproep tot die sending van die gemeente na buite, is getrou aan die tradisie en die *grounding narrative* (Bybel) van die kerk van Jesus Christus. Prediking wat dít doen versterk die Christelike narratiewe identiteit van die gemeente en help die lidmaat tot 'n Bybelse narratiewe identiteit.

Vir die doel van hierdie navorsing, wat gedoen word in die konteks van die Christelike gemeente, is dit nodig om meer ondersoek in te stel na die rol van die Bybelse narratief in die identiteit van die Christelike gemeente.

#### 4.5.2 Bybelse narratief en die gemeente

Die rol wat die Bybel speel in die persoonlike narratief van die lidmaat is al bepreek (hoofstuk 3). Hier word meer spesifiek gekyk na die rol daarvan in die gemeente-identiteit. Al twee van hierdie gebruike van die Bybel is van toepassing op die prediking, aangesien die individu as persoon en as lid van 'n gemeenskap na die preek luister. Lidmate luister persoonlik en as deel van die kultureel-linguistiese groep na die preek.

Stroup (1981:136) beklemtoon dat die kern van die Bybelse teks narratief is; dit vorm die verwysingsraamwerk vir die hele teks van die Bybel. Die narratiewe mag dalk in vorm verskil, maar hulle dien as verduideliking vir die geloof van Israel en die Kerk van die Nuwe Testament. Baie van die nie-narratiewe materiaal in die Skrif sluit aan by die narratiewe, want dit gaan oor die interpretasie van die narratiewe gedeeltes. Hiervan is Deuteronomium 'n voorbeeld, wanneer dit die verband wil bring tussen die narratiewe en die gemeenskaplike lewe van Israel.

Sommige narratiewe in die Teks maak aanspraak op historiese gebeurtenisse terwyl ander dit nie doen nie. Die narratiewe wat aanspraak maak op historiese gebeurtenisse, se betekenis in die geloofsgemeenskap hang dan af van die historisiteit van sulke gebeurtenisse. Al kan die historisiteit van sekere narratiewe bevraagteken word, kan dit nog steeds as *realistiese narratiewe* (kyk 3.4.2) aan die geloofsgemeenskap voorgehou word. Ander narratiewe, soos van die aartsvaders, is gegrond op ander waarheidsaansprake. Die tipologiese gebruik van baie narratiewe is alreeds genoem (kyk 3.4.2). Hiérvoor moet die *intratekstuele* lees van die Teks onthou word (3.5.2). Dieselfde geld vir die Nuwe Testament. As die verhaal oor Jesus se kruisiging later sou blyk nie histories korrek te wees nie, maar dat Hy aan ouderdom dood is, sal dit die kern van die Christelike geloof raak, soos byvoorbeeld Handeling 10:34-43 wat dan nie meer waar sal wees nie (die *locutionary* [veronderstelde realiteits-] aspek van spraakeenheid). Dit mag dalk wees dat sommige Bybelse narratiewe simbolies verwys na die edele en betekenisvolle optrede wat van mense verwag word, maar dit is nie die soort waarheidsaanspraak wat die Teks in sy finale vorm maak nie. Goh (2000:184) maak hierdie vertrekpunt met die lees van die Bybelse teks ook duidelik, dat die Bybelse narratiewe, histories of nie, as realistiese narratiewe gelees moet word, ten einde die teks intratekstueel te lees (getrou aan sy eie aard). Dit is voor die hand liggend dat die narratiewe volgens genre gelees moet word; dié wat aanspraak maak op historisiteit, moet so gelees word en dié wat 'n ander funksie dien, moet so gelees word. Daar is baie onopgeloste, belangrike kwessies oor die narratiewe van die Bybelse teks, wat ek nie verder hier wil bespreek nie; vir die doel van hierdie navorsing dink ek nie dit is nodig nie.

Stroup (1981:139) bespreek pogings wat Karl Barth en Eric Auerbach aangewend het om die historiese kritiese vrae oor die narratiewe tekste te probeer beantwoord. Na aanleiding van hulle pogings het Hans Frei 'n voorstel gemaak

dat die Bybelse narratiewe *realisties* gelees moet word. Volgens sy voorstel word Bybelse narratiewe dan nie as histories gelees nie, maar as *history-like*. Sy voorstel maak blykbaar die realistiese lees van die Bybelse narratiewe 'n groter moontlikheid. **Realistiese narratiewe skep 'n werklikheid wat nie losgemaak kan word van die narratief self nie.** Soos Stroup (1981:139) dit verduidelik. "The subject of the narrative cannot be divorced from the narrative because it is the narrative that renders the subject, and precisely because biblical narrative is realistic, there are appropriate and inappropriate ways of reading it."

As die Teks se literêre betekenis verwyder word van die historiese betekenis, dan word dit nie meer as realistiese Teks gelees nie. Volgens Frei kan die Bybelse narratiewe se literêre betekenis nie geskei word van die historiese gebeure nie, anders dra dit nie meer die oorspronklike betekenis nie. "The assumption that meaning and truth do not necessarily cohere, that the world of the text is not the 'real' world of historical event, that the truth of a narrative is a matter of the correspondence between its claim and its historical referent make it virtually impossible to read a text 'realistically'."

In die lig van die huidige navorsing na die pastorale betekenis van die prediking, binne 'n intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe verstaan van die identiteit van die lidmaat, moet gevra word na die lees en interpretasie van die Bybelse teks wat 'n *identiteit* kan verleen aan die prediking daarvan in die gemeente. Daarvoor is die realistiese lees van die Bybelse narratiewe belangrik, dit is die realistiese lees daarvan wat in die tradisie van die Christelike geloof vasgelê is, en die narratiewe, kultureel-linguistiese identiteit verleen het aan die Christelike Tradisie.

Stroup (1981:145) vra tereg waarom narratiewe so 'n groot deel uitmaak van die Bybelse tekste. Hy dink daar is twee redes hiervoor, een is filosofies en sosiologies, en die ander is teologies. Die aard van 'n gemeenskap, net soos die van 'n individu, se identiteit word bepaal deur die interpretasie van gebeure in die verlede, en narratiewe lyk na die beste genre vir die weergee en interpretasie van die verlede. Narratiewe kan die gedeelde geheue en gemeenskaplike geskiedenis saambind en sinvol verwoord. Tweedens is die geloof van Christene radikaal werklikheidsgebonde en histories. Verlossing en redding word nie verstaan as idees of simbole nie, maar as realiteite wat gewortel is in historiese gebeure, en wat besig is om te ontvou in die hede en toekoms.

#### 4.5.2.1 Gevolgtrekking vir pastorale prediking

Prediking wat pastoraal binne die kultureel-linguistiese model sal funksioneer, sal die Bybelse verhale as realistiese, *history-like* verhale moet oordra; die tradisie van die geloofsgemeenskap het dit so interpreteer, dus is dit deel van die oorsprongsidentiteit van die geloofsgemeenskap.

#### 4.5.3 Die Bybel en interpretasie

Daar is 'n paar groot narratiewe in die Bybel wat beskou kan word as van die essensiële narratiewe, wat nodig is vir die narratiewe identiteit van die Christelike gemeente. Soos byvoorbeeld die roeping van Abraham en die verhaal van Israel, asook die evangelies. Tog verleen hierdie verhale nie die volle raamwerk vir die narratiewe identiteit van die gemeente nie. Stroup stel dit as volg.

Indeed Scripture's symbols and stories are the means by which the community constructs and interprets its own identity narrative, but that narrative includes more than just Scripture. It is made up of various layers and perhaps is best described by the category of 'tradition', for the Christian community's identity narrative is a form of tradition.

(1981:164)

Alle Christelike gemeenskappe se narratiewe identiteite sluit wel die Teks in. Die Teks is waardevol en onmisbaar in hierdie rol van narratiewe identiteit, dit verleen kontinuïteit met Christen-geloofsgemeenskappe van die verlede en tussen Christen-geloofsgemeenskappe in die hede. Hulle maak almal aanspraak op een Bybelse teks as die basis van hulle narratiewe identiteit. Hulle kan wel die tekste in die Bybel verskillend interpreteer en verskillende dele van die Bybel beklemtoon ten opsigte van hulle eie narratiewe identiteit. Tog is dit moontlik om 'n vierde-eeugemeente in Aleksandrië, en 'n sestiendeeugemeente in Genève, en een in die negentiende eeu in Nairobi te vergelyk, en ten spyte van baie verskille, kan hulle beskou word as behorende tot dieselfde tradisie. Hulle verskil dalk oor die figuur van Adam in Genesis of die betekenis van die kruis, maar hulle gebruik almal hierdie simbole om betekenis te vind in hulle onderskeie kontekste. Hierdie gedeelde simbole en narratiewe voorsien 'n basis vir kommunikasie tussen hulle. Die Teks bevat die eerste narratiewe kommunikasie oor die openbaringsdade van God wat die oorsprong van die Christelike geloof tot staan gebring het. Daarom is die Teks onmisbaar as retoriese (*illocutionary/perlocutionary*) kommunikasie in die vorm van 'n geloofsnarratief wat die *waarheid* van die veronderstelde gebeure (*locutionary*) bevat van die oorsprong van die Christelike kultuur as groep.



’n Ander deel van die geloofsgemeenskappe se narratiewe identiteite sluit die *geskiedenis van interpretasie* in wat oorgedra is aan die huidige gemeenskap. Die Christen en die Christelike gemeenskap lees nie die Bybel as ’n *suiwer Teks* nie. Die Teks is *ingekleur* deur die tyd, plek en omstandighede waarin die leser hom/haar bevind. Die Teks kan nie gelees word in die een-en-twintigste eeu asof dit ’n Teks is wat maar onlangs geskryf is nie. Die lees van die Teks word gevorm deur die lees van die Teks in die verlede. Die *tradisie van lees en interpreteer* speel in die huidige lees deur die gemeenskap ’n groot rol. Stroup (1981:165) stem saam met Gerhard Ebeling dat kerkgeskiedenis eintlik die geskiedenis is van interpretasie van die Bybel. Die geskiedenis van die gemeente, die feite verweef met die interpretasie daarvan in die narratief van die gemeente, is eintlik die interpretasie van die Teks in die omstandighede. Dit verleen aan die Bybel ’n belangrike rol in die narratiewe geskiedenis van die gemeente. Die tradisie van interpretasie, soos oorgedra in die gemeente, maak dat die teks deur die bril van die tradisie van interpretasie gelees word. Daar kan gepraat word van ’n *narratiewe tradisionele lees* van die Teks in die huidige situasie van die gemeente. Die intratekstuele narratiewe identiteit van die gemeente vereis daarom dat die rol wat die narratiewe van die Bybel speel, erken moet word, net soos die rol wat die geskiedenis van interpretasie speel in die huidige lees van die Teks, moet verstaan word. Dán kom die *intratekstualiteit* van die gemeente se identiteit tot sy reg.

’n Derde belangrike vorm wat die narratiewe identiteit van die gemeente vertoon, is die finale en sigbare vorm. Die simbole en verhale van die teks word wel gebruik in die interpretasie van die gemeente, maar die gemeente beskou dit nie as finale vorm nie. Deur die tradisie van interpretasie, en deur die gebruik van die narratiewe van die Bybel, poog die gemeente om die huidige situasie te interpreteer en te verstaan. Daar word ’n doelgerigtheid gevoeg by die narratiewe identiteit van die gemeente, naamlik die huidige konteks. Stroup (1981:166) beklemtoon dat die narratiewe identiteit van die gemeente nie verstaan kan word as dit nie in die lig van die huidige kulturele situasie beskou word nie. Die huidige kulturele omgewing speel daarom ook ’n rol in die interpretasie van die gemeente en in die narratiewe identiteit van die gemeente. Hier vervul die term intratekstueel (volgens unieke kulturele identiteit) weer ’n verklarende rol. Om die gemeente se narratiewe identiteit te verstaan, moet die rol van die Bybel, die rol van die interpretasie geskiedenis en die rol van die huidige kulturele omgewing verstaan word.

Dit verklaar die unieke karakter van elke Christelike gemeenskap se intratekstuele, kultureel-linguïstiese, narratiewe identiteit, want die spesifieke beklemtonings en Bybelse fokusse wat die unieke situasie vereis, word getoon in die interpretasie. Stroup (1981:166) stel dit as volg: “Although each community may appeal to a common Scripture and may use the same symbols and narratives, the situation the community must address and the world in which it lives will decisively shape its use of those symbols and narratives.”

Vir die prediking in 'n gemeente moet hierdie situasiegebonde kultureel-linguistiese, intratekstuele, narratiewe identiteit van die gemeente in ag geneem word, anders sal die gemeente nie met die prediking kan identifiseer nie. Die prediking moet intratekstueel by die gemeente se narratief aansluit, dit moet die Teks, die interpretasiegeskiedenis en die huidige kulturele omgewing verstaan, ten einde raakpunte in die narratief van die gemeente te vind.

Die definisie van die narratiewe identiteit van die gemeente kan as volg gegee word: *Dit is die storie wat die gemeente huidiglik vertel om sy geloof en optrede in die wêreld te verklaar.* Dié narratief sal nooit dieselfde wees nie, die situasie, en elke nuwe gebeurtenis, vereis 'n subtiele skuif in die narratiewe identiteit. Die dinamika wat hierdie voortdurende verandering in narratiewe identiteit vereis, is die behoefte aan interpretasie. Die blote feit dat 'n vorige geslag tevrede was met 'n spesifieke narratiewe identiteit, beteken nie dat 'n nuwer geslag die interpretasie van daardie geslag bevredigend sal vind vir 'n ander situasie nie. Die twee geslagte of gemeenskappe mag dalk 'n gesamentlike vertrekpunt deel, naamlik dieselfde manier van kyk na die werklikheid, gevorm deur die Eksodus, die Israel-gebeure en die Evangelies. Dit beteken egter nie dat hulle sal ooreenstem oor die rol van die vrou in die gemeenskap of die ingesteldheid teenoor homoseksualiteit nie.

Die *behoefte aan interpretasie* is die dryfkrag agter die spesifieke kultureel-linguistiese, intratekstuele, narratiewe identiteit van elke geloofsgemeenskap. Interpretasie kom voort uit die dialoog tussen tradisie, Teks en situasie waarin die gemeenskap sigself bevind. Sonder die tradisie sou interpretasie eintlik onmoontlik gewees het, want wat kon dan interpreteer word. Sonder die tradisie sou die gemeenskap se lede daarop aangewese wees om hulself te verlaat op utilisme, dit wat prakties aanvaarbaar sou wees in die situasie. As daar nie 'n waardering is in die gemeenskap vir die vrae en aansprake van elke nuwe situasie nie, sal die gemeenskap maar net voortborduur op die reeds gevestigde narratiewe, en in isolasie en afsondering begin bestaan. *Herhaling van die reeds bekende is nie dieselfde as interpretasie nie.* Stroup (1981:167) stel dit as volg. "To live in the Christian community and to participate in its common life is to share a commitment that its traditions and its narratives are more appropriate than those of other communities and other traditions for making decisions and interpreting the world."

Die essensie van die karakter van *roeping, publieke gemeente*, word deur die behoefte van interpretasie in elke situasie beklemtoon. Sonder roeping sal die behoefte vir interpretasie verdwyn en kan die gemeente sy intratekstuele narratiewe identiteit verloor. Die rede waarom ek kies om "intratekstueel" by te voeg by die term narratiewe identiteit van die gemeente, is juis om te skerm vir die narratiewe identiteit waarin die kulturele omgewing gelyke gewig dra as die Bybelse fokusse en interpretasiegeskiedenis van die gemeenskap. Intratekstualiteit verskil natuurlik van intertekstualiteit, want dit verwys na die geloofsgemeenskap se identiteit wat op 'n kultureel-linguistiese wyse gevind en behou word, deurdat sy *eie* Teks en tradisie as interpreteerder van die konteks dien.

Die narratiewe identiteit wat uit die interaksie ontstaan tussen tradisie en die konteks, mag verskillende vorms aanneem. Dít is duidelik as na die kerkgeskiedenis gekyk word. In die midde van verskillende interpretasies wat deur Christelike groepe gemaak is deur die geskiedenis, is daar tog sommige fasette waar die narratiewe identiteite ooreenstem. Dit word teweeggebring deur hermeneutiese beginsels wat in die Bybel self vasgelê is. Die plig om te interpreteer, byvoorbeeld, word deur die Skrif opgelê. In Deuteronomium word die volk telkens aangemoedig om die verhale van God se ingrype en verlossing te onthou, verhale wat die basis vorm van Israel se geloof. Die lewe self hang af daarvan of Israel sal *onthou en nie vergeet* nie. As die volk sou ophou om te onthou, sou hulle doelloos en verward word en die ander gode van die volke rondom hulle begin volg. Om te onthou wat God in die verlede gedoen het, is nie bloot 'n sinlose herhaling van wat gebeur het nie, nie net 'n herhaling van 'n belydenis nie. Om te onthou is om te aktualiseer; hierdie aktualisering is 'n vorm van interpretasie. Om die verlede te aktualiseer is om die verlossingskrag en betekenis daarvan te laat geld in die huidige situasie. Alleen wanneer die volk die verlede onthou, aktualiseer en interpreteer, kan die voorskrifte, bepalings en wette, wat struktuur en orde verskaf aan die volk se narratiewe identiteit, sinvol verstaan word. Die aktiewe handeling om die verhale en vertellings uit die verlede te onthou en te interpreteer, is die enigste manier hoe die volgende geslagte sal kan verstaan hoekom die narratiewe identiteit wat begin met Abraham as Arameër, betekenis verskaf aan die volk.

Wanneer die verlede geaktualiseer word in die hede, vind daar 'n botsing plaas in die omgang met die Skrif. Die individu word deur die volk se narratief in Deuteronomium gekonfronteer om sy persoonlike narratiewe identiteit te interpreteer. Dieselfde beginsel geld in die Nuwe Testament. Die Evangelies reflekteer die verhale van Christelike gemeenskappe, wat geskryf is deur individue wat getransformeer is deur die genade van God, wat hulle beleef het in die midde van die *Ekklesia*.

In die Christelike geloof word die individu se persoonlike identiteit nie net gevorm deur die deelwees van die narratiewe geskiedenis van die gemeenskap nie. In die Christelike geloof is die individu en die gemeenskap se narratiewe identiteit *afhanklik* van die narratiewe geskiedenis van Jesus Christus. Die verhaal van Christus bly die basinnarratief vir die individu en die gemeenskap; daarin ontdek hulle hul eie narratiewe identiteite se ware betekenis. Dit is Jesus Christus, wat deur sy unieke persoonlike narratief die ware betekenis weergee van alle gemeenskappe wat getuig van Hom. Hy is die Here en Meester van die *Ekklesia*, soos Hy openbaar word in die Evangelie se narratiewe. Hy is nie net die bediener van die Genade van God nie, maar ook die kritiese beginsel waardeur die gemeenskap en die individu hul geloof verstaan, en die rol wat hulle geroep is om te vervul. Die identiteit van Jesus van Nasaret, soos geopenbaar in die Bybelse narratief, staan teenoor die identiteit van elke gemeenskap en individu wat identifiseer met Hom.

*Die intratekstualiteit van die gemeente se narratiewe identiteit staan daarom altyd intratekstueel tot die narratief van Jesus van Nasaret.* Om die Christelike gemeenskap binne te gaan, moet die individu deelneem aan sy geloof en lewe, deur gekonfronteer te word met die Bybel se narratiewe, wat wel geïnterpreteer word deur die gemeenskap, maar nooit heeltemal gelykgestel kan word met die interpretasie daarvan nie. Die Bybelse tekste moet geïnterpreteer word omdat dit moet onthou word as die openbaring van die narratief van Jesus Christus, maar elke interpretasie is voorlopig en kan nooit die finale betekenis van die Teks weergee nie.

Dieselfde geld vir die Teks self. Die Christelike gemeenskap het geen ander weg tot die narratief van Jesus en sy persoonlike identiteit nie, maar tog staan Jesus self teenoor die uitbeelding van Homself in die Teks. Die Teks bevat Hom nie geheel nie, maar is genoeg vir die narratiewe identiteit van die gemeenskap en die individu wat Hom bely. Die blote feit dat die Teks altyd die interpretasie daarvan oorskadu, en dat Jesus die openbaring van Homself in die Teks oorskadu, verleen aan die narratiewe identiteit van die individu en van die gemeenskap 'n dinamiese intratekstuele karakter. Soos die identiteit gevorm word deur die interaksie tussen tradisie, Teks en situasie, kan dit nooit 'n finale vorm aanneem nie. Ek wil die diagram van hoofstuk 1 (kyk 1.2.4) weer hier weergee, maar aangepas by die nuwe insigte tot dusver:

Die pastorale prediking aan die lidmaat behels die volgende prakties-teologiese benadering:

Die storie van die Christelike gemeenskap en sy tradisie	Prediking van die ---Bybelse verhaal as kontranarratief	Die unieke ---lewensverhale van--- individue	Huidige Konteks
---	---	--	--------------------

Na aanleiding van die navorsing tot sover neem ek die vrymoedigheid om aan die prediking die volgende benaming en/of definisie te gee:

**Intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe pastorale prediking.**

Ek glo die ontwikkeling (die D in die ABDCE-model vir narratiewe navorsing [Muller et al 2001, bl. 77]) van die navorsing is grootliks afgehandel, maar die essensiële gedeelte van die ontwikkeling sal die literêre studie oor die prediking wees. Die vorige twee hoofstukke bevat eintlik ook die grootste deel van die agtergrond (B = *background*) van pastorale prediking, soos beskou vanuit die praktiese-teologiese benadering van die kultureel-linguistiese model.

#### 4.5.3.1 Gevolgtrekkings vir pastorale, kultureel-linguistiese prediking

1. Die tradisie van interpretasie is belangrik in die proses van pastorale prediking.
2. Die intratekstuele, narratiewe identiteit van die gemeente vereis dat die rol wat die narratiewe van die Bybel speel, erken moet word, net soos ook die rol wat die geskiedenis van interpretasie speel in die huidige lees van die Teks, moet verstaan word. Pastorale prediking moet dit in ag neem, anders vervul dit nie 'n kultureel-linguistiese pastorale rol nie.
3. Pastorale prediking neem deel aan die skep van 'n unieke karakter van elke Christelike gemeenskap se intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe identiteit, want die spesifieke beklemtonings en Bybelse fokusse wat die unieke situasie vereis, word getoon in die interpretasie van die Teks.
4. Pastorale prediking help die gemeente om te onthou wat in die verlede gebeur het. Om te onthou wat God in die verlede gedoen het, is nie bloot 'n sinlose herhaling van wat gebeur het nie, nie net 'n herhaling van 'n belydenis nie. Om te onthou is om te aktualiseer, hierdie aktualisering is 'n vorm van interpretasie.
5. Pastorale prediking, wat die intratekstualiteit van die gemeente se narratiewe identiteit versterk, staan daarom altyd intratekstueel tot die narratief van Jesus van Nasaret. Om die Christelike gemeenskap binne te gaan, moet die individu deelneem aan Jesus se geloof en lewe, deur gekonfronteer te word met die Bybel se narratiewe, wat wel geïnterpreteer word deur die gemeenskap, maar nooit heeltemal gelyk gestel kan word met die interpretasie daarvan nie.
6. Die Teks oorskadu altyd die interpretasie daarvan, in pastorale prediking, en Jesus oorskadu die openbaring van Homself in die Teks. Dit verleen aan die pastorale prediking 'n dinamiese intratekstuele karakter.
7. Die voorlopige prakties-teologiese definisie wat ek wil voorstel vir kultureel-linguistiese, pastorale prediking, is die volgende:

#### **Intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe, pastorale prediking**

#### 4.5.4 'n Gemeenskap van roeping en verbond. Diskoerse van die Nederduits-Gereformeerde Kerk

Lindbeck (1984: 33) en Gerkin (1997: 108) steun sterk op die term *grammar*, wat die spesifieke taal en vormgewing beskryf wat die individu gebruik om gebeure te interpreteer, binne die konteks van die kultureel-linguistiese paradigma. In die geval van hierdie studie is dit die *grammar* van die spesifieke godsdienstige kultuur van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, wat 'n Christelike tradisie is. Ek wil nie in detail die spesifieke *grammar* van die konteks van die NGK bespreek nie, maar tog aansluit by 'n bespreking van Fowler, wat ek glo grootliks van toepassing is op die kultuur van die NGK-gemeentes.

Prediking, en die interpretasie daarvan, geskied nie los van 'n hele paar diskoerse of *grammar* wat in hierdie (Nederduitse Gereformeerde Kerk) kultuur funksioneer nie. Lidmate luister alreeds met 'n vooropgestelde stel *grammar* na die preek op 'n Sondag. Ek gaan hier net twee sulke diskoerse noem wat deur Fowler (1987) uitgesonder word. Hy karakteriseer die Christelike gemeente as gemeenskap van sorg en van roeping. Hierdie twee karaktereenskappe is dan veral nodig as die gemeente 'n pastorale funksie vir die lidmate wil verrig. Hy beskou die Christelike gemeenskap dan spesifiek as 'n gemeenskap van roeping en verbond. Ek bespreek hierdie twee begrippe met spesifieke klem op die rol wat hulle as diskoerse of *grammar* kan inhou vir die pastorale, kultureel-linguistiese prediking en in die konteks van 'n NGK-gemeente.

##### 4.5.4.1 Roeping en gemeenskap

Ek het vroeër in die hoofstuk oor die roeping van die gemeente as 'n publieke gemeente geskryf, nou gaan dit meer oor die roeping van die lede individueel, maar as deel van die gemeente. Die woord roeping kom van die Latynse woord *vocare*, roep (met *vocatio*, roeping). Dit is 'n woord wat 'n lang geskiedenis in die Bybelse narratiewe godsdienst het. Dit het tradisioneel verwys na God se roeping van persone of groepe om in 'n verbondsverhouding met Hom te staan. Abraham, Moses, Jesaja is 'n paar voorbeelde hiervan. Sarah, Naomi en Rut is van die vroue wat geroep is deur God vir spesifieke redes.

In die Nuwe Testament word die Griekse woord *klesis* gebruik, wat roeping, uitnodiging of oproep beteken. Die band met die gemeenskap word gevind in die woord *ekklesia*, wat beteken uitgeroep. Dit verwys na 'n gemeenskap, gemeente, kerk of sosiale groep. In die Nuwe Testament beteken *klesis* dat daar 'n spesiale verhouding bestaan tussen die volgelingen van Jesus en Homself, dit veronderstel 'n verbintenis tot God en sy beloftes. Die *ekklesia* is die versameling van almal wat in 'n spesiale verhouding met God staan, deur geloof in Jesus Christus. Nadat die Christelike geloof die staatsgodsdienst van die Romeinse ryk geword het, het roeping net verwys na die spesiale roeping wat die priesters en mense in die kloosterlewe ontvang het. Gewone Christene was gered, maar net die biskoppe, priesters en monnike het roepings gehad.

Die enigste uitsondering was die roeping van die keiser, veral in die Bisantynse Christelike tradisie, waar die koning goddelike regte verkry het. In die laat Middeleeue kan neigings gesien word dat ook beroepe in die samelewing as 'n roeping beskou is. Wêreldse werk het begin om godsdienstige betekenis te kry. Fowler (1987:29) meen dat die eerste pogings om gewone alledaagse werk as roeping te beskou begin is deur die Neoplatonisme, met die beeld van die *great chain of being*. Beïnvloed deur gnostiese strominge, het die laat Middeleeue die verbeeldingryke hiërgargie van aarde en hemelinge aanvaar; volgens dié beskouing is daar verbindings tussen wesens, van die laagste dier tot die hoogste, naamlik God. Volgens dié beskouing het elke wese, die mens en alles bo en onder die mens, 'n bepaalde plek en rangorde. Afgelei van hierdie beeld het die latere Skolastiek 'n oorhoofse plan daargestel vir die Christelike lewe, wat 'n balans probeer bring het tussen godsdienstige en wêreldse werk. Volgens Fowler (1987:29) het Berthold van Regensburg die beeld breedvoerig ontwerp. Hy sluit aan by Dionisius, wat 'n hiërgargie van nege hemelse kore geïdentifiseer het. So deel Berthold die menslike sosiale orde ook in nege kore. Aan die bopunt is drie heerskappykore. Die eerste orde is die pous, in die tweede is die godsdienstige persone, die biskoppe, priesters, monnike en ander godsdiensteleiers. In die derde is die sekulêre magistrature, here en ridders. Onder hulle is die ses laer ordes. Dit sluit almal in wat bruikbare werk doen en handelaars. Mense wie se werk of bydrae nie reg of opbouend was vir die samelewing nie, is in die *tent choir* geplaas.

Binne hierdie skema het die laer ses ordes wel godsdienstige waarde, maar dit is indirek, en afgelei van die ander. In ooreenstemming met die hiërgargiese beskouing van Dionisius word hulle waarde slegs afgelei van hul diens aan die hoër ordes en of hul bydrae tot die verbetering van die hoër ordes se lewens lei. Die orde wat 'n persoon beklee was beskou as die plek wat God aan jou toevertrou het, en dit moes aanvaar word. Hoewel dié skema godsdienstige betekenis verleen het aan gewone sekulêre werk, het dit die innerlike roeping uitgesluit en geen direkte godsdienstige betekenis aan die laer ordes verleen nie.

Dit was eers (Fowler 1987:30) die veertiende eeu se Duitse mistiek wat aan alle menslike werk 'n potensiële roeping verleen het. Volgens Meister Eckhard en Johannes Tauler (Fowler 1987:30) is 1 Korintiërs 7:20 die bewys dat God almal roep in sy Koninkryk, en dat elkeen tevrede moet wees met die plek wat hy/sy beklee, en daar God se roeping uitleef.

Martin Luther (Fowler 1987:30) het die idee van 'n roeping in sekulêre werk tot voltooiing gebring. Sy leer van regverdiging deur geloof het die idee van die verwerping van redding deur werk of ander bydraes nietig verklaar. Deurdat die mens deur geloof alleen regverdig word, word alle werk, of posisie, wat aan God toevertrou word, 'n verbond met God, wat tot die medemens se diens kan dien. Hoe dien ons God en die naaste? Luther stel dit as volg: *in commune, per vocatione* (in gemeenskap, deur roeping).



Die huidige gebruik van roeping, as sinoniem met werk of beroep, kom van die latere deel van die negentiende eeu. Dit het ontwikkel in die tegniese era en industriële ontwikkeling, tesame met die beroepsopleiding. In hierdie konteks het dit 'n betekenis gekry van die beroep wat persone kies en waarvoor hulle toegerus word, sodat hulle kan voorsien in lewensmiddele. Volgens Fowler (1987:31), en ek stem met hom saam, het iets van die Duitse mistieke siening van roeping verlore gegaan. Hulle het beklemtoon dat gewone alledaagse werk en bestaan plekke kan word van God se openbaring en beleving, in 'n verbond met Hom, wat gewone mense dieselfde beleving van God se teenwoordigheid kon laat verkry as die priester of monnik. Hierdie is 'n belangrike element wat behou moet word. Die gedagte dat sekulêre werk 'n plek kan wees van roeping en diens, in 'n verhouding met God, is onmisbaar as Bybelse siening van roeping. Die Gereformeerde siening van roeping, soos deur Calvyn en Luther verwoord, sluit hierby aan. Om geroep te wees beteken tradisioneel om afgesonderd te wees in gebed en opofferend te gee van die self, wat die gewone persoon uitsluit. In die tradisie van *vocatio* beteken dit dat ons werksplek, kantoor, beroep, nie maar net 'n doel is waartoe God ons geroep het nie, maar 'n kreatiewe plek van verbondskap is met God, waar God ons ontmoet en deel maak van sy doel.

Roeping kan nie bloot verskraal word tot die konteks van beroep en werk nie. Roeping is groter as ons werk en beroep, maar sluit tog ook dit in. Roeping is die reaksie wat ons ondergaan met ons hele wese, op die roeping van God (met erkenning of ontkenning) en op Sy uitnodiging tot vennootskap met Hom. In hierdie konteks beteken dit die fokus van ons ontspanning, verhoudings, werk, private lewens, publieke lewens, al ons talente en gawes en besittings, tot die diens van God en ons medemens.

Op 'n ander manier gestel is dit die rig van ons hele lewe op dit wat ons die liefste het. Die dominante dryfveer van ons lewe rig dan ons hele lewe; as dít God is, praat ons van roeping. Dít is 'n erkenning dat die lewe meer is as selfverwesening en selfverheerliking, dat dit om meer gaan in die lewe as die self, dit gaan om God en die medemens.

Hierdie verstaan van roeping van elke lid van die gemeente verleen 'n dinamiese aspek aan die prediking en die interpretasie daarvan deur die lidmaat. Die narratiewe identiteit van die lidmaat kan beskou word as die verhaal van roeping, hoe die persoon sy/haar eie roepingsverhaal interpreteer en herhaaldelik interpreteer. As *grammar* van die kultureel-linguistiese benadering van interpretasie speel roeping in die taal van die prediking, en in die taal van die narratiewe interpretasie van die lidmaat, 'n baie belangrike rol. Dít verleen sin en betekenis aan die lid van die geloofsgemeenskap.

#### 4.5.4.1.(a) Gevolgtrekkings vir pastorale, kultureel-linguistiese prediking

Prediking wat 'n intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe pastorale funksie wil verrig, moet die *grammar* / simbool van roeping kreatief en betekenisvol kan toepas.

#### 4.5.4.2 Roeping en verbondsgemeenskap

Gemeenskap en roeping kan nie los beskou word van verbond nie. Verbond is 'n sterk woord wat maklik té kontemporêr verstaan kan word, as 'n ooreenkoms of kontrak. Verbond verteenwoordig 'n idee en 'n basismetafoor vir gemeenskap. As basismetafoor vir 'n gemeenskap is dit afgelei van 'n universele dimensie van menslike ervaring, waar dit die genitiewe basis verwoord wat die saambindende en groepsidentiteit van 'n samelewing vorm. As basismetafoor van gemeenskap verteenwoordig dit die belofte maak en belofte hou, wat as basis dien vir die eenheid en volhoubare verhoudings, binne 'n gemeenskap. In Bybelse taal, wat die lewe van die Kerk rig, word verbondsgemeenskap tot bestaan geroep deur die roeping en beloftes van God.

*(Binne die kultureel-linguistiese, prakties-teologiese raamwerk van hierdie navorsing kan die term "verbond" vertaal word met "narratiewe intratekstualiteit", waar die lidmaat hom/haarself narratief identifiseer met die narratief van die geloofsgemeenskap).*

Fowler (1987:33) gebruik twee meer bekende stamm-metafore (*root metaphors*) wat algemeen gebruik word vir die gemeenskap om "verbond" as basismetafoor beter te verstaan, naamlik *organisme* en *kontrak*. Die metafoor *organisme* is verbind met die beeld van 'n liggaam – 'n biologiese organisme. Soos in organiese groei, is daar 'n tipe natuurlike groei en afhanklikheid in die gemeenskap as liggaam. 'n Tweede toepassing van die organisme op die gemeenskap is die uitgebreide familie, gewoonlik met patriargale outoriteit. Soos organe en ledemate het lede in die gemeenskap ook 'n spesifieke plek en funksie. Hulle is nie uitruilbaar nie, hulle word nie bestuur deur rasonale beplanning en besluitneming nie. Bestuur word uitgevoer deur 'n elite wat daar geplaas is deur geboorte en begaafdheid, deur toegekende status, of goddelike sanksionering in godsdienstige groepe, om die funksie te verrig.

#### 4.5.4.2.1 Gevolgtrekking vir pastorale prediking

Prediking wat intratekstueel, kultureel-linguisties, narratief pastoraal wil wees, sal die lidmate opgewonde kan maak oor die band of verbond met God en met die gemeente. Die uitdaging vir prediking is om die verbonds(*grammar*/simboliek)narratief oor te dra aan die verbondsgemeenskap.

#### 4.6 Intratekstuele, kultureel-linguistiese ekklesiologie

Baie min teoloë het die deur Lindbeck (1984) voorgestelde term, die *kultureel-linguistiese teologiese benadering*, net so toegepas; maar variasies daarvan is in verskillende vorme toegepas in die teologie. 'n Oppervlakkige ondersoek na die titels by Universiteit Pretoria se biblioteek vertoon geen boeke met "kultureel-linguisties" in die titel nie. Soms is die fokus op die kulturele en soms is die klem op die linguistiese geplaas. Dit lyk asof die sosiaal-konstruksionisme baie hierby aansluit, of dalk is dit die geval dat Lindbeck by die sosiaal-konstruksionisme gaan kers opsteek het, of dit het los daarvan by Lindbeck ontwikkel. Die doel van my navorsing is egter nie om die oorsprong van Lindbeck se teologiese benadering te ondersoek nie. Miskien is dit omdat die klem in die postmoderne teologiese wêreld te sterk individualisties was. Met die opneem van die uitdaging wat die sosiaal-konstruksionistiese benadering tot die praktiese teologie gerig het, word Lindbeck se kultureel-linguistiese benadering meer betekenisvol. Ek het self langs 'n ompad by sy kultureel-linguistiese benadering uitgekom, deur die toepassing daarvan deur Gerkin (1997) as pastorale model.

Goh (2000: 540-592) maak nege voorstelle van hoe 'n kultureel-linguistiese ekklesiologie moontlik kan lyk; dit vat die aannames van die kultureel-linguistiese benadering mooi saam, daarom wil ek dit self gebruik as voorstel van 'n ekklesiologie vir die prakties-teologiese, kultureel-linguistiese model, wat ek self in meer besonderhede aan die einde van die navorsing wil daarstel. Ek bespreek nie al nege sy voorstelle nie, aangesien van hulle spesifiek op die kultureel-linguistiese identiteit van die Rooms-Katolieke Kerk van toepassing is. Hier volg slegs vyf van sy voorstelle.

##### 4.6.1 'n Storiegevormde kerk: pleidooi vir 'n narratiewe ekklesiologie

Die kanonieke Teks (kyk 3.5.2.1.[b]) voorsien die basiese narratiewe vir hoe die kerk sigself kan sien en interpreteer en die wêreld kan interpreteer. Die kerk is fundamenteel storiegevorm. Daar is nóg vier punte wat hierby aansluit:

1. Die kerk is die gedagte aan Jesus en sit eintlik Jesus se narratief voort. Die kerk verteenwoordig Jesus in die wêreld deur sy dade en manier van leef as kerk. Die kerk het die roeping om Jesus se narratief aan die wêreld bekend te stel. Die kerk moet daarom deur die narratief van Jesus gevorm word en steeds daarvolgens en daardeur gevorm word.

2. 'n Ekklesiologie wat die narratief van Jesus ernstig opneem, neem die hele verlossingsgeskiedenis ernstig op, beginnende by die storie van Israel. Dit beteken dat die storie van die verlossingsgeskiedenis die simbole en terme van die kerk moet bepaal en nie andersom nie.

3. Daar is reëls vir die oordrag van die storie van Jesus en van die kerk, maar hierdie reëls is regulatief en die storie moet prakties toepaslik wees. Die reëls is primêr daar om ons persepsie van God en die wêreld te rig, en om ons storievertelling en manier van lewe te stuur, maar is nie voorskriftelik nie. Die linguïstiese reëls wat die narratief omskryf, moet ook uit die Teks se narratief kom; dit is *performatory* en nie *propositional* nie.

4. Omdat die kerk se wese gekenmerk word deur die storie van Jesus, beteken dit: die taal wat die kerk kenmerk kan nie deur die samelewing gekenmerk word nie (1 Kor. 1:23). Die kerk moet daarom fokus op Jesus. Dit beteken 'n voortdurende terugkeer na die Teks om weereens aan die narratief van die Teks gebind te word en daarvolgens hervorm te word. Die primêre teks mag nooit die samelewing word nie, anders verloor die kerk sy Christologiese narratiewe fokus en identiteit.

#### **4.6.2 'n Nie-super-opvolgende kerk: 'n pleidooi vir 'n Christosentriese figuurlike ekklesiologie**

Die kultureel-linguïstiese model vereis 'n Bybelse ekklesiologie. Dit beteken (1) 'n herwinning van premoderne hermeneutiek op 'n kritiese wyse en (2) 'n aanvaarding van die historiese kritiek as 'n korrektiewe funksie in die herwinning. Die premoderne hermeneutiek het gepoog om die hele kosmos te omvou met Bybelse taal. Historiese kritiek help die premoderne hermeneutiek om sy super-opvolgende greep te laat los. Die voorbeeld van Israel word dan weer beskikbaar vir die kerk. 'n Postliberale kultureel-linguïstiese Bybelse ekklesiologie sal weer die kerk help om Israel-soortig en nie super-opvolgend te wees nie. Die nuwe volk van die NT kan nooit 'n antitese van die Israel van die OT wees nie.

Met die tipologiese en figuurlike klem wat Lindbeck vereis, bedoel hy dat die hele figuurlike storie van Israel op die kerk van toepassing is, en nie net dele nie. Die narratiewe ekklesiologie van Lindbeck veronderstel dat alle elemente in Christus gevind word. Hy is die tesis en beide die kerk en Israel is die antitese. Die einde van Christus se storie is die einde van alle stories.

As die kerk se identiteit gevind word in 'n Christosentriese figuurlike benadering is daar nog afleidings.

1. As die kerk gevorm word deur die storie van Christus, is die logiese gevolg dat die kerk moet verwys na die konkrete realiteit en nie 'n trans empiriese nie. Die sigbare lede van die kerk en hulle lewens is die kerk, nie 'n onsigbare kerk wat later openbaar sal word nie.

2. Deur die kerk en Israel tipes van Christus te laat wees, kan die verhouding tussen Israel en die kerk verbeter.

3. Die figuurlike Christosentriese benadering maak die pad oop vir groter ekumeniese samewerking tussen kerke.

4. Wanneer die fokus van die kerk Jesus Christus is, kan die kerk makliker by die primêre doel van sy bestaan bly. Dit bestaan nie uit 'n klomp proposisies nie, maar in gerigtheid op 'n persoon.

#### **4.6.3 Die natuur en missie van die Kerk: 'n pleidooi vir stilte in die publieke arena**

Die kerk is pelgrimmense van God – in gemeenskap met mekaar en die Here, en hulle is die sakramentele tekens van die Koninkryk van God wat voltooiing in Christus sal vind. Dit is waar die natuur en die missie van die kerk hoort. Die kerk moet versigtig wees om nie oorbetrokke en raserig te raak op die publieke arena nie, en om bewus te bly van die transendente. Die oor-positivisme en selfvoldane houding van die moderne kerk moet ruimte maak vir 'n dienende, soekende, luisterende, uitnodigende, postliberale kerk wat mense nooi om deel te word van die storie van Jesus Christus.

Dit sluit aan by wat in 4.3 oor die publieke kerk genoem is. Die kerk kan eintlik net publiek wees as sy eie narratiewe Bybelse en tradisionele identiteit behou word.

#### **4.6.4 Dogma en Christelike identiteit: 'n pleidooi vir intratekstuele trou**

Hoe die dogma van die kerk verstaan word, bepaal die teologie en natuur van die kerk. Die dogma van Lindbeck, kultureel-linguistiese teologiese benadering, bepaal dat die kerk in 'n wyer kultuur die beste funksioneer wanneer dit getrou is aan sigself. Dit verg dus intratekstuele getrouheid.

Die probleem is dat die moderne kultuur die kerk tot so 'n mate opgeneem het dat die kerk in gevaar staan om sy eie identiteit te verloor. Christelike waardes is besig om te erodeer in die postmoderne samelewing, en die kerk het nie meer die bevoorregte posisie wat dit gehad het nie. Dit sal nog groot insette en tyd vat voor die skeiding tussen die Westerse liberale kultuur en die Christenkultuur duidelik word. Die postliberale voorskrif vir die kerk sluit 'n paar bitter pille in.

**Eerstens** het die kerk daartoe bygedra dat daar 'n pluralistiese kakofonie geskep is wat nie bydra tot 'n suiwer Christelike boodskap en identiteit nie. As die narratiewe ekklesiologie nagevolg word, sal dit beteken dat nuwe lede van die kerk hulle moet vereenselwig met die intratekstuele realiteit van die kerk (intratekstualiteit is vroeër bespreek, kyk 3.5.2.1). Die identiteit van die premoderne kerk, kultureel-linguistiese narratiewe identiteit, is ver weg van die liberale moderne identiteit van die kerk. Die kerk word weer verbind aan die tradisie en tekstuele wortels van die kerk; dit maak die keuse van nuwe lidmate spesifiek, omdat die Skriftuurlike standaard spesifiek is. Christelike teologie moet nie van die pluralistiese wêreld kom nie, maar van die spesifieke denke en taal geleer by die Skriftuurlik-spesifieke Christelike geloof.



**Tweedens** is die Christendom besig om verby te gaan en die Christene raak die diaspora. Hoe gaan die kerk hierdie nuwe era hanteer? Die postliberale oplossing is om die gemeenskaplike geloofsstelsel te gebruik om die nuwe wêreld te absorbeer waarmee Christene gekonfronteer word, en dit te transformeer in altyd wordende stelsel van simbole wat intratekstueel gesetel is. Die oplossing is nie om weg te kruip of die wêreld toe te laat om die identiteit van die kerk te absorbeer nie. Teologiese opleiding en missionêre aktiwiteite is dan gerig op die daarstel van 'n gemeenskap wat getrou is aan sy eie stelsel (kultureel-linguisties).

Die Christelike identiteit, gesentraliseer rondom die narratief van Jesus, maak die toekoms vir die Christen opwindend, want Hy is die een wat steeds die kulture van die mens transformeer. Die kerk het vrede en verlossing in sy binneste wat die mens daarbuite soek.

Wat is die karakter van die kerk dan in ons era van afbreek van die Christendom? Die huidige manier waarop die kerk missionêr gegroei het was deur die kulture waarin dit was, te akkommodeer, en die kerk het hulle nie omvorm nie. As die *hoofdoel* van die kerk is om lede te kry om hul name op die boeke te skryf, kan die akkommodasie van kulture werk. Christelike dogma is 'n kultureel-linguistiese stelsel van Bybelse oorsprong wat belydend in karakter is. Intratekstuele getrouheid is die enigste punt van verwysing om die Christelike identiteit te promoveer. Die stelsel maak net sin as Christene daarin gesosialiseer is. Die postliberale verwag eintlik van die kerk om te lieg oor sy unieke taal en praktyk. Die kwessie is dus die opvoeding van vandag se Christene in 'n postliberale ekklesiologie.

#### **4.6.5 Skoling van Christene in die kontemporêre era: 'n pleidooi vir 'n ekklesiologiese pedagogie**

Deurdat die kerk akkommoderend geraak het teenoor die omliggende kultuur, het dit nie meer 'n uitkenbare stem nie, en nie die vermoë om die karakter of narratiewe identiteit van individuele gelowiges te vorm nie. Individualisme veroorsaak ook dat mense hulself nie kan verbind aan 'n spesifieke godsdienstige stelsel nie. Dit bring mee dat die taak om lidmate deel te maak van die Christelike kultuur moeilik is; maar dit is noodsaaklik. Om 'n Christen te word, moet lede gesosialiseer word om geassimileer te word in die gemeenskaplike kultuur van godsdienstige taal en kultuur; hulle moet georiënteer word om hulle nuwe lewe op 'n unieke manier te leef.

Twee dinge is baie belangrik in die postliberale teologie.

### 1. Die kategetiese visie van geloof

'n Positiewe geloofformasie is basies dieselfde ding as 'n taal. Tale is kultureel in wese; dit moet en kan geleer word om verstaan te word en, bo alles, om beoefen te word. Tale word deur ervaring en tyd geleer. Die probleem is dat aanvaar word: om 'n paar Christelike feite te ken, maak van 'n persoon 'n Christen. Die kerk sal op die lang duur daarby baat om nie op die bymekaarmaak van lidmate en op aanvaarbaarheid in die publieke arena te mik nie, maar om te fokus op 'n effektiewe kultureel-linguistiese, intratekstuele kategetiese van lede. Dit is vreemd vir die moderne liberale verstand.

### 2. Die vorming van Christelike karakter

As die kerk 'n storiegevormde groep is, moet hierdie narratiewe gemeenskap die *draer* van die Skriftuurlike wêreld wees, met lede wat geleer het om die storie te *assimileer*. Daarvoor is dissipline nodig, en die Teks is baie belangrik in die proses. Lidmate moet leer om die Teks te lees, te verstaan, toe te pas en deel van hul lewens te maak. Lidmate se lewens moet deel van Christus se storie word.

(a). Die skriftuurlike verhaal leer ons dat ons probleem daarin bestaan dat ons eerder ons eie stories leef en nie die van Jesus nie.

(b). Christelike etiek is nie die etiek van die wêreld nie. Ons maak 'n fout as ons dink ons kan volgens die etiek van die wêreld leef. Christene is uniek en apart van die wêreld.

(c). Die vraag is of die kerk nie daardeur sektaries word nie? Die etiek wat die kerk leef is 'n persoon, Christus. As Sy mense is ons geroep as sakrament vir die wêreld waarin ons woon. Ons unieke etiek dryf ons na die wêreld, soos Hy daarheen gedryf is.

Hierdie voorstelle bring die prakties-teologiese model se toepassing in die praktyk tot teen die been van gemeentewees en kerkwees vandag. Toegepas in die praktyk sal dit moeiliker wees as wat dit teoreties moontlik lyk.

#### 4.6.6 Gevolgtrekkings vir pastorale, kultureel-linguistiese prediking

1. Pastorale prediking bevestig en versterk die narratiewe identiteit van die gemeente deur dit voortdurend aan die narratief van Jesus te verbind. Prediking wat nie daarin slaag om die narratiewe identiteit van die gemeente te versterk nie, is nie kultureel-linguistiese pastorale prediking nie.
2. Pastorale, kultureel-linguistiese prediking sal die kerk verbind aan die narratief van Israel. Die Kerk is dus 'n narratiewe uitvloeisel van God se narratief met Israel en nie 'n vervanging van Israel nie.
3. Pastorale prediking sal die lidmaat help om in die publieke konteks waarlik Christelik betrokke te wees, met 'n intratekstuele narratiewe identiteit.
4. Pastorale prediking wat kultureel-linguisties funksioneer binne die gemeente, sal intratekstueel help vorm aan die narratiewe identiteit van die gemeente en die lidmaat.
5. Pastorale prediking vervul 'n kategetiese rol in die narratiewe identiteit van die lidmaat. Lidmate moet gehelp word om die narratief van die kerk te assimileer in hul eie narratief.

#### 4.7 Prakties-teologiese, kultureel-linguistiese gevolgtrekkings

In die ABDCE-model (Muller et al 2001:77), die ontwikkelings model vir narratiewe navorsing wat ek gebruik vir my narratiewe navorsing, is die navorsing nog steeds in die ontwikkelingsfase. Daar is tog gedeeltelik ook agtergrond beskikbaar tot die aksie teenwoordig in hierdie hoofstuk 4, deurdat die gemeentekonteks bestaansreg verleen aan pastorale prediking.

Uit hoofstuk 4 se literêre studie, en die navorsing in die vorige hoofstukke, volg duidelik dat daar met sekerheid gepraat kan word van die gemeente se identiteit as 'n **intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe identiteit**.

Vervolgens eers die gevolgtrekkings vir die gemeente se identiteit, en dan die gevolgtrekkings vir die pastorale prediking.



#### 4.7.1 Raamwerk van die narratiewe identiteit van die gemeente

Dit is intratekstueel (Goh 2000:184, Lindbeck 1984:114), dus beklemtoon dit dat die gemeente sigself moet bly verstaan en interpreteer binne eie tradisionele en Bybelse kontekste. Die prediking raak dan intens belangrik as deel van die opvoedingstaak om lidmate narratief te verbind tot, en op te voed in, die uitleef van die intratekstuele identiteit van die gemeente.

Vervolgens 'n paar kort opmerkings oor die intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe identiteit van die gemeente.

1. Die kultureel-linguistiese dogma oor die gemeente as narratiewe sisteem, maak kreatiewe praktiese moontlikhede oop vir die praktyk, byvoorbeeld op pastorale vlak en die homiletiek.
2. Die narratiewe identiteit van die gemeente maak die rol van tradisie en die Teks weer aktueel, teenoor die omliggende kulturele konteks waarin die gemeente sig bevind.
3. "Narratief" beteken dat die gemeente se verhaal, as God se mense in die tyd, op pad is in 'n uitdagende wêreld, maar kreatief en ondersoekende met die Teks en tradisie kan omgaan.
4. Narratiewe identiteit plaas aksent op die taal van die gemeente, die taal om hulself te beskryf en om hul roeping in die wêreld uit te leef.
5. Die gemeente is die pastorale versorger van die lidmaat, op vele terreine, maar dan ook in die modi van die prediking. Hierdie pastoraat is primêr die assimilering van die narratiewe identiteit van die gemeente in die lede se eie narratiewe identiteit en lewens.
6. Die roeping van die gemeente tot publieke gemeente veronderstel 'n eie selfhandhawing en oortuiging van narratiewe identiteit.
7. Die intratekstuele lees van die Teks in die narratiewe vorming en voortdurende hervorming van die gemeente-identiteit veronderstel 'n realistiese interpretasie en lees van die Teks as narratief en narratiewe.
8. Jesus Christus se narratief is die spilpunt van die intratekstuele narratiewe identiteit van die gemeente, wanneer dit na die verlede kyk en huidig besig is, en wanneer dit na die toekoms kyk.

#### 4.7.2 Gevolgtrekkings vir kultureel-linguistiese pastorale prediking

1. Die Bybelse en tradisionele verstaan van die gemeente as 'n ekologie van sorg en roeping, en as publieke kerk, moet intratekstueel (vanuit eie narratiewe identiteit) in die prediking deurgegee word.
2. Pastorale prediking sluit aan by die *taal* wat die gemeente se narratief uitbeeld en dra; dan sal die lidmaat dit verstaan en deel maak van sy/haar narratief.
3. Pastorale prediking roep *herinneringe* op vir die lidmaat; dit verbind hom/haar aan die vorige Christene deur die taal en beelde van die Bybel vandag aan die van gister te verbind. Deur herinner te word aan die Christosentriese narratiewe identiteit van die gemeente, herken die lidmaat dit in sy/haar eie lewe en kan deur interpretasie 'n nuwe selfbewussyn skep, in kreatiewe spanning met die huidige gebeure in sy/haar lewe.
4. Die prediking vervul 'n *ondersoekende/kommunikatiewe/pastorale* rol in die gemeente. Vrae moet gevra word deur die prediking aan die lidmate, moet hulle terugbring na die antwoorde van die verlede, moet hulle daag tot nuwe antwoorde in die lig van die Bybelse narratief. So vervul dit 'n pastorale rol binne die kultureel-linguistiese model.
5. Die pastorale prediking se rol is om die sorg vir die ander in die gemeente te beklemtoon. Sodoende word die lidmaat bewaar teen sy/haar losmaak van die ware identiteit van die Christelike gemeente (ekologie van sorg en gemeenskap van sorg).
6. Pastorale prediking verbind die lidmaat tot die narratief van God wat uitreik, prediking wat die gemeente herinner en oproep tot die sending van die gemeente na buite, wat getrou is aan die tradisie en *grounding narrative* (Bybel) van die kerk van Jesus Christus. Prediking wat dit doen, versterk die Christelike narratiewe identiteit van die gemeente, en help die lidmaat tot 'n Bybelse narratiewe identiteit.
7. Prediking wat pastoraal binne die kultureel linguistiese model sal funksioneer, sal die Bybelse verhale as realistiese, *history-like*, verhale moet oordra. Die tradisie van die geloofsgemeenskap het dit so interpreteer, dus is dit deel van die oorsprongidentiteit van die geloofsgemeenskap.
8. Die tradisie van interpretasie is belangrik in die proses van pastorale prediking.
9. Die intratekstuele narratiewe identiteit van die gemeente vereis dat die rol wat die narratiewe van die Bybel speel, erken moet word, maar ook dat die rol wat die geskiedenis van interpretasie in die huidige lees van die Teks speel, moet

verstaan word. Pastorale prediking moet dit in ag neem, anders vervul dit nie 'n kultureel-linguistiese pastorale rol nie.

10. Pastorale prediking neem deel aan die skepping van 'n unieke karakter van elke Christelike gemeenskap se intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe identiteit, want die spesifieke beklemtonings en Bybelse fokusse wat die unieke situasie vereis, word getoon in die interpretasie van die Teks.

11. Pastorale prediking help die gemeente om te onthou wat in die verlede gebeur het. Om te onthou wat God in die verlede gedoen het, is nie bloot 'n sinlose herhaling van wat gebeur het nie, nie net 'n herhaling van 'n belydenis nie. Om te onthou is om te aktualiseer, hierdie aktualisering is 'n vorm van interpretasie.

12. Pastorale prediking, wat die intratekstualiteit van die gemeente se narratiewe identiteit versterk, staan daarom altyd intratekstueel tot die narratief van Jesus van Nasaret. Om die Christelike gemeenskap binne te gaan, moet die individu deelneem aan Jesus se geloof en lewe, deur gekonfronteer te word met die Bybel se narratiewe, wat wel geïnterpreteer word deur die gemeenskap, maar nooit heeltemal gelyk gestel kan word aan die interpretasie daarvan nie.

13. Die Teks oorskadu altyd sy interpretasie in pastorale prediking, en Jesus oorskadu die openbaring van Homself in die Teks; dit verleen aan die pastorale prediking 'n dinamiese intratekstuele karakter.

14. Die prediker is 'n *interpretive guide* vir die gemeente en moet die rykdom van die tradisie, Teks en kontemporêre vir die lidmate pastoraal blootlê.

15. Prediking wat 'n intratekstuele, kultureel-linguistiese, narratiewe pastorale funksie wil verrig, moet die *grammar* van roeping kreatief en betekenisvol kan toepas.

16. Prediking wat intratekstueel, kultureel-linguisties, narratief pastoraal wil wees, sal die lidmate opgewonde kan maak oor die band of verbond met God en met die gemeente. Die uitdaging vir prediking is om die verbond narratief oor te dra aan die verbondsgemeenskap.

17. Pastorale prediking bevestig en versterk die narratiewe identiteit van die gemeente deur dit voortdurend aan die narratief van Jesus te verbind. Prediking wat nie daarin slaag om die narratiewe identiteit van die gemeente te versterk nie, is nie kultureel-linguistiese pastorale prediking nie.

18. Pastorale, kultureel-linguistiese prediking sal die kerk verbind aan die narratief van Israel; die Kerk is dus 'n narratiewe uitvloeisel van God se narratief met Israel en nie 'n vervanging van Israel nie.

19. Pastorale prediking sal die lidmaat help om in die publieke konteks waarlik Christelik betrokke te wees, met 'n intratekstuele narratiewe identiteit.

20. Pastorale prediking, wat kultureel-linguistiese funksioneer binne die gemeente, sal intratekstueel help vorm aan die narratiewe identiteit van die gemeente en die lidmaat.

21. Pastorale prediking vervul 'n kategetiese rol in die narratiewe identiteit van die lidmaat. Lidmate moet gehelp word om die narratief van die kerk te assimileer in hul eie narratief.

Soos vroeër in die hoofstuk genoem, wil ek 'n voorlopige prakties teologiese definisie voorstel vir kultureel-linguistiese, pastorale prediking, naamlik:

**Intratekstuele, narratiewe, pastorale prediking.**

(Ek het die *kultureel-linguisties* uit die definisie uit gehaal, aangesien dié definisie die kultureel-linguistiese veronderstel.)

Hoofstuk 5 sal fokus op die prediking binne die raamwerk van die prakties-teologies, kultureel-linguistiese model.

## HOOFSTUK 5

### PREDIKING AS INTRATEKSTUELE, NARRATIEWE PASTORAAT

#### AKSIE WAT NAGEVORS WORD

*Prediking se pastorale betekenis vir die kerklidmaat; 'n kultureel-linguisties, prakties-teologiese benadering.*

#### NAVORSINGSVRAAG

Wat is die pastorale betekenis van prediking vir die lidmaat, soos gesien vanuit die perspektief van die kultureel-linguistiese, prakties-teologiese model?

#### HOOFSTUK 5 SE VRAAG

Hoe moet intratekstuele, narratiewe pastorale prediking lyk?

#### 5.1 Inleiding

Die ontwikkeling (die D in die ABDCE-model vir narratiewe navorsing) in hierdie navorsing het daartoe gelei dat ek alreeds prediking, vanuit die kultureel-linguistiese model as prakties-teologiese raamwerk vir die navorsing, definieer as intratekstueel, narratiewe pastorale prediking. Deur my navorsing wou ek nie vra of prediking pastoraal is nie, dit is 'n vraag wat in die teologiese besinning oor prediking lankal beantwoord en bevestig is. My vraag was watter pastorale rol vervul prediking as die kultureel-linguistiese model, as 'n prakties-teologiese benadering gebruik word. Ek het veral hierdie weg ingeslaan omdat ek glo dat die sosiaal-konstruksionisme 'n groot bydra gemaak het tot die epistemologie aangaande kennis en die groei van kennis. Die kultureel-linguistiese model van Lindbeck (1984) sluit duidelik grootliks by die aannames van die sosiaal-konstruksionisme aan (kyk hoofstuk 1). As die pastorale rol van prediking binne die raamwerk van die kultureel-linguistiese model beter verstaan word, kan dit lei tot goeie beginsels vir 'n prakties-teologiese teorie vir pastorale prediking, sosiaal-konstruksionisties beskou.

Hier volg kortliks 'n verduideliking van my definisie van prediking as *intratekstueel*, *narratief* en *pastoraal*, soos dit uit die narratiewe navorsing tot dusver voortvloei.

Die *intratekstueel* verwys na die intra-afhanklikheid (kultureel-linguisties gesien) tussen die Bybelse teks en die tradisie of narratief van die geloofsgemeenskap, in die dinamiek van 'n geloofsnarratiewe identiteit van lidmate in die omgang met die sosiale konteks waarbinne hulle leef. Die *intratekstueel* verwys ook na die wyse waarop die Bybel geïnterpreteer moet word vir die pastorale prediking, naamlik as *self verklarende narratief*. Dít is 'n sosiaal-konstruksionistiese manier van dink oor die vorming en dinamiese interpretasie van persoonlike en gemeente-identiteit.

Die *narratief* verwys na die identiteit van die individu en die geloofsgemeenskap, wat in narratiewe gevind word en narratief aangespreek moet word, vanuit die narratiewe tradisie en Teks van die geloofsgemeenskap. Die narratief gee 'n spesifieke klem aan die vorming van hierdie identiteite, naamlik 'n sosiaal-konstruksionistiese manier van identiteitsvorming.

Die *pastoraal* het 'n kultureel-linguistiese fokus, wat wel gekoppel word aan die begrippe "intratekstueel" en "narratief", maar wat ook 'n nie-moderne fokus verleen aan pastoraat, naamlik 'n gemeentepastoraat waarin die prediking 'n kultureel-linguistiese pastorale rol vervul. Prediking funksioneer pastoraal as dit binne 'n spesifieke kultuur, met spesifieke semiotiese simbole, intratekstueel getrou bly.

Al drie hierdie fasette word vervat in die kultureel-linguistiese teologiese benadering van Lindbeck (1984), wat as prakties-teologiese model dien vir hierdie narratiewe navorsing.

Hoe moet *intratekstuele, narratief pastorale* prediking lyk in die praktyk?

## **5.2 Prakties-teologiese perspektiewe vir intratekstuele, narratief pastorale prediking**

Voordat die teoretiese ondersoek gedoen word oor prediking in die algemeen en meer spesifiek met die oog op die huidige narratiewe navorsing, moet die perspektiewe van die narratiewe navorsing wat tot dusver gedoen is, omskryf word vir die prediking. My navorsing is gedoen met die sosiaal-konstruksionisme as prakties-teologiese benadering, met die kultureel-linguistiese teologiese model as die spesifieke teologiese benadering, om die rol van prediking in die pastoraat aan die lidmaat te ondersoek. Die perspektiewe, of die teologiese benadering, waarmee ek na die prediking kyk maak dit sosiaal-konstruksionisties van aard, wat verskil van die *moderne* manier van dink oor die prediking.

Die aannames en waardes van die sosiaal-konstruksionisme en van die kultureel-linguistiese, narratiewe benadering is alreeds in die gedeelte oor die navorsing genoem. Vir 'n meer breedvoerige omskrywing kan die leser weer na hoofstuk 1 terugblaa. Die volgende gedeelte van hierdie navorsing behandel perspektiewe van intratekstuele, narratief pastorale prediking wat grootliks uit die aannames van die rol van narratiewe in die sosiaal-konstruksionisme afgelei word.

Freedman en Combs (1996: 22) som die werklikheidsbeeld van die sosiaal-konstruksionistiese, narratiewe benadering as volg op.

1. Werklikhede word sosiaal gekonstrueer.
2. Werklikhede word saamgestel deur taal.
3. Werklikhede word georganiseer en in stand gehou deur narratiewe.

Die kultureel-linguistiese, narratiewe benadering beklemtoon die volgende stellings oor die individu en die groep.

1. Waarheid en kennis, godsdienstig of andersins, is produkte van tradisie en kultuurgeskiedenis. Hulle het hulle bestaan te danke aan die omgang en gebeure tussen mense binne hulle tradisie, geskiedenis en kultuur.
2. Die groep waaraan 'n individu behoort gee narratiewe betekenis aan die individu, nie die individu aan die groep nie. Om intellektueel te kan funksioneer beteken dit dat 'n individu deel moet raak van 'n kulturele tradisie en narratief.
3. 'n Groep of kultuur verwoord sy beleefde en gedeelde waarheid en kennis in taal, simbole en gebruike; dit word oorgedra in sy tradisie en kulturele narratief.
4. Beide gemeenskap en individu word deur narratiewe geken.
5. Narratiewe het 'n pragmatiese funksie in die kulturele lewe. Net soos taal se betekenis afgelei word deur sy sosiale funksie in die kultuur, is dit met narratiewe die geval. Daar is 'n rede waarom 'n narratief vertel en oorgedra word in 'n kultuur.
6. Narratiewe skep waardes. Elke verhaal is gerig op 'n waarde. Om die waardes van 'n gemeenskap te verstaan moet geluister word na die narratiewe in die tradisie van die gemeenskap.
7. Persoonlike narratiewe se doel is om waardes vir die individu en die gemeenskap te bewaar en om daarmee te identifiseer.

Ek beskryf die volgende perspektiewe om duidelikheid te skep oor die manier van dink oor die prediking, vóór die hoofstuk se verdere bespreking. Dié perspektiewe word ontwikkel vanuit die prakties-teologiese model wat in hierdie navorsing gebruik is, naamlik die kultureel-linguistiese model vir teologiese beoefening, dit verleen 'n sosiaal-konstruksionistiese perspektief, maar wat gegrond is die praktiese teologie. Volgens die prakties-teologiese model, naamlik die kultureel-linguistiese benadering, is prediking gedefinieer as *intratekstueel, narratief en pastoraal*.

### 5.2.1 Intratekstueel, narratief-pastorale kommunikasieteorie

Daar is in die praktiese teologie baie geskryf oor die prediking as kommunikasie. In twee proefskrifte oor prediking wat ek bestudeer het (Labuschagne 1982, Breytenbach 1988), kom die dringendheid van die kommunikasie in prediking na vore. Die klem op kommunikasie as vakgebied het sterk inslag gevind in die vakgebied van die homiletiek. Pieterse (1991:7) beklemtoon in sy werk die behoefte aan 'n grondige *kommunikasie teorie* vir die praktiese teologie. “Indien kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie die objek van ons vak is, is dit uiters belangrik om met 'n duidelike uitgespelde *kommunikasieteorie* te werk.” Hy stel dan kriteria voor vir 'n prakties-teologiese kommunikasieteorie (1991:7-10). Die kommunikasieteorie wat hy kies is die *dialogiese*, wat alreeds met Sokrates en Plato ontstaan het (Pieterse 1991:10). Pieterse gee 'n opsomming van wat die kommunikasieteorie as dialoog vir die praktiese teoloog behels.

..., is dat die kommunikasie intermenslik is; in vryheid en op gelyke voet geskied; dat onderlinge begrip ontstaan deur die deel, die meedeel en vertolking van die evangelie; en dat dit bestaanskommunikasie is. Bestaanskommunikasie beteken dat ons deur die vertolking en aanvaarding van die goeie boodskap ons bestemming as mense vind. Dit beteken ook dat ons dit oordra aan ander met ons hele bestaan as waarborg daarvan. En dit beteken dat ons uit hierdie boodskap leef - en nie anders kan of wil nie.

(1991:20)

Nel (2001:39) beklemtoon in sy boek dat prediking kommunikasie is, maar plaas die fokus op die prediker as persoon in die kommunikasieproses. Dit is opmerklik dat die perspektief oor kommunikasie in die prediking vanaf blote feitelike oordrag van die Evangelie van Jesus Christus en die dinamika in die *dialogiese proses* verskuif het na die persone wat betrokke is (Labuschagne 1982:3, Cilliers 1998:41, Nel 2001). Dit dui dalk alreeds op die skuif van die moderne (objektiewe waarheid) na die sosiaal-konstruksionisme: kennis en kommunikasie behels meer as inligting wat gedeel word, want dit gaan oor persone wat self besluit wat is waar, binne hul eie sosiale konteks. Dingemans (1996:117) beklemtoon dat dit een van die produkte is van die skuif van die moderne tyd na die postmoderne.



Dingemans haal David Riesman aan wat in 1950 al voorspel het dat die samelewing gaan verander van 'n tradisionele, rasonele en insiggedrewe samelewing na 'n meer pluriforme en buigbare samelewing, waar die mense weer meer op mekaar sal fokus. Hy (Dingemans 1996:117) noem ook Van Peursen, wat in 1970 in sy boek *Strategie van de Cultuur*, die drie stadiums onderskei, naamlik: *misties*, *ontologies* en *pragmaties*, wat verwys na die pre-moderne, moderne en postmoderne tyd.

Met die skuif na 'n meer pragmatiese, sosiaal-konstruksionistiese fokus in die praktiese teologie is dit te verstane dat die kommunikasieteorie vir prediking moet verander. Sommige praktiese teoloë gebruik nog steeds die *dialogiese* kommunikasieteorie, maar pas dit aan in die postmoderne idioom. Ander behou die model, maar probeer sy karakter herwin en behou vir die nuwe tyd. Die *dialogiese* as kommunikasieteorie het baie waarde vir die prediking, die narratief van God bly 'n *realiteit* om te kommunikeer, maar ek verkies 'n meer omskrywende, duidelike teorie wat beide die moderne en die postmoderne idioome kan tevrede stel. Die *dialogiese* model het te veel oortuiging, feitelikheid, afstand tussen partye en waarheidsaansprake, wat daarin opgesluit is, vir 'n intratekstueel, narratief pastorale kommunikasieteorie.

Die rol wat narratiewe speel in die identiteit van die gemeenskap, en die individu, speel 'n groot rol in die daarstel van 'n kommunikasieteorie vir die prediking. Ek sou daarom 'n kommunikasieteorie verkies wat die rol van narratiewe in ag neem. In die vorige hoofstukke is die sentrale rol van narratiewe duidelik uitgewys in die kultureel-linguistiese model vir die prakties-teologiese model wat ek gekies het. Die identiteite van die gemeenskap en individu word gevorm en in stand gehou deur narratiewe. Prediking en narratief staan daarom in direkte verband met mekaar, as pastorale modusse in die narratiewe lewe van die individu en gemeenskap. In die vorming en instandhou van die narratiewe identiteit speel interpretasie 'n baie belangrike rol, dit is in die vorige hoofstukke bespreek. Interpretasie geskied voortdurend deur die individu, prediking speel daarom 'n baie belangrike narratiewe *interpretasierol*, as pastoraat aan die lidmaat.

Die kommunikasieteorie wat ek wil voorstel is 'n *narratiewe interpretasiemodel*. Die konsep van *narratiewe interpretasie* sluit die voorstel van Campbell (Lose 2003:112), naamlik die *postliberale narratief* in. Hierin plaas Campbell die fokus op die narratiewe grond van die individu en gemeenskap, en eis dat prediking die hoorder daarin moet begrond (*participation*). Narratiewe interpretasie sluit ook die konsep van Rose (Lose 2003:112) in, naamlik *conversational*. Sy poog met hierdie voorstel om die kritiese afstand tussen die hoorder en die preek te behou (*distanciation*), sy gee hiermee minder *gewig* aan die Bybelse narratief en die tradisie van die gemeente, maar beklemtoon tog die essensiële rol van die hoorder as unieke persoon.

Die *narratiewe interpretasiemodel* as kommunikasieteorie beklemtoon die dialektiese interpretasie wat moet plaasvind tussen individu, Skrif en tradisie, anders verloor die narratiewe sy interpretasievermoë. Die hoorder, as unieke narratiewe identiteit, speel daarin 'n baie belangrike rol as kritiese afstand behou word.

Die intratekstuele, narratiewe pastorale kommunikasieteorie wat ek voorstel vir prediking is 'n *narratiewe interpretasiemodel*. Hierdie perspektief word duideliker in die verdere bespreking.

### 5.2.2 Intratekstueel, narratiewe pastorale werklikheidsbeeld

Freedman en Combs (1996: 22) se opsomming van die werklikheidsbeeld van die sosiaal-konstruksionisme is alreeds vermeld (5.2). Dit vertoon 'n *pragmatiese* ingesteldheid teenoor die *ontologiese* fokus van die moderne tyd. Prediking in 'n post-moderne tyd sal met hierdie werklikheidsbeeld rekening moet hou. Ek het alreeds na hierdie debat verwys en 'n oplossing voorgestel vir die praktiese teologie (3.2.2). Van Der Ven (2002:297) se voorstel is dat die *locutionary* aspek van die spraak-aksie van teologie 'n werklikheid voorstel waarin God met die mens wil kommunikeer en dat God as persoon bestaan, anders maak die *illocutionary* / *perlocutionary* spraak-aksies nie sin nie. Binne hierdie argument dra prediking as spraak-aksie 'n *locutionary* werklikheid, wat in die narratiewe van die Skrif en tradisie van die geloof gemeenskap gedra word.

Om dit verder te beskryf wil ek beklemtoon dat die intratekstuele, narratiewe pastorale werklikheidsbeeld wat ek voorstel, *prakties* is. Dit word beleef in narratiewe kommunikasie en interpretasie, maar is ook 'n *ware* realiteit, omdat *daarvoor* gepraat word. Lose gee 'n goeie definisie van dié werklikheid.

This is not, to be sure, the kind of "reality" dreamt of by our modernist forebears. It is instead what Mikhail Bakhtin calls a "dialogic" understanding of reality that, at best, evinces what van Huyssteen describes as a "weak", "pragmatic", or "limited" form of realism. It is a "realism" that honors the limitations of our knowing imposed by our sociohistorical situation without despairing that those limits are insurmountable.

(2003:56)

Van Huyssteen self skryf oor hierdie *critical realism* as volg.

Critical realism in theology ... makes a proposal about the provisionality, but also the reliability, of our theological knowledge. Without losing the validity of the fact that all our knowledge is always socially contextualized, critical realists – with good reasons, but not on compelling grounds – claim reference for their tentative proposals.

(1997:43)

As intratekstuele, narratief pastorale perspektief op die werklikheid verkies ek 'n *dialogiese realisme*. Dialogiese realisme plaas die fokus op die narratiwiteit van die werklikheid waarmee daar in die prediking omgegaan word; dit is 'n dialogiese werklikheid wat gedra word in narratiewe, daarom is dit sosiaal gekontekstualiseerd, tydelik, maar tog ook betroubaar as realiteit.

### 5.2.3 Intratekstueel, narratief pastorale hermeneutiek

Long (1993:168) verwys na die geweldige skuif wat die werk van Fred Craddock, *As One Without Authority*, teweeg gebring het in die homiletiek. Die tyd van die *hermeneutiek van die hoorder* het toe aangebreek. Voorheen is die luisteraar as hoorder van die preek nie waarlik erken nie, wel die inhoud (homiletiek) en oordrag (retoriek) van die preek. *Luisteraar-georiënteerde* prediking het gekom om te bly.

Pieterse (1991:97) wys ook daarop dat daar in die hermeneutiek in die verlede meer toegespits is op die prediker se verstaan van die Skrif in die prediking. Weinig aandag is aan die hermeneutiese proses gegee, naamlik, dit wat tussen die boodskap van die preek en die hoorder gebeur. Volgens Venter (1996:14) gaan dit in die wetenskap van die hermeneutiek oor die proses van *verstaan*. Pieterse (1991: 97-128) bespreek die hermeneutiese proses as die verstaan wat plaasvind vanuit die hoorder se eie teologiese tradisie en ervaringsveld; dit loop uit in die erediens as fokuspunt.

Long (1989: 81) beklemtoon dat Craddock se hermeneutiese skuif na die hoorder prediking weer opwindend gemaak het. Teenoor die prediking van proposisies, wat deur die prediker in die eksegeese ontdek is, en op 'n *akademiese, retoriese* manier oorgedra is aan die hoorder, is die klem geplaas op die opwindende ontdekking van die Skrif se waarheid deur die hoorder. Die taak van die prediking is om die hoorder op hierdie hermeneuties opwindende proses te begelei (Long 1989:81). Daar is met baie ander maniere van prediking geëksperimenteer, beeldend, narratief, gespreksgewys ens. Tog het Craddock nog steeds klem geplaas op die oordrag van een kernpunt in die preek, een proposisie; dit was die kritiek van sommige teoloë teen hom. Aan die ander kant van die meningspektrum oor prediking is gevoel dat prediking net 'n losse saamflansing van 'n paar idees kon word sonder 'n sentrale idee. Long (1989:85) noem die idee van Buttrick dat die Teks 'n *boodskap* het en ook 'n *intensie*; prediking moet daarom 'n boodskap oordra maar ook 'n intensie met die hoorders bewerk.

Die meeste van hierdie en ander hermeneutiese modelle gaan egter uit van die moderne idee van die oordrag van proposisies in die preek. Dit hou nie rekening met die dinamika van narratiewe en die sosiaal-konstruksionistiese manier van kennisoordrag en groei nie. Dit neem nie in ag dat gemeenskappe en individue 'n narratiewe identiteit vorm en dat interpretasie die rol van prediking is nie. Prediking vervul nie 'n kennisoordragfunksie in die kultureel-linguistiese, prakties-teologiese model nie, maar 'n *narratiewe interpretasierol*, as pastorale prediking. Prediking verteenwoordig 'n narratief, Bybelse en tradisionele narratiewe identiteit, daarom is prediking eintlik 'n narratief in sigself, wat 'n *narratiewe interpretasierol* vervul.

Ek verkies om die perspektief van intratekstuele, narratief pastorale prediking as narratiewe interpretasie hermeneuties te verstaan as 'n *dialektiese beweging van narratiewe*.

Jervolino (1996) bespreek die besondere hermeneutiek van Gadamer en Ricoeur, wat altwee met die onderskeid tussen teorie en praktyk gewerk het. Ricoeur se hermeneutiek van aksie en teks beskryf die soort hermeneutiek wat gevra word in 'n kultureel-linguistiese model van praktiese teologie. Jervolino som uitstekend op wat Gadamer en Ricoeur reggekry het met hul hermeneutiek (1996:71). "... – and here emerges the emphasis on human finitude which the two masters of hermeneutics share – is not viable in the Hegelian form of a total knowledge, but rather as a unity among opposing tensions producing mediations that are always finite and 'imperfect'." Hulle kry dit reg om die spanning tussen teorie en praktyk op te los, en so is 'n moontlikheid geskep om meer met die *menslike* kant van waarheid en verstaan besig te wees as met die proposisionele van die moderne tyd. Jervolino (1996:72) haal Efesiërs 4:15 aan as die teologiese opsomming van Ricoeur se hermeneutiek, "..., *in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is,...*".

Twee stelde dialektiese konsepte is deur Ricoeur gebruik om die werking van die hermeneutiek van aksie of taal te beskryf. Eerstens gebruik hy 'n dialektiek van verstaan en verduideliking:

According to Ricoeur, the interpretation becomes an event – becomes actualized – only when it is "appropriated" by the interpreter. This is not to suggest that the interpreter now "owns" the text or its meaning, but rather that the interpreter has "entered into" the interpreted meaning of the text – and therefore is open to being changed by it – via the interplay of participation and distanciation.

(Lose 2003:57)

Die navorsing oor die rol van pastorale prediking in die prakties-teologiese, kultureel-linguistiese model van teologie het getoon dat prediking op hierdie manier verstaan moet word.

Prediking dra nie *waarheid* (modernisties) oor nie, maar nooi die hoorder uit om deel te word van 'n narratiewe werklikheid wat die hoorder moet *vervreem* (*distanciation*) van sy/haar eie narratiewe verstaan; die hoorder moet dan *deel* (*participate*) in die ander verstaan van die prediking, en 'n nuwe *interpretasie* (*appropriation*) vorm, wat nie permanent is nie, maar weer *vervreem* kan word deur 'n nuwe aksie (prediking).

Tweedens gebruik Ricoeur 'n *dialektiek van narratiewe hermeneutiek*. Jervolino stel Ricoeur se denke as volg.

Narration, or the creative imitation of action, has the power to prefigure, configure and refigure praxis. In this threefold dialectic it responds poetically to the aporias of the intimate awareness of time, experiencing and preserving a human sense of temporality and history. The identity of historical subjects ..., won in the course of a reflexive journey through the whole field of human action, taken as an analogical unity of plural, polysemic forms - ...

(1996:75)

Jervolino (1996:75) se opsomming van Ricoeur se narratiewe hermeneutiek, en soos beskryf deur Demasure & Muller (2006:410-411), is die hermeneutiek wat ek wil voorstel vir intratekstuele, narratiewe pastorale prediking.

Prediking as narratiewe interpretasie, vervul 'n pastorale rol deur narratief hermeneuties 'n *prefigurasië*, *konfigurasië* en *herfigurasië* by die hoorder te weeg te bring. Hierdie dialektiek word, solank daar geskiedenis is, voortgesit.

#### **5.2.4 Intratekstueel, narratief pastorale ekklesiologie**

In die homiletiek verstaan teoloë dat die gemeente 'n essensiële, unieke rol vervul in die spraak-aksies van die geloofsgemeenskap. Die prediking is nie die enigste aksie wat plaasvind waardeur die lidmaat met die narratief van die Skrif gekonfronteer word nie. Long stel dit as volg: (1993:188) "Therefore, homiletics must now give major attention to that which has been only a minor motif in the past: ecclesiology. The doctrine of the church, as the speech community of God, will provide the framework for any truly pertinent homiletic."

Die gedagte aan 'n ekklesiologie lei hier veral na die konsep van gemeentebou, wat in die afgelope tyd baie sterk in die Nederduits-Gereformeerde Kerk na vore gekom het. *Gemeentebou* het waarskynlik 'n brandpunt geword omdat die praktyk van gemeentebestaan en -identiteit afgeskeep is in die moderne beklemtoning van teorie.

## Nel omskryf gemeentebou as volg.

In *gemeentebou* gaan dit ten diepste om 'n Woordgehoorsame gemeente, om menswees in diens aan dié Woord van die Koning en uiteindelik om menswees voor God. Dit gaan om 'n gemeente wat homself vanuit die Woord verstaan. Dit is die dieptepunt van identiteitsverstaan in die gemeentebouteologie. Wanneer die gemeente lewe uit die Woord, vervul die liggaam sy roeping in gehoorsaamheid aan die Hoof wie se Woord dit is. Vanweë hierdie werklikheid is die prediking en gemeentebou direk op mekaar betrek.

(1996:105)

Die meeste van die gemeentebouteologie en -praktyk was egter vanuit 'n moderne perspektief, wat gefokus het op teoretiese toepassing van strategieë en beginsels, wat wel vanuit die teologie en Bybel ontstaan het, maar nie waarlik sosiaal-konstruksionisties te werk gegaan het nie (Hendriks 1992, Burger 1999). Die waarde van hierdie poging en arbeid in die Kerk kan egter nie onderskat word nie, maar die hermeneutiek van narratiewe, en nie die oortuiging deur teorie, sal moontlik 'n meer dieper identiteitsverandering meebring.

Hierdie keuse vir 'n ekklesiologiese perspektief hou verband met die kultureel-linguïstiese model vir pastorale prediking. Die denke van Gerkin (1997) oor die pastoraat wat in 'n kultureel-linguïstiese model van teologie deur die gemeente verrig word, soos in hoofstuk 1 breedvoerig bespreek, speel 'n belangrike rol in die ekklesiologie van pastorale prediking. Die rol van narratiewe, op 'n sosiaal-konstruksionistiese wyse, in die vorming en instandhouding van die gemeente en die individu se identiteit speel 'n groot rol in die ekklesiologie vir pastorale prediking.

Die keuse van *intratekstuele ekklesiologie van roeping en sorg* beteken dan die volgende. "Intratekstueel" verwys na die rol van tradisie en die Skrif in die gemeente, en sy besondere verband met die konteks waarin die gemeente hom bevind, word gedra in die *roeping* van die gemeente. Die gemeente is 'n gemeente van *sorg*, waarin die *narratiewe hermeneutiek* sentraal staan as wyse van sorg.

### 5.2.5 Intratekstueel, narratief pastorale beelde en verbeelding

Die keuse van 'n spesifieke perspektief vir die gebruik van beelde en simbole in intratekstuele, narratief pastorale prediking was belangrik, aangesien dit 'n onderwerp is in die homiletiek waarvoor baie gedink en geskryf word (Breytenbach 1988, Cilliers 1998, Long 1989, Wilson 1993).

Dingemans skryf oor die uitdagings vir die kerk en prediking in die postmoderne tyd, en hy verwys veral na die geheimenis van God as persoon, waarmee die Kerk besig is.

Lyotard kan ons weer leren dat het in de bijbel in eerste instantie gaat om iets of iemand, dat/die een *onrepresenteerbaar* geheimenis is. De bijbelse verhalen *bevatten* een geheim, ze definiëren het niet. God is er in aanwezig. Maar als de afwezige. Als de sprekende stilte. Als een intrigerend geheim. En soms spreekt Hij, omdat ik hoor.

(1996:123)

Leerstellige teorieë skiet altyd te kort as van God gepreek word. Dingemans stel die volgende voor vir prediking in die postmoderne tyd (1996:127). “Preken werd tot nu toe bijna altijd gelijk gesteld met verkondigen ... [I]n het verhaal is over het algemeen meer ruimte voor de eigen interpretatie en voor de eigen fantasie van de hoorders dan in een betogende preek. Betogende preken zijn vaak sterk argumentatief en persuasief.” Hy verkies die preek as verhaal/narratief, veral omdat 'n verhaal meer perspektiewe open vir interpretasie. “Dat beteken dat preken niet meer één uitleg van een tekst kunnen geven die zouden moeten openen, waar de hoorders zelf mee verder kunnen werken.”

Ek verkies dus 'n intratekstuele, narratief pastorale predikingsperspektief wat die interpretasievermoë van die narratief onderskryf. Die beelde en verbeelding wat van pastorale betekenis vir die gemeente sal wees, is die *narratiewe beelde en verbeelding*, wat die geloofsnarratief van die gemeente en die individu hermeneuties help met interpretasie.

### 5.2.6 Intratekstueel, narratief pastorale Skrifgebruik

Ek verwys die leser na die bespreking van die Skrif in seksie 3.5.2, waar die unieke aard van die Skrifuitleg, en die rol daarvan, in die kultureel-linguistiese model van teologiese beoefening bespreek is.

Die gebruik van die Skrif in die intratekstuele, narratief pastorale prediking is volgens sy eie aard, naamlik *intratekstueel*. Die Skrifgebruik is egter ook verbonde aan die *tradisionele* wyse van interpretasie, wat *realisties narratief* is.

Die navorsing met die medenavorsers, soos vervat in hoofstuk 2, se gevolgtrekkings toon ooreenkomste met die perspektiewe vir intratekstuele, narratief pastorale prediking. Hier volg 'n opsomming:

Gevolgtrekkings gemaak aan die einde van die persoonlike onderhoude.

1. Die praktiese navorsing met die medenavorsers toon 'n pastorale rol van prediking vir die medenavorsers, soos beskou vanuit die kultureel-linguistiese model.
2. Prediking speel 'n pastorale rol in die persoonlike narratief van die gelowige wanneer krisis plaasvind wat daartoe lei dat herinterpretasie plaasvind.
3. Prediking verbind die gelowige lidmaat aan die waardes en interpretasies van die Christelike narratief, soos gevind en gedra in die narratief van die geloofsgemeenskap en sy basisnarratief, naamlik die Bybel.
4. Prediking verskaf die taal (die *grammar*) waarin gelowiges hul ervarings verwoord en pastoraal vertolk; die taal en simboliek hiervoor word kultureel-linguisties voorsien en onderhou.

Gevolgtrekkings gemaak aan die einde van die groeps gesprekke.

1. Dit was opvallend watter rol die groep gespeel het in die gesprekke, dit was asof hulle 'n pastorale verantwoordelikheid teenoor mekaar aanvaar het. Die preke is soms gebruik om van die medenavorsers tot hulp te wees wanneer iets emosioneel of andersins uit hul lewens gedeel is.
2. Die groep het gevoel dat sommige van die preke hul lewenstorie se interpretasie kan raak.
3. Ek het bewus geword van die kultureel-linguistiese werking van prediking, dat dit die keuse en waardes van die persone versterk en uitbou wat reeds deel is van die Christelike geloofstradisie, dat selfs preke wat 'swak' as kommunikasie van die basisnarratief (Bybel) kon beskou word, tog 'n emosionele en sosiaal-konstruksionistiese betekenis vir medenavorsers kon inhou.



4. Dit was opmerklik dat medenavorsers verskillende ervarings en gedagtes gedeel het oor dieselfde preek, dit beklemtoon die sosiaal-konstruksionistiese betekenis wat aan die pastorale rol van prediking verleen word.

5. Kultureel-linguisties vervul simbole en rituele soos die doop van kinders en kerse vir medenavorsers baie. Aan die prediking is ook 'n *simboliese* betekenis gegee deur die medenavorsers. Sulke simboliek versterk die gevoel van "behoort aan 'n kultuur". Dit bring mee dat die preek dalk kan beskou word as swak, maar tog 'n simboliese betekenis het vir lidmate.

6. Prediking wat nie medenavorsers geraak het nie, het die teenoorgestelde kultureel-linguistiese reaksie ontlok as preke wat hul geraak het. Sulke prediking laat medenavorsers blykbaar ontevrede voel met die gebeurtenis, maar lei nie tot breuk met die kultuur nie, ten minste nie op die kort termyn nie.

Hierdie hoofstuk is verder as volg geskryf. Die verskillende doelwitte van prediking word bespreek (soos beskryf deur Baumann [1988]); daar is moontlik meer tradisionele beskouings, maar hierdie kan beskou word as verteenwoordigend van die huidige algemene beskouing van prediking. Telkens word die kultureel-linguistiese aannames daarop toegepas, afgelei vanuit my eie navorsing oor die narratiewe identiteit van die individu en gemeenskap en die ses perspektiewe vir intratekstuele, narratiewe pastorale prediking. Dit beklemtoon die verskille, of ander perspektiewe van die kultureel-linguistiese benadering. Daarna volg voorlopige gevolgtrekkings oor die doel van intratekstuele, narratiewe pastorale prediking.

Die tweede deel van die hoofstuk beskryf verskillende vorms van prediking, en daar word intratekstuele, narratiewe pastorale gevolgtrekkings oor elkeen gemaak. Dit word opgevolg deur finale gevolgtrekkings oor die intratekstuele, narratiewe pastorale praktyk van prediking. Die einde van die hoofstuk bevat my eie navorsingsnarratiewe oor prediking. In die volgende hoofstuk sal ek my prakties-teologiese, kultureel-linguistiese raamwerk vir pastorale prediking verwoord.

### 5.3 Prediking as pastorale hulp

Daar bestaan min literatuur oor die prediking as pastorale hulpmiddel. Die meeste literatuur daarvoor is geskryf in die pre-moderne en moderne benadering van die teologie, wat fokus op die oordra van reëls en dié taak beskou as lerend, dogmaties en teoreties. Die postmoderne fokus is dié van selfontdekking en vervulling, verbind aan die kontemporêre kultuur se waardes. Die rol van prediking in sy verhouding tot pastoraat, op 'n kultureel-linguistiese, prakties-teologiese wyse, is min ondersoek. Die meeste sosiaal-konstruksionistiese benaderings van die praktiese teologie is nog in 'n beginfase. Op die terrein van die pastoraat as individuele en groepsterapie is al baie werk gedoen. Selfs op die ander prakties-teologiese gebiede waar dit die funksionering van die kerk in die wêreld raak, is al in 'n mate werk gedoen. Die rol van prediking as sosiaal-konstruksionistiese modus word nou eers werklik ondersoek. Die meeste hiervan hanteer egter die prediking as modus op sigself, en fokus op narratiewe prediking. Dit behels die gebruik van narratiewe in die prediking en om die prediking op 'n narratiewe manier oor te dra aan die luisteraar, dus, narratiewe of storie-prediking. Dit ondersoek egter nie die prediking as deel van 'n kultureel-linguistiese narratiewe sisteem nie, en die verhouding wat dit dan tot die pastoraat het nie. Later in die hoofstuk word prediking as narratiewe modus in meer detail bespreek; dit sal die doel van kultureel-linguistiese, pastorale prediking seker beter kan dien.

#### 5.3.1 Prediking as gedragsverandering

Baumann maak 'n baie belangrike stelling (1988:205): die vraag van *doel* moet die prediker pla van die begin van die maak van 'n preek. Hy beklemtoon dat daar 'n doel in prediking moet wees. Vanuit die sosiaal-konstruksionistiese benadering en kultureel-linguistiese benadering kan prediking nie sonder 'n doel wees as dit 'n aksie is wat mense nodig ag in hul kultuur nie. Tog is dit 'n belangrike vraag om te vra oor prediking, al is dit net om seker te maak dat die oorspronklike doel nog nie verander het nie.

Baumann (1988: 205) stel die doel van prediking as *gedragsverandering*. Lose (2003:126) bespreek Rose se indeling van die vorige eeu se prediking. Sy noem ook die *transformatiewe* prediking as 'n styl. In die moderne tyd was dit die manier hoe prediking beskou is. Die definisie wat hy vir prediking gee is die volgende (Baumann 1988:13). "Preaching is the communication of Biblical truth by man to men with the explicit purpose of eliciting behavioral change." Sonder gedragsverandering as doel voel hy dat prediking nie bestaansreg het nie. Dit kan verskillende rigtings van gedragsverandering wees, byvoorbeeld verlossing, roeping, aanbidding, lof, belydenis, doop, kerklidmaatskap, psigologiese of emosionele genesing.

Die fokus in die tradisionele prediking is baie op die individu en die reaksie van die individu op die preek. Die rol van die groep is nie baie beklemtoon nie. Baumann noem vier doele van prediking, naamlik.

1. Kerugmaties
2. Didakties
3. Terapeuties
4. Profeties

Elkeen van hierdie vorms van prediking word kortliks bespreek; dit lyk belangrik om die onderskeid te toon tussen die tradisionele beskouing en die huidige sosiaal-konstruksionistiese navorsing se perspektief op die pastorale rol van prediking.

### **5.3.1.1 Kerugmatiese prediking**

Kerugmatiese prediking is ook genoem proklamasie of evangeliese prediking. Dit kondig 'goeie nuus' aan vir mense wat in die web van sonde vasgevang is en nie hulself kan red nie. Dit bied vergifnis en vrypraak aan in Jesus Christus as die Verlosser van die mens. Die geskiedenis van die kerk is getuie daarvan dat hierdie prediking werk. Lose (2003:126) noem C.H. Dodd en Karl Barth as die groot toonaangewers van kerugmatiese prediking. Baumann (1988: 207-208) noem 'n paar rigtings wat dié soort prediking kan inslaan.

#### **1 Intrek van die net**

Billy Graham is 'n goeie voorbeeld hiervan, waar daar 'n duidelike uitdaging gerig word aan mense om 'n keuse te maak om deel te word van die kerk, deur hul geloof in Jesus te plaas as verlosser. Die manier waarop die kerk tog ook groei is deur hierdie uitnodiging aan mense om deel te word daarvan.

#### **2 Lok die vis**

Dit is voorbereidingswerk. Baie evangeliese werk is om mense voor te berei en reg te maak vir 'n latere besluit om die deel te word van die kerk van Jesus Christus. Paulus skryf daarvan in 1 Korintiërs 3:6, 'Ek het geplant, Apollos het water gegee ...'.

#### **3 Oplei van die vissermanne**

Dit behels die oplei van gewone lidmate om evangelisasiewerk te doen. Dit sluit prediking in wat skool en oplei, en die praktiese blootstelling van lidmate aan evangelisasie.

Hoewel daar weerstand en agterdog teenoor evangeliese prediking is, kan dit nie maar net gelos word nie. Waarom moet dit gedoen word? Lukas 24:46, 47 gee die opdrag: "... So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder."

Baumann noem dan 'n paar kenmerke van kerugmatiese prediking.

### **1 Dit verkondig God se Heiligheid**

God se andersheid van die mens en sy skepping is 'n belangrike klem wat in die Bybel se narratief voorkom.

### **2 Dit beklemtoon die genade van God**

Efesiërs 2:8-10 beklemtoon die inisiatief van God, Hy is die groot evangelis. Mense vind nie self vir God nie, Jesus kom om te soek en te red wat verlore is. Kasregisterverlossing, soos Baumann dit noem, is on-Bybels. Christus alleen is genoeg vir die mens se nood.

### **3 Dit is kerugmaties**

Handelinge 2:14-42 stel Jesus Christus sentraal, daar is nie 'n goedkoop manier om deel te wees van die kerk nie; dit kom deur bekering.

### **4 Dit doen 'n beroep op die hele mens**

Evangeliese prediking moet intellektueel en emosioneel die persoon aanspreek, dit is so dat dit die werk van die Heilige Gees is wat mense tot geloof bring, maar dit beteken nie dat kerugmatiese prediking teologies en Bybels swak mag wees nie.

### **5 Dit is bifokaal**

Dit is nie so dat dit net oor die keuse tussen hemel en hel gaan nie. Verlossing is in die toekoms, maar dit is ook hier en nou.

### **6 Dit skep 'n geleentheid vir reaksie**

Daar word 'n uitnodiging gerig, waarop reageer kan word.

### **7 Dit hang af van die Heilige Gees**

As die uitnodiging en keuse van God kom, is daar geen emosionele of ander tegnieke nodig om mense die keuse te laat maak tot geloof in Christus nie. God die Gees sal mense na Christus trek.

### **8 Dit hang grotendeels af van die las van die prediker**

Die prediker moet die las van evangelisasie dra om so te kan preek.

### 5.3.1.1.(a) My intratekstuele, narratief pastorale opmerkings

Die kernaanname van die kultureel-linguistiese benadering is dat die individu sy/haar identiteit vind in die groep, en dat die keuse om te behoort 'n keuse is om die groep se narratief te assimileer as deel van die individuele narratief. Ek maak die volgende opmerkings aangaande kerugmatiese prediking.

1. Die keuse om te behoort, geskied volgens die kultureel-linguistiese benadering nie vinnig nie, maar oor 'n lang tyd van assimilering van die groep se narratief. Kerugmatiese prediking alleen, sonder 'n verdere gereelde blootstelling aan die identiteitsnarratief van die geloofsgemeenskap, sal nie slaag nie.
2. Kultureel-linguisties beskou speel die kultuur/groep 'n groter oortuigingsrol as voorheen erken. Die oortuigingsrol van die kerugmatiese preek alleen beteken niks as die rol van die groep nie in ag geneem word nie. Dit is eintlik die geloofsgemeenskap wat aan die kerugmatiese preek oortuigingskrag verleen in die lewe van 'n individu. Die oortuigingskrag van die preek speel nie so 'n groot rol as die behoefte van die individu om te behoort nie. Die preek verteenwoordig 'n narratief waarmee die individu wil assosieer.
3. As 'n individu reageer op die uitnodiging van die kerugmatiese preek, is die oortuigingskrag daarvan geleë in die narratiewe identiteit wat dit oordra en nie in die prediker se vermoë nie. Die prediker staan sekondêr tot die narratiewe aanspraak van die preek en groep.
4. Die positiewe reaksie van die individu op die uitnodiging van die kerugmatiese preek beteken dat daar 'n kultureel-linguistiese behoefte by die individu bestaan, 'n behoefte wat sosiaal-konstruksionisties geskep is. Kultureel-linguisties teologies beskou, is die behoefte sosiaal verwek deur die werking van die Heilige Gees, deur die gebruik van die Christelike kulturele konteks.

### 5.3.1.2 Didaktiese prediking

Hierdie vorm van prediking kan ook lerend, dogmaties genoem word, of soos in die NGK ook genoem, Heidelbergse-kategismus-prediking. Baumann (1988: 211) noem dat lidmate nie hierdie vorm van prediking baie aangenaam vind nie. Redes hiervoor is die volgende. Dit is gewoonlik teologiese debatte, logiese argumente, woordkastele, wat min aanvaarding vind. Min of geen van hierdie prediking fokus op die behoeftes, gedagtegang of belangstellings van die hoorders. Dit kom gewoonlik ook droog oor, omdat die prediker dalk nie regtig so wil preek nie, maar forseer word daartoe. Lerende prediking hoef egter nie droog en oninteressant te wees nie; predikers kan kreatief daarmee omgaan en dit interessant maak vir die hoorder.

Tog is hierdie tipe prediking nodig (Baumann 1988: 211). Die prediker staan tog in 'n lerende posisie, Christene is oningelig en weet min van die basiese aannames van die Christelike geloof. Baumann (1988: 211) stel dit as volg. "People do not know their faith. At the same time that there is ignorance of basic biblical teaching, there is a desire for significant wrestling with doctrinal truth on the part of many thoughtful people. They are not satisfied with the 'homilies on happiness'." Hy beklemtoon (1988: 211) dat geen preek eintlik nie-didakties kan wees nie, want alle Christelike verkondiging moet 'n teologiese inhoud bevat, as dit 'n ware mededeling van die Goddelike openbaring is. Preke oor Israel moet tog, volgens hom, teologiese aannames oor vergifnis, oordeel, sonde, genade, ens. bevat. 'n Preek oor Abraham kan tog nie anders as om die leerstelling van geloof aan te raak nie. 'n Preek oor die skepping kan nie anders as om God se verlossingsmotief aan te raak nie.

Hy noem die volgende karaktertrekke van 'n didaktiese preek.

#### **Dit is didakties van nature**

Die doel is lerend en is gerig op kennis en verstaan. Dit is die ontwikkeling van 'n Bybelse of teologiese konsep met goeie eksegetiese as fondament. Dit beantwoord die vraag: Wat leer die Bybel hieroor?

#### **Dit is prakties gerig**

Dit is wanneer die didaktiese preek die praktiese fokus verloor dat dit effektiwiteit verloor. Die teorie moet in die praktyk van die individu en gemeenskap grond vat.

### **Dit maak geloof wakker**

Goeie evangeliese prediking is ook goeie dogmatiese prediking, maar nie altyd nie. Geloof in Jesus moet gebou wees op goeie dogmatiese prediking, en nie op die goeie vorm van die preek, die vermoë van die prediker of die emosionele klimaat van die diens nie. Dogmatiese prediking is die beste vorm van evangelistiese prediking (Baumann 1988, bl. 212). Dit is deur definiëring, uitklaring en sorgvuldige uitleg van die Skrif dat die gemeente intellektueel toegerus word om die lig vir die wêreld te wees.

### **Dogmatiese prediking moet gefokus wees op die inhoud**

Dit is nie goed om te veel inhoud in te plaas in 'n dogmatiese preek, maar slegs 'n klein deel of konsep daarvan.

#### **5.3.1.2.(a) My intratekstuele, narratief pastorale opmerkings**

In die kultureel-linguistiese benadering kan die dogma ressorteer onder die kulturele tradisie en die tradisie van Skrifuitlegging. Die narratiewe identiteit van die geloofskultuur omvat daarom die dogma of kennis van die geloof.

1. Die oordra van kennis of dogma alleen, sonder 'n kulturele blootstelling aan die narratiewe identiteit van die geloofsgemeenskap, kan nie iemand oortuig om daardie spesifieke kultuur se identiteit aan te neem nie.
2. Waardes en die manier van leef binne 'n sekere kultuur word deur assimilering aangeleer, deur deel te word van die narratief van die kultuur, en nie bloot deur die hoor van dogma nie. Gedrag word bepaal deur narratiewe identiteit, en narratiewe identiteit word bepaal deur ervarings en belewensse as deel van die spesifieke kultuur waarvan die individu 'n lid is.
3. Binne die kultureel-linguistiese model word die gemeente nie intellektueel toegerus om lig vir die wêreld te wees nie, maar deur die verbintenis aan die Christelike narratief van roeping en diens, wat nie in dogma gedra word nie, maar in die Christelike narratief van Jesus Christus.
4. Hierdie manier van prediking kan nie meer slaag in 'n postmoderne gemeenskap, waar die fokus geplaas is op die individu se eie keuse tot deelname en assimilering nie.

### 5.3.1.3 Terapeutiese prediking

Hierdie vorm van prediking is gerig op die *heling* van mense (Baumann 1988: 213). Baumann klassifiseer dit onder *pastoral preaching*, *life-situation preaching* of *therapeutic preaching*. Persoonlike nood word hierdeur aangespreek.

Hierdie manier van prediking moet die basiese menslike natuur en sy optrede verstaan, volgens Baumann. Daarvoor is 'n goeie sielkunde nodig. Die prediker moet daarom 'n sielkundeagtergrond kry, maar die taal van die preek moet nie dié van sielkunde wees nie. Dit verklaar dalk waarom dit vroeër van NGK-teologiestudente verwag is, en nog steeds word, om sielkunde te studeer as voorbereiding vir die teologie en die prediking.

Terapeutiese prediking doen die volgende (Baumann 1988: 213-214).

**Dit identifiseer 'n probleem.**

Die probleem mag angs, bitterheid, haat, jaloesie, ens. wees.

**Dit definieer en beskryf die probleem.**

**Dit openbaar die moontlik verkeerde maniere van oplossings.**

**Dit bring die waarheid van die Skrif as antwoord vir die probleem.**

Hy noem dat die probleem van hierdie prediking is dat predikers soms nie 'n goeie sielkundigebegrip het nie, en dan baie ander probleme skep deur oor sekere sielkundige probleme te preek.

*Life-situation*-prediking kan lei tot die soek van hulp by die hoorder; die ideaal is eintlik dat sulke preke die luisteraar laat soek vir hulp. Alleen 'n prediker wat mense ken en moeite doen met hulle, kan sulke preke preek en dan beskikbaar wees om hulle vrae te beantwoord.

#### 5.3.1.3.(a) My intratekstuele, narratiewe pastorale opmerkings

Die uitgangspunt van hierdie vorm van prediking is dat die prediker die antwoorde het, gevind in die Skrif en in sy of haar sielkundige vaardigheid. Dit is 'n proposisionele manier van benadering, wat die voorveronderstelling het dat antwoorde in kennis en teorie gevind word. Die prediker is dan die *expert* wat dit toepas vir die luisteraar en individu. Die probleme hiermee is vroeër (hoofstukke 1 en 2) genoem. Die kultureel-linguistiese benadering beweeg heeltemal hiervan weg: die klem verskuif op die kultuur as draer van waarheid in die vorm van narratiewe en rituele.



1. Die Skrif moet intratekstueel geïnterpreteer word, volgens sy eie realistiese narratiewe, en nie deur 'n ander sielkundige bril wat vreemd is aan die werklikheidsbeeld van die Skriftuurlike narratief nie.

2. Mense word in die intratekstuele, narratief pastorale prediking gehelp met probleme deur hulle bloot te stel aan die Christelike narratief, wat in die gemeente tradisie verwoord is; mense identifiseer hiermee en herinterpreteer opnuut hul eie narratief na aanleiding daarvan.

#### 5.3.1.4 Profetiese prediking

Hierdie vorm van prediking word ook genoem sosiaal-profetiese prediking (Baumann 1988: 214). Dit is prediking wat sosiale ongeregtheid en verandering aanspreek. In Suid-Afrika is baie hiervan gepraat in die apartheidsera voor 1994. Redes waarom predikers en kerke nie sosiaal profeties optree nie kan die volgende wees (Baumann: 215).

1. **Detachment (Onbetrokkenheid).** Wanneer die leraar te betrokke is in huisbesoek, vergaderings, preekvoorbereiding, ens., dat hy/sy nie by die gemeenskap betrokke kan wees nie, kan dit lei daartoe dat sosiale kwessies nie raakgesien en beleef word nie.

2. **Onvoldoende akademiese opleiding.** Teologiese fakulteite doen min om hul studente aan sosiaalpolitieke vraagstukke bloot te stel en hulle te leer om dit aan te spreek in prediking.

3. **Teologiese liberalisme word gelykgestel met sosiale belang.** Ongelukkig is dit so dat sekere liberaliste met sosiale belange betrokke is, maar dit beteken nie dat alle persone wat by sosiale kwessies betrokke is, en daaroor preek, teologiese liberaliste is nie.

4. **Sosiale skeptisisme.** Baie kerke en predikers voel dat dit onmoontlik is om sosiale probleme te verander, dat dit daarom nie die moeite werd is om dit aan te spreek nie. Sosiale verlossing is onmoontlik, daarom word net gekonsentreer op persoonlike evangelisasie.

5. **Eskatologiese fokus.** Sommige het die oog so vêr op die toekoms dat die sosiale probleme van die hede nie raakgesien word nie. Baumann stel dit as volg (1998: 215). "All too often, waiting for His coming has taken the place of working until his coming."

6. **Diepliggende gevoel dat politiek vuil is.** Kerklike heiligheid word bedreig deur sosiale betrokkenheid. Predikers kan voel dat dit problematies is om sosiale kwessies aan te spreek wat politiek van aard kan raak.

**7. Vrees vir teenstand.** Sosiale kwessies is aanvegtend, daarom is dit beter om dit te vermy, as om verdeeldheid in die gemeente te veroorsaak. Die profeet kan braaf preek, maar die pastor beskerm die eenheid van die gemeente.

Baumann noem vervolgens 'n paar redes waarom sosiaalprofetiese prediking noodsaaklik is in die prediking (1988: 215-216).

**1. Bybelse lering vereis dit.** Baie Bybel tekste beklemtoon die belangrike rol van sosiale betrokkenheid as Christen. (Lukas 10:27, 1 Joh. 2:10-3:18, Ef. 2:10, Jakobus 1:27.)

**2. Geskiedenis vereis dit.** Baumann noem die geskiedenis van kerklike betrokkenheid by sosiale kwessies in Amerika. In Suid-Afrika kan tweeledig daarna verwys word. Daar was kerke wat aktief betrokke was met sosiale kwessies, daarvoor is gepreek en aksie geneem op verskeie maniere. Ander kerke, byvoorbeeld die NGK, het verkies om nie sosiale kwessies, soos rassisme, aan te spreek nie; die NGK het baie van sy sosiale rol in die samelewing hierdeur verloor. Uit die geskiedenis in Suid-Afrika kan duidelik gesien word dat dit onontbeerlik is vir 'n kerk om nie sosiale kwessies aan te spreek en daarvoor te preek nie.

**3. Ons menslikheid betrek ons.** As mens is dit onmoontlik om nie sosiaal betrokke te wees nie. Ons leef 'n sosiaal afhanklike lewe, ons is afhanklik van ander vir werk, kos, ens. Dit is verkeerd om tussen ander te leef en nie belang te stel in hulle nie. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan leer ons hierdie les.

Dit is moeilik vir die leraar/pastor van die plaaslike gemeente om profeties te preek, vir die besoekende prediker is dit dalk makliker, want hy/sy kan weggaan, maar nie die leraar nie. Die gemeente sal gewoonlik nie daarvan hou om aangespreek te word in verband met sosiaalpolitieke kwessies nie. As 'n plaaslike prediker profeties preek, moet hy/sy alreeds 'n vertrouensverhouding met die gemeente hê; die gemeente moet oortuig wees dat dit werklik om die Bybelse boodskap gaan en nie om persoonlike ideale van die prediker nie.

Baumann (1988: 217-218) noem 'n paar riglyne vir sosiaalprofetiese prediking.

#### **1. Ken die kwessies**

Voordat oor 'n onderwerp van sosiaalpolitieke belang gepreek word, moet moeite gedoen word om dit werklik te ken en te verstaan, veral vanuit die perspektief van die Bybel. Om spesifiek te wees is meer effektief as om in die algemeen te preek oor sulke onderwerpe.



## 2. Preek die hele evangelie

Die bewering dat 'n persoonlike, individualisties gesentreerde evangelie en 'n sosiaalprofetiese evangelie kan bestaan, moet vermy word. Daar is net een Evangelie wat beide die persoonlike en die sosiaalprofetiese bevat. 'n Liberale beklemtoning van net die sosiaalprofetiese perspektief, sonder die persoonlike aksent van die Evangelie, is nie getrou aan die Bybelse boodskap nie. Aan die anderkant is 'n eensydige klem op die persoonlike, sonder die aksent van die sosiale verantwoordbaarheid, ook 'n verdraaiing van die Bybelse boodskap.

## 3. Bely persoonlike onvermoë

Die prediker moenie probeer om as 'n kenner voor te kom nie. Erken eerder persoonlike tekortkomings, om te vermy dat die hele boodskap verwerp kan word as gevolg van 'n paar tegniese foute wat gemaak is.

## 4. Roep Christene tot aksie

Dit is nie genoeg om net 'n teoretiese appèl te rig aan die gemeente nie. Die goeie prediker sal die voorbeeld stel deur self sosiaal betrokke te raak, en so die gemeente te lei in betrokkenheid. Leer die gemeente dat kanse en misverstande deel van die proses is.

Daar is twee moontlike benaderings vir sosiaalprofetiese prediking. Die eerste is die *direkte* benadering: Die sosiale kwessies word duidelik genoem en aangespreek. Die tweede moontlikheid is die *indirekte* benadering: Beginsels van sosiale aksie word gepreek en geleer, die lidmate word dan vertrou om self die keuse te maak om betrokke te raak. Die gemeente voel dat hulself die besluit geneem het tot sosiale betrokkenheid. Dit moet egter alles in die lig van Bybelse riglyne geskied, waarvan baie te vinde is in Hosea, Amos, Jesaja, Jeremia of die lering van Jesus Christus.

#### 5.3.1.4.(a) My intratekstuele, narratief-pastorale opmerkings

In die vorige hoofstuk is die narratiewe identiteit van die gemeente beskryf. In 4.3 is die *publieke* karakter van die gemeente bespreek, met klem op die sosiale rol van die gemeente. In 4.5.4.1 is *roeping* as kultureel-linguistiese *grammar* van die gemeente bespreek. Ek maak slegs 'n paar opmerkings oor die prediking hier.

1. Sosiaal-profetiese betrokkenheid is deel van die Bybelse narratief; daarom is dit ook deel van die kultureel-linguistiese erfenis van die Christelike kultuur. In die geskiedenis is daar talle voorbeelde van Christelike aksie op sosiaal-profetiese manier, gerugsteun deur die Bybelse narratief.
2. Intratekstuele prediking veronderstel dat die konteks waarin die gemeente sigself bevind, deel vorm van die narratiewe identiteit van die gemeente, daarom is dit onmoontlik om nie die sosiale konteks by prediking te betrek nie.
3. Lidmate leef in die sosiale konteks, soos Baumann tereg uitwys; dit vorm dus direk, en indirek, 'n deel van lidmate se narratiewe identiteit. Prediking wat nie by die sosiale konteks waarbinne die lidmaat leef, aansluit nie, slaag nie as pastorale prediking nie.
4. As die prediker nie daarin kan slaag om 'n narratiewe, intratekstuele verband tussen die Bybel, gemeente en persoonlike narratief, konteks en die tradisie van die gemeente te vind nie, sal sosiaal profetiese prediking nie effektief wees nie.
5. As sosiaal-profetiese prediking nie intratekstueel-narratief is nie, kan die lidmaat nie narratief daarmee identifiseer nie, en dit sal die lidmaat nie pastoraal kan raak nie.

#### 5.4 Voorlopige gevolgtrekkings

Die doel van intratekstueel, narratief pastorale prediking is nie kerugmaties, didakties, terapeuties of sosiaal-profeties nie. Dit mag dalk wel van hierdie elemente bevat, maar die primêre doel kan nie in terme daarvan beskryf word nie.

Die doel van intratekstuele, narratief pastorale prediking kan as volg beskryf word:

**Die preek moet die individu narratief-hermeneuties raak, sodat dit lei tot 'n toe-eiening van die narratief van God se realistiese narratiewe openbaring in die Bybel en van die kulturele narratief van die geloofsgemeenskap waarvan hy of sy deel is, sodat die individu narratief sinvol kan leef binne daardie konteks.**

(Hierdie definisie van die doel van prediking kan beskou word as 'n sosiaal-konstruksionistiese definisie, meer spesifiek 'n kultureel-linguistiese definisie.)

Ek bespreek eers kritiek teen die prediking; dit kan help onthou wat die luisteraars van prediking verwag. Hierdie kritieke wat Markquart (1985) bespreek, saam met die gedagtes van my medenavorsers, het my gelei in die eindelike prakties-teologiese model vir intratekstueel, narratiewe pastorale prediking.

## 5.5 Kritiek teen prediking

My navorsing het die vraag opgelewer na die pastorale rol van prediking vanuit 'n kultureel-linguistiese model. Hierdie studie is nie primêr navorsing oor die aard en wyse van prediking nie, maar ek wil tog die kritieke teen prediking noem wat Markquart (1985: 22-47) bespreek. Hierdie kritieke teen prediking geld vir alle vorme van prediking. Daar kan seker meer as hierdie elf kritieke genoem word vanuit die perspektief van die postmodernisme, maar volstaan eers hiermee.

Ek noem hierdie kritieke teen prediking om twee redes. Die eerste is 'n uitvloeisel van hierdie navorsing, naamlik die essensiële rol wat prediking speel in die kultureel-linguistiese model van pastoraat. Prediking moet so effektief moontlik slaag in die pastorale rol wat dit in die lewe van die lidmaat kan speel. Tweedens kan hierdie kritiek help in die vorming van 'n prakties-teologiese model vir intratekstuele, narratief-pastorale prediking.

Die elf kritieke wat Markquart bespreek, kom grootliks van navorsing wat Reuel Howe gedoen het in Amerika onder die lidmate van verskillende kerke (Markquart 1985: 21). Dit is interessant dat van die sterkste kritiek teen abstrakheid en teoretiese inhoud gerig is wat nie die leefwêreld van die lidmate raak nie. As na die kritieke gekyk word, kan die afleiding gemaak word dat dit teen die moderne proposisionele benadering is van prediking, alreeds voor 1985, toe die boek geskryf is.

### **1 Die meeste prediking is te abstrak en akademies, te teoreties en teologies**

“Preaching tends to be an exposition of ideas, arguments, generalizations, assertions, abstractions, whereas the Bible is primarily story. We overestimate the power of assertion, and we underestimate the power of narrative to communicate meaning and influence the lives of our people.” (Markquart 1985:23.)

Ek dink hierdie tipe prediking was grotendeels die produk van die moderne tyd met sy klem op die abstrakte en rasonele. In die meeste prediking en gemeentes is dit besig om vervang te word met meer beeldende en simboliese prediking, wat narratiewe insluit.

### **2 Preke bevat te veel idees wat te kompleks is en te vinnig op die hoorder afkom.**

“The preacher is like a juggler of colored balls. His ideas are the balls, and a total concentration is required to keep all of them up in the air at the same time. A few years of this kind of preoccupied preaching and the whole congregation could get up and silently tiptoe out without his ever missing them.” (Markquart 1985: 27.)

Dit is eerder beter om eenvoudige prediking te gebruik wat groot waardes oordra, as om die luisteraars te probeer beïndruk met kennis en geleerdheid.

### **3 Daar is te min belangstelling in die behoeftes van mense.**

“As simple and as obvious as this may sound, the fact is that most preaching in all cultures today ignores peoples’ deepest human needs. Preaching must speak to the human condition. However clever an idea, if it does not speak to real need, it is useless.” (Markquart 1985: 29.)

Met die koms van die sosiaal-konstruksionistiese benadering word hierdie kritiek geaksentueer. Mense kom luister nie na preke om kennis te ontvang nie, maar omdat hulle in eenvoudige taal oplossings vir hul behoeftes soek.

### **4 Daar is te veel teologiese en Bybelse taal in die prediking.**

As predikers is ons opgelei in teologiese en Bybelse taal, dit mag ons aanspreek en opgewonde maak, maar dit is nie die algemene taalgebruik van die luisteraars nie. Woorde soos verlossing, genade, kruis, redding, ensovoorts het dalk nie dieselfde betekenis vir die hoorder as wat dit vir die prediker het nie.

“Just as Jesus used the secular language of his time (as did the Biblical writers), we need to use the living language of our people.” (Markquart 1985: 32.)

Dit is belangrik om enige filosofiese, teologiese of Bybelse begrip te beskryf met ’n narratief, beeld of simbool, waarmee die luisteraar kan identifiseer.

### **5 Te veel tyd word spandeer om die verlede te beskryf en te praat oor die *Land van Sion*.**

“Biblical scenes and incidents may hold us too long in the past. The historical and textual introduction necessary in the study may have too large a place in the content of the sermon ... The preacher may be so interested in the antique world or in the methods of research that he never gets beyond them, never gets down to the here and now. Mistakes such as these may keep him/her speaking in the past tense until finally the backward look becomes his/her habitual attitude.” (Markquart 1985: 33.)

Dit mag wees dat die prediker meer tuis is in die verlede as in die hede, dat hy/sy veiliger voel om dááror te preek as oor alledaagse emosies, gebeure en ervarings.

## **6 Daar is te min illustrasies en dit is gewoonlik te literêr.**

Illustrasies wat op die hoorders geforseer word beteken nie baie nie, hulle soek illustrasies wat uit hul eie leefwêreld kom, of waarmee hulle kan identifiseer.

Jesus is 'n goeie voorbeeld, sy stories en beelde het alles vanuit die leefwêreld van die mense van die tyd gekom.

“The key is to find illustrations that the laity themselves have experienced firsthand, that grow out of their everyday lives. Literary examples of that type can often be helpful.” (Markquart 1985: 34.)

## **7 In prediking is daar te veel slegte nuus en te min goeie nuus, te veel diagnose en te min prognose, te veel *wat is verkeerd met die wêreld* en nie genoeg *dit is wat ons kan doen om dit te verbeter* nie.**

'n Lidmaat het met my eie navorsing opgemerk dat hy nie die heelyd wil hoor dat hy verkeerd is nie, maar bietjie goeie nuus oor homself wil hoor. Waarom sukkel predikers hiermee?

“But why is it ... that the articulation of the gospel often seems the hardest part? Is it because in a fallen world images of sin and brokenness always seem closer at hand than the images of grace? Is it because we as preachers find some strange corner of our egos more satisfied by exposing darkness than by announcing light?.” (Markquart 1985: 36.)

Dit mag baie meer energie en inspanning van die prediker verg om die goeie nuus van die Evangelie te verwoord en uit te beeld, as die slegte, daarom is dit dalk nie die normale manier van prediking nie.

## **8 Preke is gewoonlik te voorspelbaar en passieloos.**

“Preachers often tell people what they want to hear; we don't expect much change. Pastors, like the laity, are primarily committed to our cultural creeds of family, career, and standard of living. The sermon is a nice Sunday pattern we repeat again and again, which helps retain our moral values, traditions, and sense of middle-class mystery. Kierkegaard's Christendom is here!” (Markquart 1985: 39.)

As die luisteraars nie iets het om na uit te sien op 'n Sondag nie, want die prediking is voorspelbaar, spel dit probleme. Die afgelope vyf jaar is ek deel van 'n span van drie leraars, wat 'n veelheid van spyse vir die lidmate gebring het. Hulle was opgewonde om na die dienste te kom, as predikers het ons nie die tradisionele liturgie slaafs gevolg nie, maar baie kreatief afgewissel en aangepas om by 'n sentrale tema te pas van die diens.



### **9 Baie prediking is moralistiese prediking.**

Moralisties beteken hier: ooraksentuering van persoonlike gedrag. Hierdie tipe prediking is soos die spreekwoordelike *water op 'n eend se rug*. Dit het gewoonlik nie die gevolge wat verwag is nie, soos die tiener wat ten spyte van die ouers se baie pogings nog steeds sy kleres op die grond gooi, omdat dit nie vir hom 'n probleem is nie. Moralistiese prediking slaag nie, want dit spreek nie eerste dinge eerste aan nie. Jesus het gesê 'n boom sal aan sy vrug geken word. Die Christen het tog klaar die genade ondervind en hoef nie aangemoedig word om te leef soos 'n Christen nie. Genade kom tog voor daad, nie daad voor genade nie. Met die studie van Grieks is ons geleer dat die imperatief uit die indikatief vloei. Die prediker moet eerder op die indikatief van die Evangelie fokus, die imperatief sal self volg in die lewens van die lidmate.

### **10 Predikers spandeer nie genoeg kwaliteitstyd aan studie nie.**

Administrasie neem deesdae die meeste tyd van die prediker in beslag, daarom kan hy/sy nie genoeg tyd spandeer aan voorbereiding van die preek nie. "Today it is administration which gets the lion share of one's energy. What is left is apportioned to counseling and routine pastoral care, 'board sitting' on community agencies; *sundry matters have displaced Sunday matters.*" (Markquart 1985: 43.)

### **11 Prediking bestaan te veel uit *Saterdag-gedagtes*.**

Ek moet eerlik wees en erken dat dit soms met my die geval is dat 'n preek eers Saterdag-gedagtes geskryf word. Die vraag kan tereg gevra word of die prediker die erediens en preek so belangrik ag as wat dit in werklikheid is. Daar moet 'n skaamte wees by 'n prediker as hy/sy moet erken dat 'n preek eers op die aand voor die tyd geskryf is; dit dui 'n soort *oneerlikheid* aan met die taak wat eintlik gedoen moet word.

Hierdie kritiek is nie lekker om te hoor of te lees nie. Gewoonlik is die meeste lidmate nie eerlik oor die prediker se prediking nie. Hulle weet dat ons dit gewoonlik persoonlik opneem, te lig geraak is daarvoor, dat ons ego's dit nie kan hanteer nie. Die meeste beroepe het 'n vorm van terugvoer waaraan diens getoets kan word; die terugvoer vanaf die luisteraars van prediking geskied nie eintlik nie. Dit is belangrik om hierdie kritieke wat Markquart genoem het, nie net vinnig te lees nie, maar goed te laat insink, sodat dit deel van ons persoonlike preek raamwerk sal word.

In my persoonlike onderhoude met die medenavorsers was dit duidelik dat preke wat onthou word, spesifieke lewenservarings aangespreek het deur beelde of narratiewe; die teks waaruit gepreek is of die abstrakte argument word nie onthou nie.

Dit is opmerklik dat die meeste kritiek gerig is op die moderne manier van prediking, wat voorskriftelik en teoreties oorgedra word.

## 5.6 Op soek na 'n vorm

Watter vorm kan die intratekstuele, narratief-pastorale preek aanneem? Die doel en perspektiewe is bespreek, slaggate is uitgewys, maar die vorm is 'n probleem. Daar is in die homiletiese literatuur baie vorms van prediking bespreek. Ek gaan vorme bespreek wat aansluiting vind by die kommunikasieteorie wat ek uitgewys het as die perspektief van intratekstuele, narratief-pastorale prediking, naamlik, *narratiewe interpretasie* (5.2.1).

### 5.6.1 Dialogiese prediking

Dialogo, as wetenskaplike konsep, is 'n produk van die moderne tyd. Dit is in alle terreine van die samelewing toegepas. In die onderwys het dit die gevolg gehad dat meer op groepswerk gekonsentreer is, in die plek van 'n lesing deur een persoon. In die teologie, veral die sendingwetenskap, het dit skerp teologiese debatte laat ontstaan oor die inklusiwiteit of eksklusiwiteit van die Christelike Godsdienst. Pogings is in die teologiese veld aan die gang om meer openheid te bewerk sodat daar meer dialoog met ander godsdienste kan ontwikkel. Die konsep wat Van Huyssteen (1997) gebruik, naamlik *Postfoundationalist Theology*, open ook die weg vir meer dialoog tussen verskillende oortuigings en kulture.

Dialogo is nie vreemd aan die Bybel as kommunikasie manier nie. In die Psalms kom tweegesprekke voor; ook in die profete en die evangelies word dialoog gebruik om lering of 'n boodskap oor te dra. Dialoog is 'n dinamiese konsep wat kreatief in die prediking gebruik kan word, veral in die postmoderne tyd, waar lidmate self wil deelneem aan opinievorming en nie voorskriftelik hanteer wil word nie. Pieterse kies as kommunikasieteorie die dialogiese model (1988:20). Ek is van mening dat die skuif wat in die prediking plaasgevind het vanaf *monoloog* na *dialoog*, een van die tekens was van die skuif van die moderne tyd na die postmoderne, daarom wil ek dit kortliks bespreek. Ek is egter van mening dat die tradisionele beskouing van dialogiese prediking nie die beste vorm, of intensie, vir die intratekstuele, narratief-pastorale prediking is nie.

### 5.6.1.1 Definisie van dialogiese prediking

Baumann (1988:261-262) haal 'n paar geleerdes se definisies aan oor dialoog. Hy voel die meeste hiervan is nie geskik vir die spesifieke dialoog van prediking nie. Hy haal dan vir Harry Emerson Fosdick aan wat die volgende geskryf het oor die dialogiese prediking.

A Sermon should be a cooperative enterprise between the preacher and his congregation. When a man has got hold of a real difficulty in the life and thinking of his people and is trying to meet it he finds himself not so much dogmatically thinking for them as cooperatively thinking with them. His sermon is an endeavor to put himself in their places and help them to think their way through.

(1988: 261)

Hierdie definisie beklemtoon dat ware dialogiese prediking nie vir die luisteraar dink nie, maar saam met hulle dink. Baumann (1988: 262) sê verder. "A dialogical attitude is predicated upon the experiences of a dialogical person who moves sensitively among his people and is thereby enabled to experience with them the kinds of life-like problems that punctuate human existence." Dialogiese prediking is meer afhanklik van verhoudings as van 'n manuskrip.

Pieterse kom tot 'n opsomming van wat dialogiese prediking is nadat hy 'n pad deur die geskiedenis loop, vanaf Plato en Socrates tot by Marthinus van Schoor (1988:10-20). "..., is dat die kommunikasie intermenslik is; in vryheid en op gelyke voet geskied; dat onderlinge begrip ontstaan deur die deel, die meedeel en vertolking van die evangelie; en dat dit bestaanskommunikasie is." (Pieterse 1988:20.)

Dialogiese prediking het probeer om weg te breek van die objektiewe en proposisionele manier van prediking, maar het egter nog steeds gebly by die uitruil en oordra van kennis.

### 5.6.1.2 Waardes van dialogiese prediking

Baumann noem die volgende waardes van dialogiese prediking (1988: 263-264).

**1 Dit roep 'n hoë belangstellings vlak by die gemeente op.** Dit is 'n vars en interaktiewe manier van prediking, dit betrek dus die lidmate meer, dit forseer die identifikasie met sprekers.

**2 Uitklaring.** Kwessies bly soms vaag, maar met dialogiese prediking word kwessies skerper aangespreek en bring groter verstaan. Interaksie tussen persone bring kwessies na die oppervlak, en dit kan duideliker hanteer word.

**3 Dit forseer lidmate om kwessies te hanteer.** Die betrekking van soveel moontlik persone in die gesprek kan daartoe lei dat 'n luisteraar nie belang verloor by 'n onderwerp wat hom/haar nie interesseer nie.

**4 Dit verdiep geloof.** Luisteraars wat deelneem, word gelei tot meer nadenke en groei in hul geloof as andersins. Hulle word gehelp om self uitsprake te maak oor geloof, wat andersins nie sou gebeur nie.

### 5.6.1.3 Vorme van dialogiese prediking

Daar is basies twee vorme van dialogiese prediking, volgens Baumann (1988: 264).

#### 5.6.1.3.(a) Kanseldialoog

Kanseldialoog vind plaas waar twee of meer mense in die liturgiese ruimte optree, maar waar die gemeente nie betrek word nie. Die persone kan sigbaar wees of nie sigbaar wees vir die gemeente nie, dit kan ook net een persoon wees wat die dialoog voer. Die moontlikhede hiervoor is baie. Die doel van hierdie prediking is om die gemeente so ver te kry om te reageer, deur te identifiseer met 'n spreker of met 'n konflik of kwessie wat aangeraak word. Vier patrone het in dialogiese prediking ontwikkel.

#### 1 Die dialoog van ondersteuning

Die doel van hierdie dialogiese preek is om inligting te deel waaroor die gemeente reeds saamstem. Geen spesifieke verskille of kwessies word aangespreek nie. Die boodskap word tussen die deelnemers verdeel, en nie deur een persoon oorgedra aan die gemeente nie.

#### 2 Die dialoog van ondersoek.

Die een persoon tree as vraesteller op en die ander persoon beantwoord die vrae wat gestel word. Versigtigheid moet aan die dag gelê word dat die antwoorde nie oorkom as vooraf aangespreekte antwoorde nie; dit moet opreg oorkom.



### **3 Die dialoog van konflik.**

Die mees effektiewe manier van dialogiese prediking is waar daar 'n konflik of verskil van opinie bestaan. Persone word dan forseer om te identifiseer met een van die opinies. Dit het die vermoë om die luisteraar baie meer te betrek by die dialoog, die een persoon kan die goeie wees en die ander die slegte. Die dialoog sal ideaal wees as die twee standpunte gevoelens of oortuigings in die gemeente verteenwoordig. Deelnemers kan Bybelfigure voorstel, en die manier hoe dit gedoen word, kan baie kreatief toegepas word.

### **4 Saamgestelde patrone van dialogiese prediking.**

Hier word ander media bygevoeg by die dialoog, byvoorbeeld musiek, sang, ens.

#### **5.6.1.3.(b) Gemeentedialoog**

Gemeentedialoog is 'n tipe terugvoer of gesprek van die gemeente af, gedurende die diens, daarna, of daarvoor. Die lidmaat word hierdeur bewus daarvan dat hy/sy meer is as iemand wat net in die bank sit en ontvang; daar is geleentheid vir interaksie of reaksie. Die lidmaat word deel van die proses.

Gemeentedialoog geskied voor die preek, na die preek of gedurende die preek.

#### **1 Voor die Preek**

Gemeentedialoog kan bestaan uit die gesprekke wat die leraar in die week met lidmate het. Hierin word emosies, idees en gedagtes gedeel. Die leraar mag selfs oor sy/haar preek die volgende Sondag met die lidmate praat en hulle kan kans kry om daarvoor saam te praat. Soms word Skrifgedeeltes vir die gemeente gegee wat gelees kan word in die week vooraf, wat sal aansluit by die Sondag se preek; vrae word ook saam met gedeeltes gegee vir gesinne om te bespreek.

Preekseminare oor die komende preek kan gehou word vroeg in die week, met 'n paar lidmate. Die lidmate studeer die teks deur kommentare en verskillende vertalings daarvan te gebruik. Die groep kan gelei word deur die leraar. Met die insigte wat die leraar so ontvang kan hy/sy die preek voorberei.

Baumann (1988: 267) stel 'n preekkomitee voor. Die komitee kom ook vroeg in die week bymekaar, nadat hulle die Teks vir die preek gelees het. Die groep bestaan uit persone uit verskillende vlakke van die gemeente; hulle deel dan hul insigte met mekaar en met die leraar. Die groep mag elke drie of vier maande verander om soveel moontlik gemeentedele hierby te betrek oor 'n aantal jare.

#### **2 Gedurende die Preek**

Dit kan op twee moontlike maniere geskied. Die eerste is die vrae van vrae gedurende die preek, aan die leraar. Die leraar kan die gemeente inlig dat hulle welkom is om ter enige tyd vrae aan hom/haar te stel. Die gevaar bestaan dat een of meer persone later die gesprekke kan domineer deur altyd die vraestellers te wees; daarom moet dit dalk nie met elke preek gedoen word nie.



Die tweede moontlikheid is 'n *help-my-preek*-benadering. Die leraar gebruik 'n wit bord of projektor. Die Teksgedeelte word gegee en die gemeente word betrek om self die tema, boodskap en beelde te ontdek, sodoende word 'n preek geskep deur die gemeente self.

### **3 Na die Preek**

Die leraar kan gebruik maak van 'n mikrofoon wat aangegee word in die gemeente; lidmate kry dan die geleentheid om vra te vrae oor die preek, gedagtes daaroor te deel, eie ervarings te deel, verder illustrasies te gee, ens. Preke kan kort gehou word en meer tyd kan toegelaat word vir gemeentebespreking. Klein besprekingsgroepies kan in die gebou gevorm word vir bespreking. Vrae word dan gegee wat die groepies kan bespreek, en hulle kan terugvoer daaroor gee.

#### 5.6.1.4 Intratekstueel, narratief-pastorale opmerkings

Die opmerkings wat ek maak, geskied vanuit die perspektief van die kultureel-linguistiese, prakties-teologiese model waarmee ek werk in die navorsing.

1. Die dialogiese model van prediking kan die kultureel-linguistiese aard van die gemeente baie goed dien.
2. As die dialoog intratekstualiteit kan bewerk, is dit uitstekend. As die dialoog bewerk kan word tussen die narratiewe van die Bybel, van die gemeente en van die individu binne sy konteks, skep dit die geleentheid vir narratiewe identiteitsvorming van die gemeente en individu.
3. Die kultureel-linguistiese, prakties-teologiese model plaas die fokus terug na die rol van die groep in die pastoraat. Dialogiese prediking betrek die groep, as die gemeente deel kan wees van die preek. Die groep kan meer geleentheid kry om linguisties te vorm aan die narratiewe identiteit van die individu.
4. Dialogiese prediking kan meer uiting gee aan die kultureel-linguistiese behoeftes van die lidmaat, deurdat die intratekstuele konteks van die lidmaat erken word.
5. Dialogiese prediking kan bereik dat die realistiese narratiewe van die Skrif nie op nie-sosiaal-konstruksionistiese maniere aan die lidmaat voorgehou word, maar wel op intratekstueel, narratief-pastorale wyse.

Wanneer ek die preekvoorstel van Rose (Lose 2003) bespreek, gaan die dialogiese prediking weer ter sprake kom. Ek glo dat die dialogiese vorm wel kan werk binne die intratekstuele, narratief-pastorale prediking, maar met 'n narratiewe-interpretasieperspektief.



## 5.6.2 Induktiewe prediking

Bartlett (1993:147) beskou Craddock se boek, *As One Without Authority*, as 'n boek in die homiletiek wat as 'n klassieke werk beskou kan word. Deur sy boek het Craddock 'n nuwe tyd oopgebreek vir die homiletiek, deur die deur oop te maak vir induktiewe prediking.

Die tradisionele vorm van die preek was 'n uitleg of skema, met hoofpunte en onderafdelings (Long1989:93). Daar is nie 'n probleem met die skematiese uitleg van 'n preek nie – dit is in 'n sekere mate onvermydelik – maar met die denke wat gepaard gaan met die uitleg. Long noem 'n paar logiese gevolge van 'n uitleg (1989: 95-97). Eerstens forseer die skematiese uitleg 'n logiese proposisie en afleidings. Die probleem is dat Skrif dan beskou word as 'n stel hoofkonsepte en -proposisies, met onderafdelings. Tweedens veronderstel die skematiese uitleg beweging of vloei in die preek, maar net die teenoorgestelde kan ervaar word. Met die oorgang van een idee of teorie na die volgende kan daar 'n hele denksprong wees, wat geforseerd oorkom by die hoorder. Dersens skep die skematiese uitleg 'n kommunikasieprobleem. Die oorspronklike doel van 'n skema is die logiese volgorde van feite, en nie kommunikasie nie. Dit word daarom meestal ervaar as 'n lesing en as oordrag van feite, en nie as effektiewe kommunikasie nie.

My eie beoordeling van die skematiese vorm van prediking is dat dit goed gewerk het in die moderne paradigma, waar epistemologie beskou is as die ken van absolute waarhede, en die oordra daarvan beskou is as oorreding en argumentasie.

Long beklemtoon die volgende oor die vorm van 'n preek, wat dalk nie altyd so ernstig verstaan word as wat hy dit stel nie.

What has renewed the question of sermon form among contemporary homileticians is actually the rediscovery, ..., of an old truth: Sermon forms are not innocent or neutral ...; it is an invitation to – perhaps even a demand upon – the hearers to listen to the content according to a particular pattern. As such, form significantly influences what happens to the hearer in and through the sermon.

(1989:97)

Preekvorm speel 'n baie belangrike rol in hoe die preek gehoor word deur die hoorder, want die vorm vertoon iets van die intensie van die prediker. Die ander probleem wat Long noem (1989:97), is die oorbeklemtoning van 'n spesifieke vorm vir prediking. Prediking moet beskou word as kommunikasie, net soos daar baie verskillende vorme van kommunikasie bestaan, is daar verskeie vorme van prediking wat gebruik kan word. **Die prediker moet juis ontslae raak van die idee dat daar 'n regte vorm is vir prediking.**



Craddock se voorstel vir die induktiewe preek is dat dit dieselfde pad moet loop as wanneer die prediker besig is met eksegeese. Wanneer die prediker eksegeese doen, weet hy/sy nie wat die teks se boodskap is nie; dit moet ontdek word langs 'n paar kreatiewe prosesse. Die hoorder moet dieselfde beleef met die induktiewe preek: ontdekking moet geskied deur kreatiewe bewegings. In plaas van 'n paar punte moet daar in die preek eerder 'n paar los dele wees, beweging wat opbou na 'n klimaks, 'n *aha* (Long 1989:98).

Long bespreek die voorstel van Lowry (1989:99-100). Lowry plaas die nood of die behoefte van die hoorder sentraal, teenoor die boodskap van die teks. Hy noem dit die *narratiewe* vorm. Long voel egter dat Lowry se voorstel eerder die *kreatiwiteitsparadigma* genoem kan word, omdat dit herinner aan die studie in die veld van menslike probleemoplossing. Buttrick se voorstel word ook deur Long bespreek (1989:102-104). Hy gebruik die beeld van die maak van 'n rolprent, as voorstel, en noem dit die *luister proses*. Die hoorder gebruik beelde om 'n geheelbeeld te vorm, soos die samestelling van 'n rolprent.

Craddock, Lowry en Buttrick plaas die klem op *beweging* in die preekvorm, teenoor die blote oordra van feite. Prediking moet die hoorder begelei tot ontdekking. Wat ontdek word deur die hoorder, hoef ook nie altyd so duidelik vooraf omskryf te word deur die prediker nie. Long maak 'n belangrike laaste opmerking oor die rol van preekvorme.

The preacher, therefore, must be concerned about the truth being preached, but always in light of how this congregation will be able to hear it. Many strategies and oral genres will be employed – ... – but always because they are adequate to accomplish the task of bearing witness to the gospel for these people in this setting. Every sermon form, then, must be custom tailored to match the particular preaching occasion.

(1989:106)

### 5.6.2.1 Intratekstuele, narratief-pastorale opmerkings

As die perspektiewe op intratekstuele, narratief-pastorale prediking in ag geneem word wat geformuleer is aan die begin van die hoofstuk oor prediking, is die induktiewe vorm van prediking uitstekend gepas vir narratiewe hermeneutiek in prediking. Long se waarskuwing dat predikers versigtig moet wees om *een* vorm van prediking te verabsoluteer as enigste vorm vir prediking, moet onthou word. Ek is versigtig, juis omdat verabsoluttering 'n eienskap van die moderne paradigma is, om een preekvorm te verhef as enigste. Ek wil eerder beklemtoon dat preekvorm die situasie en gemeente moet pas waarvoor gepreek word, maar wil tog die induktiewe vorm van prediking kies as meer gepas vir kultureel-linguistiese, gefokusde prediking, waar narratiewe hermeneutiek die hermeneutiese model is.

Ek gaan voort met die bespreking van verskillende predikingsvorme en met voorstelle wat die rykdom van keuses beklemtoon, veral in die kultureel-linguistiese benadering wat meer geleentheid bied vir kreatiwiteit in die preekvorme.

### 5.6.3 Postliberale prediking van Campbell

Ek wil die voorstel van Campbell (Lose 2003) bespreek omdat dit baie goed aansluit by die kultureel-linguistiese aannames vir prediking. Campbell se voorstel is wel nie 'n spesifieke vorm van prediking nie, maar 'n benadering waarna hy vra, wat tog induktief en narratief is. Ek sou dit self *intratekstueel* noem as vorm.

Ek gebruik Lose se kritiese bespreking van Campbell se voorstel, omdat sy kritiek van toepassing kan wees op my eie narratiewe navorsing; dit dwing my tot kritiese vrae oor my eie navorsing se toepassings en gevolgtrekkings.

Lose (2003:114) noem in sy bespreking dat Campbell se voorstel vir postliberale prediking van Frei se aannames gebruik maak – wat dit weer ontleen het van Lindbeck – naamlik, om *intratekstueel* en *kultureel-linguisties* as kernbegrippe te gebruik. Veral Frei se begrip *ascriptive* word deur Campbell gebruik. Met die begrip *ascriptive* verstaan Frei die volgende (Lose 2003:116): “In that it neither describes one reality among others nor refers to an independent meaning but actually renders a particular reality and stands as an entirely self referential narrative.” Lose kom tot die volgende gevolgtrekking (2003:117): “In *Preaching Jesus*, Campbell appropriates several elements of Frei’s theology to re-envision homiletics as a distinctly ecclesial affair.”

Campbell se voorstel, volgens Lose (2003:117-122), is die volgende. Eerstens kritiseer hy die kontemporêre gebruik van die narratief as te oppervlakkig en algemeen. In 'n postliberale homiletiek moet die Bybelse narratief sentraal staan, dit is kultureel-linguisties die *enigste* narratief waarop die prediking moet sentreer.

The ascriptive logic of the biblical narrative, therefore, provides not merely the form but also, and essentially, the content of the sermon by reorienting preaching to its fundamental task of reenacting the biblical narrative and thereby rendering the unique and unsubstitutable identity and reality of the Jesus of the gospels in the presence of the gathered assembly.

(Lose 2003:118)

Tweedens verstaan Campbell by *intratekstualiteit* dat die Bybelse narratief ons werklikheid moet absorbeer; ons narratief moet herskryf word deur die Bybelse, (volgens Lose se interpretasie van Campbell). “... and seeks to render the biblical reality such that the fulness of our reality – including our language, identity, culture, and being – is absorbed into, and is understood in the terms of the narrated, rendered reality of the Bible.” (Lose 2003:118)

Derdens moet predikers, nadat hoorders hulself deel gemaak het van die Bybelse narratief, die hoorders leer aangaande die taal van die geloof. Die kerk moet opgebou word deur die hoorders deur die prediking te inkultiveer op 'n kultureel-linguistiese manier; die prediking raak dan lerend van karakter.

Kortliks kom die kritiek van Lose op die volgende neer (Lose 2003:120-126). Die eerste gaan oor die rol van prediking in die vorming van geloof. Hy voel dat Campbell geloof gereduseer het tot die blote assimilering van 'n stel gebruike en gewoontes, binne 'n unieke kultureel-linguistiese gemeenskap, terwyl geloof, volgens Lose, meer te doen het met 'n persoonlike gebeurtenis, wat vertrou en 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus insluit. Campbell maak te veel van die krag van narratiewe in die vorming van geloof. "..., rather, preaching executes a primarily catechetical and ethical function to train the mind, but not quicken the spirit, of the hearers." (Lose 2003:122)

Die tweede gaan oor sy gebruik van die narratief. Hy het dit veral teen die *afsluiting* in die kultureel-linguistiese model van 'n semiotiese sisteem teenoor alle ander omliggende sisteme. Daarmee kan daar geen ontwikkeling plaasvind binne daardie sisteem as dit totaal afgesluit is van ander. "In short, there is no 'biblical universe' apart from that created by persons who live in a variety of overlapping cultural and linguistic systems, thereby creating multiple 'biblical texts' that, while recognizably similar, are not identical." (Lose 2003:123) Onder hierdie punt haal hy John McClure aan wat dit het oor die polariteit wat Lindbeck tussen die Teks en persoonlike ervaring stel. Persoonlike ervaring moet deur die Teks verwoord (getekstualiseer) word en die persoonlike ervaring moet die Teks tot 'n belewenis maak (*experientialize*).

Sy derde kritiek teen Campbell is dat die beeld wat Campbell sou stel van narratiewe, geen *kritieke afstand* tussen die hoorder en die kultuur skep nie. Om toe-eiening (*appropriation*) te laat plaasvind moet daar distansiëring (*distanciation*) plaasvind (Ricoeur).

### 5.6.3.1 Intratekstuele, narratief-pastorale opmerkings

Lose se hoofrede vir die kritiek teen Campbell is sy eie beskouing, en kritiek, teen Lindbeck se kultureel-linguistiese model (Lose 2003:44-48). Hy beskou Lindbeck se kultureel-linguistiese model vir godsdienste as 'n *nonfoundational* (Van Huyssteen) epistemologiese beskouing. Wat beteken dat Lindbeck voorstel dat 'n kultuur/godsdiens glad nie kan kommunikeer met 'n ander kultuur/godsdiens nie. Die *taal/grammar* van 'n godsdiens is so *verstaanbaar* vir die godsdiens self, wat die semiotiese linguistiek deel, dat dit glad nie verstaanbaar is vir dié daarbuite nie. Lose bepleit 'n *kritiese gesprek* (*critical conversation*) tussen godsdienste, en oor die realiteitsbeskouing daarin; daaruit kan 'n *kritiese werklikheid* ontdek word. Om 'n kritiese gesprek te laat plaasvind moet 'n kritiese afstand bestaan.

Sy argument is dat die kultureel-linguistiese model nie 'n kritiese afstand teenoor ander kulture kan behou om sodoende 'n kritiese werklikheid te skep nie.

Met die lees van Lindbeck (kyk hoofstuk 1 bo) was dit nie die indruk wat ek van die kultureel-linguistiese model gekry het nie. Lindbeck beklemtoon juis dat die kultureel-linguistiese model van godsdienste voorstel dat 'n kultuur/godsdienst 'n *interpretasiesisteem* vir individue is. Individue word in die daaglikse blootstelling aan hulle eie diverse konteks blootgestel aan gebeure/aksies; hulle gebruik die godsdienst waarvan hul deel is om daaglikse gebeure en aksies te interpreteer in hul eie narratiewe. In sy boek (Lindbeck 1984:16) stel hy die kultureel-linguistiese model voor as 'n beter interpretasie-model as die twee ander, wat hy die *ervarings-ekspressionistiese* en die *proposisionalistiese* modelle noem. Ek dink Lose se aksentuering van die *afgeslotenheid* van die kultuur/groep, as semiotiese sisteem, berus op 'n selfafgeleide indruk. Lindbeck beklemtoon dat individue hul eie narratiewe identiteite behou in kontak met hul konteks, met ander woorde ander semiotiese sisteme; hul gebruik slegs die semiotiese sisteem van die kultuur waaraan hulle behoort as *interpretasie-model*; hulle word nie as unieke narratiewe identiteite totaal daarin *geassimileer* nie.

Binne die kultureel-linguistiese model beskou Lindbeck die Bybel as kontranarratiewe oftewel basinnarratiewe, wat as interpreterende narratiewe dien vir die vorming en *groei* van die persoonlike narratiewe van die individu; "kontra" veronderstel tog dat daar ander *basinnarratiewe* is waarmee die individu gekonfronteer word, met hul eie taal en *grammar*.

Lose skep deur sy kritiek 'n valse beeld as hy voel dat die individu *eenmaal* kies om die narratiewe identiteit van die kultuur/godsdienst aan homself toe te eien, en dan is dit afgehandel. Dit is nie wat die kultureel-linguistiese model van Lindbeck voorstel nie: die individu moet voortdurend die narratiewe identiteit van die groep oorneem, soos blootstelling binne die konteks nuwe aksies teweeg bring.

Die narratiewe identiteit van die groep *is die storie wat die gemeente huidig vertel om sy geloof en optrede in die wêreld te verklaar*. Dié narratiewe sal nooit dieselfde wees nie; die situasie, en elke nuwe gebeurtenis, vereis subtiel skuiwe in die narratiewe identiteit. Die dinamika wat hierdie voortdurende verandering in narratiewe identiteit vereis, is die behoefte aan interpretasie, anders sal geen interpretasie meer plaasvind nie (kyk 4.5.3).

Lindbeck se kritiek teen Campbell is dalk geldig op sekere punte. Campbell verleen dalk tog te veel *mag* aan die Bybelse narratiewe in die persoonlike narratiewe van die individu, asof die individu nooit weer blootgestel word aan ander semiotiese sisteme daarbuite nie. Campbell se voorstel skep die indruk dat prediking, nadat die individu die groep se semiotiese sisteem aanvaar het as singewende groep/kultuur, net 'n kategetiese funksie word; dit herinner sterk aan die proposisionele rol van prediking in die *moderne* paradigma.

Campbell en Frei se siening van *intratekstueel* is dalk ook nie soos die oorspronklike bedoeling van Lindbeck was nie. Hulle oorbeklemtoon die *geslotenheid* van die Bybelse narratief, asof dit heeltemal binne eie semiotiese sisteem verstaan moet word. Lindbeck, soos vertolk deur Goh (kyk hoofstuk 3 bo) en soos dit hier verstaan word, beklemtoon dat "intratekstueel" verwys na die eie beskouing en dat reëls vir interpretasie deur die Teks en interpretasie tradisie daarvan bepaal word. Met die interpretasie van die Teks moet daarom nie ander semiotiese sisteme se reëls vir interpretasie gebruik word nie.

Die volgende preekvorm wat ek bespreek is die van Rose, wat Lose (2003) in sy boek bespreek.

#### 5.6.4 Postmoderne gespreksprediking van Rose

Rose se homiletiese voorstel is in reaksie op die preektradisies wat sy soos volg beskryf (Lose 2003:126): Die *tradisionele* styl van prediking, wat ook heilige retoriek (*sacred rhetoric*) genoem is, die *kerugmatiese* styl wat volgens haar beïnvloed is deur Dodd en Barth, en die *transformasionele* styl wat ook die *nuwe homiletiek* insluit. Sy stel 'n (Lose 2003:127-133) gespreksmodel (*conversational model*) voor. Haar kritiek teen die vorige modelle vir prediking raak drie areas. Eerstens voel sy dat daar 'n té groot gaping tussen die gemeente en die prediker geskep word. Tweedens is daar 'n naïewe vertroue in die neutraliteit van taal. Derdens het dit onkritiese aannames oor die universele kwaliteit van waarheid.

Sy is teen prediking as 'n eenrigting-gebeurtenis; gemeente en prediker is gelyke vennote in die prediking, daarom bepleit sy 'n gesprek; gemeente en prediker is deel van een liggaam van geloof. Sy beklemtoon dat sy nie 'n dialogiese model voorstel nie, dit vertoon nog te veel van 'n eenrigting- kommunikasie. As die leraar die prediker is, moet die gemeente op kreatiewe maniere deel word van die preekskeppingsproses en die lewering daarvan. Sy stel preekskeppingsgroepe voor, wat stemme van die hele gemeente verteenwoordig. Die gebeure in die liturgie moet gesprek en oop dialoog fasiliteer, dit moet 'n uitnodiging wees vir deelname.

Rose stel voor dat taal gebruik word in prediking wat belydend (*confessional*) en multivalent is; dit kan op twee maniere bereik word. Eerstens moet dit in die taal van die preek beklemtoon word dat dit interpreterende taal is, dit moet nederig wees as taal, dit moet belydende taal wees. Tweedens moet dit meer die prediker se eie oortuigings bevat, as belydende taal, dit moet dus nie voorgehou word as onkrities nie. Die taal van prediking moet oop wees vir verskillende interpretasies.

Die prediking moet nie oorkom asof dit alles van die werklikheid verstaan en bevat nie; omdat ons insig beperk en situasie gebonde is kan ons nie die volle werklikheid verstaan en beskryf nie, volgens Rose. Die taal van die gesprek moet daarom tentatief wees, voorstelle maak wat ander moontlike oortuigings oor die werklikheid uitnooi vir gesprek.

Haar voorstel beklemtoon dat die hele gemeente deel is van die geloofsgesprek, dat een nie meer insig as die ander het nie; die gesprek is daarom meer divers. Haar klem is op die belydende karakter van die preek, as verteenwoordigend van die werklike lewenservarings van die gemeente.

#### **5.6.4.1 Intratekstuele, narratief-pastorale opmerkings**

Prediking as gesprek tussen gelykes kan die rol van narratiewe interpretasie in die kultureel-linguistiese model beter bevorder. Daar word meer geleentheid geskep dat die lidmaat se persoonlike identiteit narratief gehoor en gedeel word in gesprek met die gemeentenarratief en die Bybelse narratief.

Die klem wat sy plaas op die belydende karakter van die taal en preek, kan veroorsaak dat die narratief van die geloofsgroep se identiteit nie 'n interpreterende rol kan speel nie, nie genoeg verteenwoordig kan wees nie, net die persoonlike narratiewe en oortuigings van die prediker en lede.

#### **5.6.5 Belydende prediking van Lose**

Lose probeer (2003:134-135) met sy belydende (*confessional*) model vir prediking die slaggate vermy van die proposisionele prediking (Campbell) en die radikale sosiaal-konstruksionistiese (Rose) prediking. Hy wil die dialektiek van deelname (*participation*), distansiëring (*distanciation*) en toe-eiening (*appropriation*) tot sy volle reg laat kom, veral deur genoeg kritiese afstand tussen die hoorder en prediking te skep sodat toe-eiening kan plaasvind.

Hy stel nie spesifiek 'n vorm voor vir belydende prediking nie, maar wel riglyne (2003:145) van die manier waarop dit gedoen moet word. Eerstens moet belydende prediking 'n opsomming wees van die *essensiële* Christelike tradisie as 'n gemeenskapsidentiteit, wat as raamwerk dien vir Christene om sin te maak van die wêreld. Belydenis in hierdie kapasiteit kan beskou word as die *fides quae creditor*.

Tweedens vervul belydende prediking die rol van artikulasie van geloof, deurdat dit hoorders aktiveer en help om die geloofstradisie te aktualiseer in hul eie lewens, terwyl hulle in die wêreld leef. In hierdie kapasiteit vervul prediking die rol van *fides quae creditor*.

Hy beklemtoon dat prediking net een van die artikulاسies van die geloofsgemeenskap se kommunikasie is. Daardeur kan die prediker vry raak van 'n te groot druk wat toegepas word op die daad van prediking. As die doel van prediking in die gemeente minder druk ervaar as kommunikasiemiddel, kan die rol wat die Woord van God en die Heilige Gees in die proses van die kommunikasie van die evangelie speel, meer erkenning kry.

Hy bespreek in groot besonderhede die rol van die Bybelse kanon en die geloofsgemeenskap (Lose 2003:146-231), in belydende prediking, waardeur hy die kultureel-linguistiese, intratekstuele probeer inkorporeer in sy model, sonder om die geloofsgemeenskap eksklusief te stel teenoor ander semiotiese sisteme.

#### **5.6.5.1 Intratekstueel, narratief pastorale opmerkings**

Terwyl Lose poog om die kultureel-linguistiese model van Lindbeck te kritiseer as 'n *geslote* voorstel in relasie tot ander sisteme binne die konteks van 'n groep, vloei sy *belydenis* voorstel heeltemal uit die kultureel-linguistiese model voort. Die enigste klem wat hy bevoeg is die kritieke afstand wat geskep moet word tussen die individu en die groep se narratief, maar ek het reeds in die vorige gedeelte daarop gewys dat Lindbeck dit wel veronderstel in sy rol van die groep as interpretasie van die aksies wat die individu in die wêreld beleef. My vermoede is dat die voorstel van Lose, naamlik, prediking as belydenis van die geloof, maklik weer kan terugval in 'n *foundational* of *nonfoundational* perspektief, juis dit waarteen hy probeer wal gooi. Belydenisprediking kan maklik weer terugval in proposisionele loopgrawe, waar die geloof verdedig word teen ander oortuigings.

#### **5.6.6 Narratiewe prediking**

Ek is oortuig dat prediking, met 'n narratiewe beskouing, die mees effektiewe manier is om die gemeente aan die narratief van God bloot te stel. Robinson (1990:1), saam met die persone wat daarvoor skryf in hulle boek, is oortuig dat dit dalk die mees effektiefste en geloofwaardigste manier is om die homiletiese taak uit te voer. Hierdie oortuiging sluit aan by my eie konsep van intratekstuele, narratiewe pastorale prediking, soos ontwikkel is in die narratiewe navorsing tot dusver. Robinson (1990: 2-5) noem 'n paar redes waarom hulle voel dat narratiewe prediking eintlik meer getrou is aan die doel van prediking.

Eerstens reflekteer en beïnvloed narratiewe prediking die kwaliteit van die lewe soos ons dit leef. "We recognize ourselves in narratives, and we can imagine ourselves changed through narrative in a way that does not often happen through other means of preaching." (Robinson 1990: 2.) Hierdie motivering van Robinson sluit aan by die narratiewe identiteit van die individu: die individu beskryf en verstaan hom/haarself in die vorm van 'n narratief (hoofstuk 3).

Tweedens word geloof gedra en beskryf in die vorm van 'n narratief. Volgens Robinson (1990: 2) kan dit veral gesien word aan die Bybel, wat gegrond is op die narratiewe vorm. Weereens sluit hy aan by my eie navorsing oor die Bybel en die interpretasie daarvan as narratief, en die rol wat dit speel in die geloofsgemeenskap (hoofstuk 4).

Die narratiewe karakter van geloof sluit ook derdens by ander areas aan, naamlik die erediens, wat self 'n narratiewe karakter vertoon. As die roeping van Jesaja byvoorbeeld as riglyn geneem word vir die erediens, is daar 'n bewondering of ekwilibrium ("ek het die Here gesien. Hy het op 'n hoë troon gesit, ..."). Dan volg 'n belydenis of onekwilibrium ("Dit is klaar met my, ek is verlore."), tot 'n ontwikkeling ("... en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is, ..."), tot vergifnis of omkering ("Hy het my mond aangeraak met die kool ..."). Dan volg 'n uitdaging en respons ("Wie kan Ek stuur?", "Hier is ek, stuur my!"). Dit is 'n klassieke vorm van narratief. Binne die narratiewe verloop van 'n erediens pas narratiewe prediking goed in.

Vierdens verleen die kerklike jaar ook 'n narratiewe raamwerk vir prediking, soos gevind in die narratief van Jesus se lewe.

Met hierdie kort inleiding tot narratiewe prediking, teen die agtergrond van die voorafgaande hoofstukke oor die narratiewe aard van die individu en die geloofsgemeenskap, veral soos beskou vanuit die kultureel-linguistiese raamwerk vir praktiese-teologie, maak ek die keuse vir narratiewe, induktiewe prediking, waar die perspektiewe soos beskryf in seksie 5.2 'n rol kan speel. Ek glo dat 'n narratiewe manier van prediking die mees effektiewe intratekstuele, narratiewe pastorale prediking kan wees.

#### **5.6.6.1 Narratief en storie**

Ter wille van die verdere nadenke oor narratiewe prediking maak ek 'n praktiese onderskeid tussen storie en narratief. Vir baie is die twee terme eintlik sinoniem, maar vir sommige nie. Baie reageer negatief as na narratief verwys word, omdat hulle 'n sekere idee gevorm het van 'n storie. Dit kan dui op 'n gevoel van onbekwaamheid as storievertellers, of die gedagte dat stories opgemaak is, fiksie is, en daarom nie geassosieer kan word met die ernstige dinge van geloof nie. Dit is jammer dat "storie" op hierdie manier gesien word, want die woord storie kom van dieselfde wortel as geskiedenis, dit het selfs dieselfde betekenis gehad (Robinson 1990: 4; Lowry 2001: 124). Lowry help verder met die onderskeid wat ek hier wil beskryf. Lowry (2001: 125) verduidelik dat die invoeg van 'n lidwoord voor storie of narratief die verskil maak. Wanneer gepraat word van 'n/die storie of 'n/die narratief het dit 'n ander betekenis as storie, of narratief, as alleenstaande konsepte.



“Typically speaking, those who advocate story preaching have in mind the adaptation, elaboration, or creation of a story or stories. Those who advocate narrative preaching typically intend a process involving a plot – whether or not any particular story or narrative is utilized.” (Lowry 2001:124.)

Ek kies "narratief" vir die beskrywing van prediking eerstens omdat die term storie maklik daartoe kan lei dat dit interpreteer word as *fiksie*. Tweedens maak ek die onderskeid tussen storieprediking en narratiewe prediking, omdat dit verwys na *vorm en intensie*. Storieprediking verwys soms slegs na die gebruik van 'n storie of stories om die preek oor te dra, naamlik in storienvorm. Narratief verwys na die vloei van die preek, na die preek-maak-proses, as 'n narratiewe proses, van konflik tot resoluksie. Dertens bevat die konsep "narratiewe prediking" die betekenis dat die preek stories/narratiewe kan bevat, of dalk glad nie, maar 'n *narratiewe proses* is gevolg in die maak van die preek.

### 5.6.6.2 Intratekstuele narratiewe prediking

Aan die begin van die hoofstuk het ek verduidelik wat die konsep "intratekstueel" beteken in verband met prediking. Ek wil kortliks weer hierby stilstaan, waar gedink word oor narratiewe prediking. Narratief/storie en geskiedenis kan eintlik as sinonieme beskou word, die band tussen narratiewe prediking en die *tradisie van die Christelike geloof* word deur die intratekstualiteit beklemtoon. Binne die kultureel-linguïstiese raamwerk vir praktiese teologie wat ek gekies het as model vir my narratiewe navorsing, is die tradisie van die geloofsgemeenskap onafskeidbaar van die narratiewe identiteit van die gemeenskap waarbinne gepreek word.

Pasquarello (2005) skryf 'n uitstekende homiletiese teologiese boek, wat goed pas in die postmoderne praktiese teologie. Hy probeer nie *nog* 'n wyse of model van prediking gee nie, maar open weer opnuut die denke rondom die prediking, wat nie los kan staan van die tradisie van prediking, en die geloofstradisie van die kerk nie. Hy reageer veral teen die neiging om prediking *aan te pas* by die konteks van vandag, deur nuwe maniere en modelle te soek om die mens van vandag te bereik. Hy is in reaksie teen die moderne beskouing van prediking as kennisoordrag, los van tradisie. Pasquarello stel 'n *re-traditioning of our homiletic imagination* voor.

When the preacher goes to the scripture, new ground is not being broken. The church has been to this text before – many times – and a theological tradition, is, in part, the church's memory of past encounters with this and other biblical texts. A theologically informed interpreter of scripture enters the text guided by a text from a theological tradition; the interpreter arrives not as a disoriented stranger but as a pilgrim returning to a familiar land, recognizing old landmarks and thereby alert for new and previously unseen wonders.

(2005: 9)

Dit is alreeds, op 'n ander manier, voorheen in hierdie studie genoem (sien hoofstuk 3 oor die rol van tradisie en die Teks in die narratiewe identiteit van die geloofsgemeenskap). Pasquarello plaas met sy denke die klem op 'n intratekstuele manier van prediking. Die teks moet saam met die tradisie van interpretasie gelees word in die preek-maak-proses.

As preekmakers is ons deel van 'n lewende narratief/tradisie, waardeur ons deel word van God se verhaal met die mens en Sy skepping. 'n Kultureel-linguistiese, pastorale preek moet narratief verweef wees met die tradisie van die Teks, en met die tradisie in en rondom die Teks.

Pasquarello neem die leser op 'n *tradisie-reis* om in kommunikasie te kom met groot predikers in die verlede, vanaf Augustinus na Luther en andere. Ek dink hy slaag goed daarin om met sy boek die belangrikheid van die tradisie en die manier hoe prediking in die verlede geskied het, te beklemtoon. Die rol wat die Skrif vervul het in die verlede, as die narratief van God se openbaring, en die manier hoe daarmee omgegaan is deur predikers, is betekenisvol vir prediking vandag.

Pasquarello waarsku dat predikers nie te ver van die narratiewe wêreld van die Teks en tradisie moet beweeg nie.

Situated within this world, preachers draw their identity and purpose from a particular community: one that describes its speech and actions in terms of the tradition of a culture constituted by a peculiar language, wisdom, and way of life in which certain patterns of activity are meaningfully performed. When words and actions are extracted from their Christian home – for example, when the sermon is displaced by 'culturally relevant talks' for 'effective communication' – even the words of the Bible may be easily transformed into a commodity or ideology, which produce odd, homeless behaviors, distorted beyond recognition and no longer capable of accomplishing their ecclesial purposes, ...

(2005:137)

As narratiewe aktiwiteite kan Christelike eredienste, prediking, ensovoorts nie sommer net maklik nuut ontdek word nie; hierdie aktiwiteite roep geheue op en onderhou Christelike identiteit. Dit word net geleer wanneer geïnterpreteer word in die tradisie van dogma, aanbidding, en dissipelskap waarvan dit deel is, – 'n ekklesiologiese wêreld, in 'n ekklesiologiese geskiedenis, die gedeelde geheue van die gemeenskap van gelowiges. As predikers is ons deel van 'n gedeelde narratief, 'n tradisionele geheue en interpretasie, wat identiteit verleen *tussen* ander identiteite wat ons bestaan deel.

As predikers moet ons dus eers intratekstueel deelneem, en deel word van die Christelike kultuur en sy geskiedenis (prediking), om werklik kultureel-linguisties, pastoraal vir die gemeente iets te beteken. As predikers word ons eintlik deur die gemeente toegelaat om hulle kultuur te deel, ons nooi hulle nie tot 'n *nuwe* kultuur nie!

### 5.6.6.3 Die preek as narratiewe kunsvorm

My poging met hierdie hoofstuk is nie om die prediking as *modus na* te vors nie, maar om na moontlikhede te kyk wat kan inpas in my voorstel van intratekstuele, narratief-pastorale prediking. Narratiewe prediking het 'n sosiaal-konstruksionistiese band met intratekstuele, narratief-pastorale prediking, want die fokus word geplaas op die rol van 'n *narratiewe proses*. Ek wil twee voorstelle hieroor bespreek, die eerste is die van Lowry (2001), naamlik die preek as narratiewe kunswerk. Tweedens 'n voorstel van Bosman en Müller (2008), naamlik die preek-maak-proses, as 'n proses net soos fiksieskryf.

#### 5.6.6.3.(a) Die homiletiese plot as narratiewe proses

Lowry se boek is 'n uitgebreide uitgawe van die boek wat reeds in 1980 uitgegee is deur John Knox Press. Dit is opmerklik dat sy narratiewe voorstel, vir die ontwikkeling van 'n preek, so inslag gevind het, en dalk sy tyd voor was, dat dit weer in die postmoderne tyd gelees word. Lowry (2001: 2) wil nie met die boek stilstaan by die kry van 'n idee vir die preek nie, maar eerder by die vorm daarvan, maar noem tog 'n paar idees oor prediking in die algemeen. Hy noem die idee vir die preek, 'n *generative idea*, dit is 'n idee wat lewe en aksie kan verleen aan die preek-maak-proses, iets wat die prediker aangryp en inspireer. Hy doen moeite om te beskryf dat predikers verkeerdelik geleer word om die preek te sien as 'n statiese ding, soos 'n muur wat uit bakstene bestaan. Gewoonlik sien ons 'n preek as 'n samestelling van 'n klomp los idees of gedagtes. Hy (Lowry 2001: 8) verwys na preke wat *gekonstrueer* is en preke wat *ontwikkel* het. Die preek wat *gekonstrueer* is verg harde werk van die prediker, dit preek ook moeiliker as die een wat *ontwikkel* het. Die preek wat *ontwikkel* het, het 'n lewe en verhaal van sig eie, dit gebeur maklik en preek gewoonlik ook makliker. Die term *konstrueer* roep 'n proses van dele na 'n geheel op. Terwyl die term *ontwikkel* lewende dele verteenwoordig wat nie skeibaar is in afsonderlike dele nie. "This striking difference of evoked association with the two terms is the difference between a static collection of inanimate parts put together to look like a whole on the one hand, and on the other, an organic living whole which is not divisible." (Lowry 2001: 9)

Lowry beklemtoon dat die preek 'n *plot* is, soos 'n drama, rolprent of storie, dit is 'n narratiewe kunswerk. Hierin speel verbeelding (Troeger, TH 1990) en *aktiewe luister na mense en gebeure, na die tradisie en teks, 'n groter rol as die saamstel van 'n klomp los idees/waarhede* (my eie gevolgtrekking). Lowry (2001: 14) verkies eerder om te praat van die *beweging* of *kontinuiteit* van 'n preek, as van 'n preek-*uitleg*. Hy noem die idee wat die preek aan die beweeg plaas die preekidee; die preekidee is dan die homiletiese band, wat eenheid aan die preek verleen. **Die preekidee is 'n homiletiese band; 'n preek is 'n narratiewe plot.**

### 5.6.6.3.(a) (1) Die homiletiese plot van Lowry

Die preek is 'n gebeurtenis-in-tyd, dit bestaan in die tyd, nie in die ruimte nie; dis 'n proses en nie 'n versameling van dele nie. Wanneer Lowry aan 'n preek dink, is dit soos aan 'n proses en nie 'n struktuur nie. Hy (2001: 26) stel 'n plot vir die preek voor met vyf fases: 1) verbreek die balans, 2) analiseer die teenstrydigheid, 3) onthul die leidraad tot die oplossing, 4) ervaar die Evangelie, en 5) voorsien (antisipeer) die gevolge. Hy beklemtoon dat hierdie fases in 'n horisontale lyn, met voortbeweging, voorgestel word en nie as vertikale struktuur nie.

#### 1 Verbreek die balans

Hierdie fase in die preek het ten doel om die balans in die hoorders te verbreek. Dit kan vergelyk word met die opening van 'n drama of rolprent waar 'n vorm van konflik of spanning geskep word.

#### 2 Analiseer die teenstrydigheid

In hierdie fase van die preek word gevra: Waarom? Die oorsaak van die probleem of krisis moet ontleed word. Gewone veralgemenings is nie genoeg nie, ook nie net blote illustrasies nie.

#### 3 Onthul die leidraad tot die oplossing

Die fases van Lowry se voorstel geskied voor en in die preek, dit moet nie beskou word as net van toepassing op die lewering van die preek nie. Die doel van die analise van die teenstrydigheid is om by 'n verduidelikende *waarom* uit te kom. Eers gebeur dit in die studie vooraf, en dan moet dieselfde met die gemeente in die preek gebeur. Die onthulling van die leidraad tot die oplossing is die draaipunt in die preek en in die preek-maak-proses. Dit is belangrik dat die gemeente eerder die onthulling van die leidraad moet *ervaar* as *ken*. Hierdie fase in die preek-maak-proses kan beskou word as die omkeerpunt in die proses.

#### 4 Ervaar die Evangelie

Soos met 'n doktersondersoek is die diagnosedeel die moeilike deel. As die dokter seker is die simptome is goed ontleed en daar is by die ware oorsaak uitgekom, kan die medisyne gegee word. Die probleem is dat baie pasiënte vinnige antwoorde wil kry, sonder om die lang pad van goeie ondersoek te volg. Dieselfde is waar in prediking; luisteraars wil vinnig antwoorde ontvang sonder om genoeg tyd te spandeer om die ware oorsaak bloot te lê. Die prediker word dan ook soms onbewustelik gedruk om vinnig by die antwoord uit te kom. Die gevaar is 'n "homiletiese kortsluiting" (*homiletical short circuit*) (Lowry 2001: 75). As die prediker te gou by die antwoord probeer uitkom, verloor die luisteraar dalk belangstelling, want die uitkoms is voorspelbaar. Dan neem die preekproses 'n reusesprong van die tweede fase na die vyfde.

## 5 Voorsien die gevolge

Nadat die evangelie in grepe ervaar is, kan die gevolgtrekkings getrek word vir die praktyk van daaglikse lewe en ervaring. Die Evangelie skep 'n nuwe toekoms, nuwe moontlikhede, wat die prediker saam met die gemeente kan ontdek. Die spanning in die homiletiese plot word hier ontknoop en afgehandel, soms kan dit selfs gelos word vir die luisteraar om later te ontknoop.

Dit is die narratiewe proses wat Lowry vir die preek maak proses, en prediking self, voorstel. Hy beklemtoon dat daar variasies van die fases kan plaasvind, en dat dit nie so wetmatig hoef gevolg te word nie.

### 5.6.6.3.(a) (2) Intratekstuele, narratief-pastorale opmerkings

Lowry se voorstel pas baie goed binne die raamwerk van die kultureel-linguïstiese model vir pastorale prediking. Dit neem die veelheid van kontekste in ag, naamlik, die Teks, die tradisie, die konteks en die narratiewe van die lidmaat en gemeente. Dit kan aansluit by die sosiaal-konstruksionistiese fokus op die rol van narratiewe in die vorming van identiteite. As die preek-maak-proses en die preek as narratiewe beskou word, plaas dit die klem op die kontinuïteit van geloofsvorming. Dit plaas die fokus weg van *antwoorde* na ontdekking en identifikasie, wat in die narratiewe interpretasiemanier van pastoraat en prediking moet gebeur.

### 5.6.6.3.(b) Prediking as fiksieskryf, van Bosman en Müller

Bosman en Müller se artikel is geskryf in reaksie op die moderne en pre-moderne preekstyl, wat proposisies aan die luisteraar wil gee. Hulle voel dat prediking, as die gee van antwoorde, veral nie tuis hoort in 'n postmoderne konteks, waar mense nie meer tevrede is voorskrifte te volg nie (Bosman & Müller 2008: 1413). Hulle voel dat 'n preek wat voorberei en aangebied word in die narratiewe styl, meer tot die postmoderne persoon sal spreek.

Hulle gebruik drie metafore om die denke oor die self en die waarheid in die pre-moderne, moderne en postmoderne tye te verduidelik (2008: 1414). Die beeld van 'n spieël wat die lig vanaf 'n transendente oorsprong weerkaats, kan die oordrag van kennis in die pre-moderne tyd verteenwoordig. Die moderne kan uitgebeeld word as 'n lamp waar die lig vanuit die lamp self uitstraal. Die postmoderne daarenteen kan as 'n doolhof van beelde voorgestel word, soos spieëls wat mekaar reflekteer sodat die oorsprong van die beeld nie opgespoor kan word nie. Die mense wat Sondag in die kerk luister na die preek, is dan mense wat in 'n paradigma leef waar hulle blootgestel is aan meervoudige beelde en perspektiewe.

Bosman & Müller (2008) bespreek twee groot skuiwe wat plaasgevind het vanaf die moderne na die postmoderne era ten opsigte van kommunikasie (2008: 1415). Eerstens is daar 'n skuif weg van lineêre kommunikasie van abstrakte, proposisionele waarhede, na konkrete, veelfasettige narratiewe, met meervoudige betekenisse. Tweedens is daar 'n skuif weg van enkelvoudige klem op luister na die dominansie van visuele kommunikasie. Prediking vind plaas in 'n visuele en storiegedrewe kultuur en moet daarby aanpas.

Hulle voorstel is dat die dominante paradigma van kommunikasie in die *kultuur*, en nie die gangbare kommunikasievorm in die *kerk*, die toon moet aangee vir die prediking (2008: 1416). “'n Narratiewe manier van preek wat minder outoritêr en meer insluitend en uitnodigend is, bied onses insiens meer gepaste moontlikhede en sluit meer verantwoordelik aan by die huidige paradigma.”

### **5.6.6.3.(b) (1) Fiksieskryf as homiletiese voorstel**

Hulle voel dat prediking nie bloot die gebruik van narratiewe/stories moet wees om die Evangelie oor te dra nie (2008: 1417), maar 'n algehele narratiewe benadering (Lowry 2001). Hulle stel voor dat die prediker 'n *poëet* is. Die taak van die digter is om die werklikheid te bevraagteken en nuwe moontlikhede vir die lewe te open. Fiksieskryf as metafoor kan hierdie rol vervul, voel hulle (2008: 1418).

Hulle gebruik die ABDCE-model van fiksieskryf van Lamott as hul voorstel vir die narratiewe proses van prediking (2008: 1419-1422). Dieselfde model is in my narratiewe navorsing as navorsingsmodel gebruik (kyk hoofstuk 1).

#### **1 Aksie (A = *action*)**

Aksie word gesien as 'n menslike gebeurtenis wat in die daaglikse sosiale lewe gebeur. Die preek-maak-proses begin by so 'n gebeurtenis, as aksie. Dit moet iets duidelik omskrywe wees, waarmee mense kan identifiseer en wat vir hulle herkenbaar is. Dit moet iets wees wat die prediker aanspreek en intrek om daarvoor te preek.

#### **2 Agtergrond (B = *background*)**

Die rede agter die bestaan, die ontstaan van die aksie, moet nou ondersoek word. Die prediker neem die gehoor saam op 'n pad in die verlede in, om die aksie beter te verstaan. Hierdie stap in die verhaal van die preek help die hoorders om met die aksie te identifiseer, en hulle voel in hul eie bestaan aangespreek.

### 3 Ontwikkeling (D = *development*)

Nuwe insigte moet nou ontwikkel word. Die Teks word hier betrek in die preek. Dit is anders as die uitleg van die Teks vir latere lineêre toepassing, en dit is anders as om vooraf reeds die *oplossing* te hê, en net die Teks te soek wat daarby pas. Daar moet 'n spanningslyn in die preek ingebou wees, sodat die hoorder nie alreeds vanaf die begin die tema en afloop verstaan nie, maar *ontdek* in die narratief van die preek. Hulle stel die volgende voor (2008: 1420, 1421).

5. Die regte Tekskeuse.
6. Deeglike eksegeese oor die Teks.
7. Vars invalshoeke moet gesoek word op die Teks.
8. Die proses van uitleg en konfrontasie moet logies in die preek uitgelê word.

### 4 Klimaks (C = *climax*)

Daar moet 'n *aha!*(Craddock se induktiewe prediking [Long 1989:98].)-moment wees na die ontwikkelingsgedeelte. Hiervoor is goeie beplanning nodig in die preek-maak-proses. Die klimaks moet goed beplan word. Dit moet vir die prediker duidelik wees wat die nuwe insig is wat die hoorder moet snap. Die *aha!*-moment gaan met *ontdekking* gepaard en nie soos in die moderne paradigma met *proklamering* nie. Die luisteraar ontdek self die teenwoordigheid van God, dit word nie aan hom voorgeskryf nie.

### 5 Einde (E = *end*)

Die narratiewe benadering beklemtoon dat mense nie *onbeskrewe* luister na 'n preek nie, hulle positiewe of negatiewe reaksie op die preek gebruik hulle om verder aan hul eie storie te skryf. As die prediker die hoorder kan wegstuur met 'n uitnodiging om verder verantwoordelik aan hulle storie te skryf, het hy/sy geslaag.

Die einde van die preek moet logies en sinvol beplan word; dit kan nie net eindig nie. Die einde sal as narratiewe preek slaag as dit die hoorders moontlikhede tot verdere lewe laat sien.

#### 5.6.6.3.(b) (2) Intratekstuele, narratief-pastorale opmerkings

Die narratiewe voorstel van Bosman en Müller vir die preek-maak-proses, naamlik die ADBCE-model vir fiksieskryf, sluit tot 'n mate aan by dié van Lowry. Beide plaas die klem op die preek-maak-proses as 'n narratiewe proses.

Dieselfde opmerkings wat reeds gemaak is oor die voorstel van Lowry, geld hier. Ek dink die intratekstualiteit wat nodig is vir kultureel-linguistiese pastorale prediking kan aangespreek word, naamlik: die Teks, die konteks van die lidmaat en gemeente, en die tradisie van die Teks en gemeente word betrek in die proses. Die fokus op die narratiewe aard van die preek neem die sosiaal-konstruksionistiese vorming van persoonlike identiteit van die lidmaat in ag.

Dit is egter jammer dat Bosman & Müller verkies om die paradigma van die *kultuur* teenoor die preektradisie in die kerk te stel. Dié keuse word gemaak om die raamwerk vir die kommunikasie van die prediking te skoei volgens die geldende kommunikasieparadigma van die kultuur. Hiermee word die kultureel-linguistiese uniekheid van prediking binne 'n unieke tradisie en kultuur in gevaar gestel. Ek stem saam dat die moderne manier van prediking, as lineêre en proposisionele oordrag van waarheid, in elk geval nie die tradisie van prediking en die narratiewe aard van die Teks in ag neem nie.

Die keuse van *kultuur* as vertrekpunt vir die prediking word dalk juis deur hulle gemaak weens die *onvermoë* van die Kerk om sigself kultureel-linguisties te beskou, en omdat daardeur die Kerk se identiteit *modern* geword het.

Hul beeld van *doolhof van beelde*, vir prediking in die postmoderne tyd, herinner baie aan die gespreks(*conversational*)voorstel van Rose. Dieselfde kultureel-linguistiese, intratekstuele gevaar bestaan vir hul voorstel as vir Rose se voorstel, naamlik dat die interpreterende rol wat die gemeentelike narratiewe identiteit kan speel, verloor word, en dat net individuele narratiewe interpretasie plaasvind, wat die proses oorlaat aan die interpreterende rol van die prediker, of geldende kultuur.

## 5.7 Prakties-teologiese, kultureel-linguistiese gevolgtrekkings



Ek het aan die einde van die eerste deel van hierdie hoofstuk oor die doel van prediking die volgende definisie vir intratekstuele, narratiewe pastorale prediking voorgestel.

**Die preek moet die individu narratief hermeneuties raak, sodat dit lei tot 'n toe-eiening (appropriation) van die narratief van God se realistiese narratiewe openbaring in die Bybel en die kulturele narratief van die geloofsgemeenskap waarvan hy/sy deel is, sodat die individu narratief sinvol kan leef binne sy/haar konteks. (Kyk 5.3)**

Hiërdie prakties-teologiese definisie van die doel van die prediking, geformuleer binne die kultureel-linguistiese model vir pastoraat, gee daartoe aanleiding dat die enigste modus van prediking wat dié doel kan dien, die narratiewe prediking is. Die dialogiese prediking kan wel ook op 'n narratiewe manier funksioneer, maar vir die prakties-teologiese doel van hierdie navorsing word die narratiewe prediking verkies. Ek sal my eie prakties-teologiese raamwerk vir intratekstuele, narratiewe pastorale prediking in die volgende hoofstuk weergee.

Campbell se tipe voorstel moet egter vermy word, want daarin lyk dit asof hy die gemeente as *afgeslote semiotiese sisteem* beskou, eksklusief in die wêreld.

Dit is nou die geleentheid om my eie narratief oor prediking te stel, soos dit geraak is deur die navorsing. Ek het my aanvanklike narratief oor prediking in Hoofstuk 2 (2.6) gestel, aan die begin van hierdie navorsing, maar wil nou graag hier die nuwe narratief weergee, soos gevorm deur die narratiewe navorsing.

## 5.8 Persoonlike narratief van navorsing oor prediking



My blootstelling aan die narratiewe navorsingsproses het verrassende nuwe moontlikhede vir prediking geopen. As ek 'n benaming vir die model of narratief van my eie prediking moes gee voordat ek die navorsing begin doen het, sou ek dit as volg doen. Ek sou myself binne die *kerugmatiese* model plaas, met 'n *pastorale* motief. Soos beskryf in hoofstuk 2, wou ek hoorders pastoraal raak met prediking. Die doel van my prediking was dus: *Kerugmaties pastoraal*. Die homiletiese modus waarin ek gepreek het, was meer 'n gesprekstyl as 'n verkondigingstyl. As ek eerlik moet wees, dink ek dat die hoorders dit nie as 'n gesprek ervaar het nie, maar meermale as voorskriftelike, proposisionele prediking. Ek het gepoog om in gesprek met die hoorders te tree, maar kon dit nie bewerk in die manier van prediking nie. Wat bygedra het tot my eie model van prediking, voor hierdie navorsing, was die soort gemeentes waarin ek was. Dit was een-leraar-gemeentes, waarin ek nooit ander leraars hoor preek het nie. Dit was plattelandse gemeentes wat meer geneë is om die prediking van die leraar te aanvaar, as wat in die groter stadgemeentes die geval is.

Die navorsing het my eerlik laat kyk na my eie styl van prediking en my denkraamwerk oor prediking. Die navorsing het my meer insig gegee in die funksionering van prediking binne die kultureel-linguistiese model van pastoraat, teenoor die tradisionele lineêre manier van dink. Die insig in die sosiaal-konstruksionisme se aannames oor die kennisteorie het vir my nuwe moontlikhede geopen vir die prakties-teologiese denke oor prediking, veral oor die rol wat narratiewe speel in identiteitsvorming. Die pastorale rol van prediking in die narratiewe identiteit van die individu, met die kultureel-linguistiese fokus op die rol van die gemeente se tradisie, was insiggewend.

Ek sou my eie prediking ná hierdie navorsing wil beskou as deel van 'n narratief, besig om te ontwikkel, met opwindende nuwe moontlikhede vir die toekoms.

Ek het vroeër genoem (5.2.6) dat ek die laaste groeps gesprek met die medenavorsers aan die einde van hoofstuk vyf sal voer, maar het van besluit verander en sal dit nou as deel van hoofstuk 6 doen.

## HOOFSTUK 6

## PRAKTIES-TEOLOGIESE RAAMWERK, VIR INTRATEKSTUELE, NARRATIEWE PASTORALE PREDIKING

AKSIE WAT NAGEVORS WORD

*Prediking se pastorale betekenis vir die kerklidmaat; 'n kultureel-linguisties, prakties-teologiese benadering.*

NAVORSINGSVRAAG

Wat is die pastorale betekenis van prediking vir die lidmaat, soos gesien vanuit die perspektief van die kultureel-linguistiese teologiese model?

HOOFSTUK 6 SE VRAAG

Wat is die prakties-teologiese raamwerk vir intratekstuele, narratiewe pastorale prediking?

### 6.1 Inleiding

Die ABDCE-model wat in hierdie navorsing vir die narratiewe proses gebruik word, is in seksie 1.3 beskryf. Die klimaks van die navorsing is bereik met die deurwerk van hoofstuk 5. Aan die einde van hoofstuk 4 is alreeds deurslaggewende gevolgtrekkings gemaak vir pastorale prediking, wat die aanduiding was vir die hoogtepunt (klimaks), soos beskou binne die kultureel-linguistiese model van Lindbeck (1984).

Die spesifieke prakties-teologiese verwoording van prediking as *intratekstueel, narratief pastoraal*, binne die kultureel-linguistiese model, het klaar die aanduiding gegee van 'n hoogtepunt in die navorsing. Die daarstel van spesifieke intratekstueel, narratief pastorale perspektiewe vir prediking, in seksie 5.2 was deurslaggewend vir die ervaring van 'n hoogtepunt of klimaks. Die finale hoogtepunt is egter duidelik aan die einde van hoofstuk 5 bereik, met die keuse vir 'n *narratiewe preek-maak-proses*. Ter afsluiting van hierdie studie volg nou die daarstelling van 'n prakties-teologiese raamwerk vir prediking binne die kultureel-linguistiese model. Ek stel laastens 'n *beeld* voor vir intratekstuele, narratief pastorale prediking. Dit is verkieslik om 'n beeld voor te stel vir intratekstuele, narratief pastorale prediking, na aanleiding van die prakties-teologiese raamwerk, om die gevaar te vermy waarteen Long (1989:97) gewaarsku het, naamlik die verabsoluttering van een vorm van prediking.

Die navorsing as sulks word daarmee egter nie afgesluit nie; dit word voortgesit in my eie narratief van prediking, wat nuwe impetus ontvang het uit die

narratiewe navorsing. Dit is nog steeds 'n narratief wat deur God in gemeentes voortgesit word in sy omgang met die menslike narratief. Dit is 'n narratief wat die gemeente self steeds intratekstueel sal bly skryf, totdat Jesus kom, en daarna.

## 6.2 Die tydelike antwoord op die navorsingsvraag

Die aksie wat die onderwerp van hierdie studie was, is die volgende: *'n ondersoek na die pastorale betekenis van prediking vir die kerklidmaat; 'n kultureel-linguistiese, prakties-teologiese benadering.*

Narratiewe navorsing het die *tydelike antwoord* (sosiaal-konstruksionisties as voortgaande interpreterende, narratiewe proses) op hierdie aksie gelewer. Die narratiewe benadering van die sosiaal-konstruksionisme en die kultureel-linguistiese benaderings tot die sosiale wetenskappe beklemtoon dat die individu se identiteit verbind is aan sosiale tekste/narratiewe wat saamwerk om die persoon se eie persoonlike narratief te vorm. Die onderhoude met die medenavorsers en die groeps gesprekke wat aan die begin van die navorsing gedoen is, het alreeds 'n aanduiding gegee van die spesifieke pastorale rol van prediking, naamlik, dat dit verbind is aan die behoefte om te deel in die verhaal van die Teks en die gemeente, en dat dit in verband staan met spesifieke gebeurtenisse in die lewe van die medenavorser.

Die lidmaat se identiteit, intratekstueel verstaan, is verbind aan die Christelike tradisie van die gemeente, aan die Skriftuurlike narratief van God en die mens, en aan sy/haar eie persoonlike narratief binne die huidige sosiale konteks. Hierby ingesluit is die intratekstuele rol van die Bybelse interpretasie, en die interpretasie-tradisie van die Kerk en sy gemeente. **Die lidmaat ontleen sy/haar eie narratiewe identiteit aan die narratiewe identiteit van die gemeente, wat intratekstueel gevorm is en steeds gevorm word.**

Die kultureel-linguistiese benadering beklemtoon die rol wat die godsdienstige gemeenskap in die ontdekking en vorming van die individu se godsdienstige ervaring speel. Dit is meer as die rol van die individu self. Die kultureel-linguistiese benadering beklemtoon die sosiaal-konstruksionistiese rol wat kultuur en taal in 'n godsdiens speel. Die kultureel-linguistiese benadering beklemtoon terselfdertyd die rol van die gemeenskap se narratief en/of tradisie in die identiteitsvorming van die individu. **Dit verleen 'n unieke vormingsvermoë en pastorale rol aan prediking, deur sy oordrag van die gemeenskap se taal en identiteit aan die lidmaat.**

Die hermeneutiek van die kultureel-linguistiese model kan dialogies genoem word: 'n dialoog tussen die lidmaat en die tradisie en kultuur waarvan hy/sy deel is. Pastorale sorg gebeur narratief interpreterend, wanneer dié dialoog

plaasvind. Pastorale sorg is dan wat plaasvind in die dialogiese proses van die gemeenskap en die individu. Dit beteken dat pastorale sorg fundamenteel daarop gerig is om die proses te fasiliteer wat lewensverhale koppel aan die Christelike verhaal, en andersom. **Prediking kan beskou word as een van die fasiliteringsagente in die dialoog tussen die lidmaat en die Christelike verhaal en sy konteks.**

Die taak van pastorale hulp is om verantwoordelikheid te neem vir die instandhouding en ontwikkeling van die Christelike gemeenskap se storie en vir die gemeenskap se dialoog met sy tradisie; dit moet ook die groei en kreatiewe ontwikkeling van unieke lewensverhale fasiliteer. Pastorale hulp staan – in die model van die kultureel-linguistiese – binne ’n kreatiewe spanning met tradisie, kultuur en lidmaat. As een van die pole verontagsaam word, sal die ander daaronder lei. **Prediking het die bevoorregte rol om al die pole van die kultureel-linguistiese model aan te spreek.**

Die prediker en die preek dien as ’n herinnering vir die lidmate en verbind hulle aan die vorige Christene, deur die taal en beelde van die Bybel vandag te verbind aan dié van gister. Deur herinner te word aan die Christosentriese narratiewe identiteit van die gemeente, herken die lidmaat dit in sy/haar eie lewe en kan deur interpretasie ’n nuwe selfbewussyn skep, in kreatiewe spanning met die huidige gebeure in sy/haar lewe. **Die prediking vervul ’n ondersoekende rol in die gemeente: vrae moet gevra word deur die prediking aan die lidmate, moet hulle terugbring na die antwoorde van die verlede, moet hulle daag tot nuwe antwoorde in die lig van die Bybelse narratief.**

Die *grammar* van *roeping* van elke lid van die gemeente verleen ’n dinamiese aspek aan die prediking en sy interpretasie deur die lidmaat. Die narratiewe identiteit van die lidmaat kan beskou word as die verhaal van *roeping*, hoe die persoon sy/haar eie roepingsverhaal interpreteer en herhaaldelik interpreteer. As *grammar* van die kultureel-linguistiese paradigma van interpretasie speel roeping in die taal van die prediking en in die taal van die narratiewe interpretasie van die lidmaat ’n baie belangrike rol, dit bring ’n kreatiewe spanning met die huidige konteks. Dít verleen sin en betekenis aan die lid van die geloofsgemeenskap. **Prediking wat ’n narratiewe pastorale funksie wil verrig moet die *grammar* van roeping kreatief en betekenisvol kan toepas, sodat die intratekstuele band met die huidige sosiale konteks nie verloor word nie.**

Die godsdienstige narratiewe persoon, as deel van ’n kulturele groep, is in ’n *veilige* hawe, waar regulering (Van der Ven 2000) gereeld en voortdurend deur die groep as narrator gedoen word, en wel oor die waarheid van sy/haar narratief. Dit is die pastorale proses. **Die verhouding tussen prediking en pastoraat is dus ’n regulerende verhouding, waar die prediking van die Christelike narratief dien as *narrator* van die narratief van die gelowige.**

Dít is opsommend die tydelike antwoord op die narratiewe navorsing oor die aksie. Dit bevredig die navorsingsvraag van die ondersoek, uit die kultureel-

linguisties oopgump beskou. (Dit is nie die laaste en enigste manier om daaroor te dink nie!)

### **6.3 Laaste groepsgeprek met medenavorsers**

Ek het besluit om die tydelike antwoord op die navorsingsvraag, soos in die vorige gedeelte gevind (6.2), te gebruik as gespreksriglyn met die medenavorsers. Dit was makliker om dit met hulle te deel, en verskaf 'n opsomming van die navorsing se bevindings.

#### **6.3.1 Groepsgeprek op 15 Maart 2009**

Ek het vooraf die gedeelte in 6.2 uitgedruk en dit vir elkeen van die vyf medenavorsers gegee wat kon opdaag vir die gesprek. Die vyf wat teenwoordig was, volgens die verslag van die persoonlike onderhoude in hoofstuk twee, is die volgende: medenavorsers 1, 2, 6, 7 en 8. Medenavorsers 3 en 4 was nie beskikbaar nie en medenavorser 5 het besluit om nie meer deel te neem nie. Ek het geleentheid gegee om dit te lees, maar hulle kon dit nie duidelik verstaan nie. Ek het toe weer die doel van die navorsing vir hulle verduidelik, waarna ek elke paragraaf afsonderlik met hulle bespreek en verduidelik het. Daarna het ek hulle gevra of hulle saamstem met die gedeelte wat elke keer in vetskrif gedruk is, of iets anders wil byvoeg of bevraagteken.

Vervolgens gee ek elke keer die vetgedrukte gedeelte weer en die antwoord van die groep. (Met elke verduideliking het hulle die gedeelte heeltemal begryp, en het verstaan wat die vetgedrukte gedeelte beteken).

#### **Die lidmaat ontleen sig eie narratiewe identiteit van die narratiewe identiteit van die gemeente, wat intratekstueel gevorm is en gevorm word.**

Drie van die medenavorsers het dadelik saamgestem met die stelling. Een het gevoel dat sy altyd dink aan wat die gemeente sal dink wanneer sy optree as professionele persoon; die gemeente het dan 'n soort morele klankbordfunksie. Een medenavorser het gevoel sy stem nie saam nie, sy kan sonder die gemeente klaarkom, sy het nie die gemeente nodig nie. Daar is aan haar verduidelik dat dit verdere gevolge het, naamlik, dat sy afgesny is van enige Christelike kontak of blootstelling. Sy moes toe erken dat sy nie daarsonder kan klaarkom nie, "gemeente" moet dalk nie net gesien word as die plaaslike organisasie nie, maar as alles in die samelewing wat die Christelike geloof verteenwoordig.

*Joernaalinskrywing:*

Dit is opmerklik dat vier van die persone wat saamgestem het, baie lank deel is van die plaaslike gemeente; hulle het 'n groter narratiewe verbintenis met hierdie spesifieke gemeente. Die persoon wat gevoel het sy kan sonder die gemeente klaarkom, is vyf jaar deel van die gemeente; sy voel nie narratief deel van die gemeente nie.

Ek het gesien dat die denkraamwerk van die sosiaal-konstruksionistiese en die kultureel-linguistiese, naamlik die vorming van identiteit deur die groep, nie maklik was vir die medenavorsers om te aanvaar nie. Hulle dink baie modern en individualisties oor die sosiale keuse van mense.

**Dit verleen 'n unieke vormings- en pastorale rol aan prediking as 'n oordrag van gemeenskaptaal en -identiteit aan die lidmaat.**

Hiermee het almal dadelik saamgestem.

**Prediking kan beskou word as een van die fasiliteringsagente in die dialoog tussen die lidmaat en die Christelike verhaal.**

Hulle het saamgestem.

**Prediking kan beskou word as een van die fasiliteringsagente in die dialoog tussen die lidmaat en die Christelike verhaal en sy konteks.**

Hulle stem saam.

**Die prediking vervul 'n ondersoekende rol in die gemeente: vrae moet gevra word deur die prediking aan die lidmate, moet hulle terugbring na die antwoorde van die verlede, moet hulle daag tot nuwe antwoorde in die lig van die Bybelse narratief.**

Hulle stem saam.

**Prediking wat 'n narratiewe pastorale funksie wil verrig moet die *grammar* van roeping kreatief en betekenisvol kan toepas, sodat die intratekstuele band met die huidige sosiale konteks nie verloor word nie.**

Hulle stem saam.

**Die verhouding tussen prediking en pastoraat is dus 'n regulerende verhouding, waar die prediking van die Christelike narratief dien as *narrator* van die narratief van die gelowige.**

Hulle stem saam.

**Die groep het die volgende gedagtes bygevoeg.**

Hulle kan sien dat die ander Nederduits-Gereformeerde gemeente, waarmee ons gemeente die gebou deel waar ons eredienste hou, die tradisie van die Christelike geloof anders interpreteer, want hulle is meer konserwatief in hul denke en aanbidding.

Hulle beskou die ander gemeente se verbintenis met die kerkgebou ook anders as ons eie gemeente, naamlik, die ander gemeente plaas nog groot simboliese waarde op die gebou, terwyl dit in ons gemeente meer oor mense gaan.

Hulle beklemtoon die belangrikheid van die daaglikse lewe vir die prediking; as die prediking nie iets beteken vir die lidmaat se lewe buite die erediens nie, beteken dit eintlik niks nie.

### **6.3.2 Gevolgtrekkings uit die groeps gesprek**

Met die gesprek het ek besef dat die medenavorsers nie besef dat hulle kultureel-linguisties, narratief gevorm word nie. Hulle dink dat die mens self, objektief, besluit oor hoe hy/sy dink en handel. Nadat die sosiaal-konstruksionistiese en kultureel-linguistiese aannames oor die vorming van narratiewe identiteit aan hulle verduidelik is, het hulle saamgestem dat hulle wel so gevorm word. Hulle stem saam met die intratekstuele, narratief-pastorale rol van die prediking.

### **6.4 'n Prakties-teologiese, kultureel-linguistiese raamwerk vir intratekstuele, narratiewe pastorale prediking**

In hoofstuk 1 is geskryf oor die doel van praktiese teologie. Dit begin by die praktyk (ek het met die medenavorsers se onderhoude en gesprekke begin), gaan dan oor na die teorie (wat ek gedoen het in hoofstukke 3 en 4 tot 5), dan beweeg dit weer na die praktyk. Dit is die rede waarom ek 'n raamwerk wil voorstel vir die praktyk van prediking. Ek stel nou dié raamwerk en sal dan ook 'n beeld voorstel daarvoor, wat maklik herkenbaar in die praktyk is.

Aan die einde van hoofstuk 5 het ek 'n definisie gegee vir prediking binne die kultureel-linguistiese model vir pastoraat, naamlik, *intratekstueel*, *narratief* en *pastoraal*. Hierdie drie konsepte, wat in die navorsing duidelik omskryf is, wil ek gebruik as raamwerk vir 'n bruikbare benadering tot die praktyk van prediking.

#### **6.4.1 Intratekstuele prediking**



Die "intratekstueel" verwys na die intra-afhanklikheid tussen die Bybelse teks en sy interpretasie, na die kreatiewe spanning tussen die tradisie van die geloofsgemeenskap, die stories van individue en die konteks waarbinne die gemeente en die individu hulle bevind. Die "intratekstueel" verwys ook na die wyse waarop die Bybel geïnterpreteer moet word vir die pastorale prediking, as selfverklarende narratief. Dit is 'n sosiaal-konstruksionistiese manier van dink oor die oordra en ontwikkeling van kennis, naamlik deur die interaksie en uitruil tussen tekste of narratiewe, tot nuwe verstaan en praktykmoontlikhede. Dit is 'n kultureel-linguistiese manier van dink oor die karakter van prediking as dialoog tussen die verskillende narratiewe betrokke in die pastoraat aan die lidmaat.

#### **6.4.2 Narratiewe prediking**

Die "narratief" verwys na die identiteit beide van die individu en die geloofsgemeenskap, wat in narratiewe gevind word en narratief aangespreek moet word, vanuit die narratiewe tradisie en die Teks- en Bybelse tradisie van die geloofsgemeenskap. Die narratief gee 'n spesifieke klem aan die vorming van hierdie identiteite, naamlik 'n sosiaal-konstruksionistiese en kultureel-linguistiese manier van identiteitsvorming.

Hierdie konsep dring my om voorkeur te gee aan 'n narratiewe manier van prediking. Dit behels 'n narratiewe proses van prediking en nie net die gebruik van narratiewe in die preek nie. Die formule wat Lowry voorstel (5.6.6.3[a]) en die van Bosman en Müller (5.6.6.3[b]) is al twee uitstekende voorstelle vir die proses. Prediking as narratiewe proses bring die verskillende narratiewe bymekaar wat intratekstueel nodig is vir die kultureel-linguistiese pastoraat. Dit gee erkenning aan die sosiaal-konstruksionistiese en kultureel-linguistiese aannames vir die vorming van identiteit as 'n narratiewe proses. Dit gee die moontlikheid dat die lidmaat betrek word by 'n narratiewe proses, en nie bloot gesien word as die objek van waarhede of proposisies nie.

#### **6.4.3 Pastorale prediking**

Die "pastoraal" het hier 'n kultureel-linguistiese aspek wat reeds verwoord is in 6.4.1 en 6.4.2 onder "intratekstueel" en "narratief", maar wat ook 'n nie-moderne kleur verleen aan "pastoraat", naamlik aan 'n gemeentepastoraat waarin die prediking 'n kultureel-linguistiese pastorale rol vervul. Die praktiese fokus op pastoraat in die prediking gee daaraan 'n ondersoekende, fasiliterende, dialogiese karakter wat hom 'n nie-moderne funksie verleen.

#### **6.4.4 Perspektiewe op die raamwerk vir prediking**

Die perspektiewe wat ontwikkel is in 5.2 vir intratekstuele, narratiewe pastorale prediking, dien as perspektiewe op die raamwerk vir prediking.

Die intratekstuele, narratief-pastorale kommunikasieteorie wat voorgestel word vir prediking is 'n *narratiewe interpretasiemodel*.

As intratekstuele, narratief pastorale perspektief op die werklikheid word 'n dialogiese realisme voorgestel.

Prediking as narratiewe interpretasie vervul 'n pastorale rol deur narratief-hermeneuties die effek van *prefigurasië*, *konfigurasië* en *herfigurasië* by die hoorder teweeg te bring.

Die ekklesiologie vir die funksionering van intratekstuele, narratief-pastorale prediking is 'n *intratekstuele ekklesiologie van roeping en sorg*.

Die beelde en verbeelding wat in die prediking van pastorale betekenis vir die gemeente sal wees, is *narratiewe beelde en verbeelding*.

Die Skrifgebruik in intratekstuele, narratief-pastorale prediking is uit die aard van die saak *intratekstueel*.

## 6.5 'n Beeld vir intratekstuele, narratief-pastorale prediking

Die gebruik van 'n beeld om intratekstuele, narratief-pastorale prediking te beskryf, pas meer in die model van die kultureel-linguistiese benadering tot pastoraat, waar taal, narratiewe en simbole draers is van die identiteit van die gemeenskap en lidmaat. Die konsep van 'n beeld beklemtoon die tydelikheid van beelde, wat voortdurend interpreteerbaar bly binne die kultureel-linguistiese teologiese model.

Die beeld wat ek voorstel is die van die bekende webtuiste: *Facebook*. Facebook is 'n sosiale netwerk op die Wêreld-Wye Web, wat die ruimte skep vir mense om te ontmoet. Die ontmoeting is op *uitnodiging* en geskied deur gesprekke en die daarstel van foto's en boodskappe. Dit gee uiting aan die persone se behoefte om hulle lewe te deel met ander, om deel te wees van *iets*, van 'n verhaal wat groter is as hulself.

'n Vriend van my (Renier Lourens) het Facebook so gedefinieer: In terme van verhoudings is Facebook 'n bindingsmiddel - ons reis deesdae so baie en so maklik (die wêreld het klein geword) en tog kan ek my verhoudings op dié manier in stand hou, inligting en ervarings uitruil, kontak behou, ou vriende opspoor ens. Dit laat ons deel voel van wat in mekaar se lewens aan die gang is; dis 'n nuwe, inklusiewe gemeenskap. "Ek is deel van iets groters" – ek dink dit is wat dit so aantreklik maak!

Prediking kan as 'n soort Facebook-ontmoeting beskou word vir die postmoderne mens, wat verkies om sy/haar narratief te deel met ander as 'n IT-ervaring. Prediking verleen 'n klankbord, soos gestel deur Bosman en Müller (2008: 1414), as 'n reflektoring van idees, uitruil van verhale en simbole, en in die proses lei dit tot identiteitsvorming (narratiewevorming) van die individu. Die verskillende tekste of narratiewe wat intratekstueel deur prediking verteenwoordig word, is die ander gespreksgenote wat ingeskakel is in die Facebook-ontmoeting, wat lei tot die refleksie van idees. Facebook maak staat op die geskiedenis en/of tradisie wat persone deel wat mekaar nooi om deel te neem aan die ontmoetings. Kultureel-linguisties maak dit 'n vriendekring, of belangegroep, of Facebook, 'n kulturele groep. Narratiewe interpretasie geskied voortdurend deur die gesprekke wat plaasvind. Die basisnarratief wat 'n interpreterende rol vervul op Facebook is die gedeelde belange van 'n groep.